# KKNK 30

absa



NETWERK 24
HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS
nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF
Checkers
beter en beter
kykNET
Wes-Kaapse Regering
VIR JOU
ATKV




OUDTSHOORN & DE RUST TOURISM

044-279 2532
enquiries@oudtshoorn.com
www.oudtshoorn.co.za





CANGO CAVES

044-272 7410 / 082 303 0029
reservations@cangocaves.co.za
BOOK ONLINE AT www.cango-caves.co.za (BOOKINGS ESSENTIAL)




Die KKNK is nou al vir 30 jaar 'n hoogtepunt op Suid-Afrika se kunstekalender – en hierdie fees is nog vol skop: 2026 is 'n viering van waar ons vandaan kom en waarheen ons op pad is. Van feesveterane tot vars stemme, dag-1-feesfans tot 'n nuwe generasie feesgangers. In 2026 gaan ons groter as ooit ... Maak jou feesgordel vas, stof jou partytjieskoene af en fees voluit by die 30ste KKNK!

# BEANS

## Café



## 30 redes om Beans Café in Kerkstraat te besoek...

1. Koffie
2. Kos
3. Kuns
4. Atmosfeer
5. ... herhaal tot 30!



**Kerkstraat 74, Oudtshoorn • Skuins oorkant Mr Price**

beans about coffee™
speciality coffee roasters

**Ma. tot Vr.:**
**06:30 - 17:00**
**Sa.:**
**07:00 - 14:00**

# FEES VOLUIT MET DIÉ INLIGTING


8 Boodskap van ons voorsitter
10 KKNK for non-Afrikaans speakers
12 Algemene inligting
14 Feesdienste
16 Borge
18 Boodskappe van ons borge
26 Alfabetiese program
31 Dagprogram
53 Karoo Kaarte-projekoorsig
57 Toneel
99 Dansteater
105 Blitsteater
110 RSG en ATKV-Kuierkol
113 Musiek
139 Feesmark
149 Kindervermaak
157 Visuele kuns
164 Feeskunstenaar
188 Kunskwartier
193 Gesprekke
194 Praat Saam met Netwerk24 en Die Burger
197 Die Onderhoud met Wicus Pretorius
200 Boekstories
220 Teatergesprekke
222 Storievertel
223 Klein Karoo-ervarings en Leefstyl
234 Personeel
238 Boodskap van ons uitvoerende hoof
242 Hans van der Veen: Spesiale Kanna vir diens aan die KKNK
247 Drie dekades van KKNK in foto's


**KAARTE:** 'n Uithaalkaart is binne-in die feesgids beskikbaar, asook by alle venues tydens die KKNK.

Program onderhewig aan verandering.

# Kuier op ons app

NETWERK24 BIED JOU NUUS SOOS DIT ONTVOU, INDIEPTE-ONDERSOEKE, STREEKNUUS, AANGRYPENDE WARE LEWENSDRAMAS, KUNS EN VERMAAK, SPORT- EN SAKENUUS, EN MEER – ALLES OP EEN PLEK!

LUISTERBOEKE

BLITSSEPIES

PODSENDINGS

E-TYDSKRIFTE

KOSVIDEO'S

SPELETJIES



Skandeer die QR-kode

NETWERK24

GET IT ON Google Play

Download on the App Store

EXPLORE IT ON AppGallery


wat steek in jou?
nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF
www.nati.org.za

# KKNK IS 30 EN TOONBEELD VAN 'DIE LIEFDE'

**Beste feesliefhebbers en breër gemeenskap**

Baie welkom by ons 30ste bestaansviering van die KKNK. Ná drie dekades gaan die KKNK nog steeds van krag tot krag. En dit alles te danke aan almal wat die fees jaarliks besoek, kunstenaars wat hul talent en kreatiwiteit kom ten toon stel, borge wat dit mildelik ondersteun en die breër gemeenskap van Oudtshoorn en die munisipaliteit se hartverwarmende ruimhartigheid en liefde.

'n Besondere woord van dank aan ons borge en donateurs waaronder Absa, die Het Jan Marais Nationale Fonds, Netwerk24, NATi, Checkers, die Wes-Kaapse regering, Oudtshoorn-munisipaliteit en die ATKV.

Grondleggers van die KKNK kan met reg trots wees op die verwesenliking van hul visie wat reeds in 1994 beslag gekry het. En wat sedert 1995 skeppend, volhoubaar, inklusief én nog steeds in Afrikaans bedryf word.

Terwyl die wêreld vasgevang is in geopolitieke magstryde en ons plaaslike gemeenskappe vele uitdagings op voetsoolvlak ervaar, is dit noodsaaklik dat die mensdom sy skeppende vermoëns moet benut om alles wat besig is om te gebeur weer in perspektief te plaas om balans te vind.

Die kunstenaar se skeppingsdrang en bemoeienis met die skilderkuns, beeldhoukuns, musiek, poësie, literatuur, dans, teater en ander genres, het oor die eeue heen die mensdom se denke geprikkel om sin te maak van die magsug, wanorde en ongeregtighede wat dikwels heers. En om met hernude energie, hoop en geloof van die wêreld 'n beter plek te maak. 'n Plek waar omgee, verdraagsaamheid en liefde die spilpunte is van die mensdom se denke en handelinge. Ook wat ons eie land aanbetref. In die gedig getitel "Die liefde" verwoord die digter Adam Small sy liefde vir sy land soos volg:

> ***Al sou hierdie land myne wees en al sy rykdom, maar die liefde***
> ***ontbreek my, dan is hierdie land myne net met sy armoede.***
>
> ***Al sou hierdie land myne wees en al sy godsdiens, maar die liefde ontbreek my,***
> ***dan is hierdie land myne sonder God.***
>
> ***Al sou ek hierdie land myne maak deur toewyding, maar die liefde ontbreek my,***
> ***dan is hierdie land myne deur my vergeefse dade.***
>
> ***Liefde is nie haat nie en haat word nie deur woorde liefde nie***
> ***want die liefde bedek alles, behalwe die liefde en die haat.***
>
> ***Toe ek 'n kind was het ek gehaat soos 'n kind, maar noudat ek 'n man is, het ek lief soos 'n kind. As daar nou swart en bruin en wit bly, dan is die grootste hiervan, vir my, die liefde.***
>
> "Die liefde" deur Adam Small (*Die eerste steen?* – HAUM Uitgewers, Kaapstad, 1961 – was Small se eerste gepubliseerde prosawerk en in Standaardafrikaans!)

Die dryfveer agter die KKNK se bestaan oor drie dekades is die somtotaal van dié liefde soos verwoord deur Adam Small.

Liefde vir die kunste, vir Afrikaans, die rol wat dit vervul om Suid-Afrikaners oor grense heen te verenig en vir ons land en al sy mense.

Daarom bied die feesaanbod vir 2026 'n wye verskeidenheid wat ons vir 'n wyle van die wêreld se sorge maak vergeet, maar wat ons ook met sielskos vul om positief en in liefde te leef.

Mag die tyd wat u almal saam met ons deurbring u met verwondering laat en u inspireer om nooit op te hou om die skeppende kunste en die KKNK te ondersteun nie. Sit agteroor en geniet. Spandeer tyd met die familie, maak nuwe vriende, kuier 'n hond uit 'n bos uit en skep wonderlike herinneringe.

**Christo van der Rheede**
Voorsitter, namens die
KKNK-direksie



FOTO: HANS VAN DER VEEN

**Van bo na onder:** Christo van der Rheede, Johan Allers, Mariné van Brakel, Denver Moses, Olga Wyngaard, Cristal Peterson, Charlene Lackay, Theresa Olivier en Hugo Theart.

# Navigating the 30th KKNK for NON-AFRIKAANS SPEAKERS

SCAN FOR ENGLISH WEBSITE

If Afrikaans was your second least favourite subject at school (only just behind maths, of course), paging through the KKNK programme and planning your visit to the Klein Karoo might feel a little intimidating at first glance. Fear not. Whether you speak fluent English, a bit of Afrikaans, or prefer to let art do the talking, the KKNK is designed to be experienced by everyone.

As a proudly Afrikaans festival, language sits at the heart of the KKNK – but it is by no means a barrier. The 30th edition offers a mix of English theatre, comedy, music, non-verbal performances, visual arts exhibitions, film, and interactive experiences that speak across languages.



POLICE COPS: THE ORIGINAL



SPRINGBOK NUDE GIRLS



THE FOOL'S GUIDE

## This quick toolkit will help you:

- Spot English and multilingual productions in the programme.
- Discover word-free performances where movement, music and imagery take centre stage.
- Navigate festival venues, exhibitions and outdoor activations with ease.
- Find your way around Oudtshoorn, from showtime to supper time.

Think of this toolkit as your festival compass for a full-on celebration of three decades of arts in the Klein Karoo. Trust your curiosity, and don't be afraid to wander – some of the best KKNK moments happen between the lines. Welcome to the 30th KKNK. No translation required.



KAFKA'S APE



CHARL DU PLESSIS TRIO



DESTINY TWICE OVER



VISUAL ARTS


ZIP ZAP CIRCUS: MOYA


OPERA BLOCKS: UNDER THE SEA

## Full-on English

- Comedy by Committie! (stand-up comedy)
- Emotional Black Male (stand-up comedy)
- Filled (drama)
- Kafka's Ape (drama)
- Kurt Schoonraad: Funny Side Up (stand-up comedy)
- Messy (comedy drama)
- Netphlix (satire)
- Play Things (variety)
- Please, Don't Call Me Moffie (drama)
- Police Cops: The Original (comedy)
- Raunchy Renditions (variety)
- Rescue Remedy (comedy drama)
- The Fool's Guide (drama)
- The Ugly Noo Noo (drama)
- A Victor Borge Tribute (cabaret)
- Various artists on the Feesmark music stages

## Non-verbal

- Zip Zap Circus: MOYA (circus)
- Wings of Light: Dance of an Angel (dance theatre)
- Kattekwaad en koekeloer (children's theatre)
- Trieng! (children's theatre)
- Visual Arts

## Multilingual

- Akrasia (tragicomedy)
- Destiny Twice Over. And the Fate of a Half-eaten Sandwich. (absurdist comedy)
- Die 'Real Housewife' (comedy)
- Pas (drama)
- Rondomtalie (comedy drama)
- Sade in Hollandse kombuise (drama)
- Spoel (drama)
- With/Draw (physical theatre)
- Albert Frost en James Grace: Twee wêrelde, twee kitare, een verhoog (contemporary and classical music)
- Amanda Strydom en Je-ani Swiegelaar: Tillie/Mathilda (musical theatre)
- Anna Davel en Ilse Klink in harmonie (contemporary music)
- Anna Davel en The Melisizwe Plaatjie Collective (jazz)
- Charl du Plessis Trio: 20 jaar (classical music)
- Die kronieke van Buks ((musical theatre)
- Die siel van Eugène Marais (musical theatre)
- Kaktus (contemporary music)
- Karoo Pops (contemporary music)
- Omwentelinge, 'n papierspel (literary music)
- Skandalig (late-night music)
- The Scullery Quintet: Stir-Fried Sonatas (classical music, contemporary music and jazz)
- Voluit Openingskonsert (contemporary music)
- The Reservation (dance theatre)
- Opera Blocks: Under the Sea (children's theatre)
- Skoenlapperhart / Serurubele (children's theatre)
- Various opportunities to experience and taste the Klein Karoo

# KKNK 30 REIS DEUR 30 JAAR SE KKNK-HERINNERINGE

Reis terug in tyd en blaai deur drie dekades van die KKNK, met 'n keur van fotohoogtepunte in die feesgids vanaf bladsy 247. Hierdie geskiedenis van die fees is vasgevang deur die lens van feesfotograaf Hans van der Veen, wat in 2026 die spesiale Kanna vir diens aan die KKNK ontvang. Geniet hierdie terugblik deur feesherinneringe. Jy kan ook jou gunstelingfoto's oor die afgelope 30 jaar met ons deel deur 'n e-pos te stuur na info@kunste.org.za of stuur 'n WhatsApp na 065 285 2337 en maak jou KKNK-oomblik deel van die storie.

## FEES VOLUIT MET JÓÚ FEESGIDS

Van die alfabetiese program met kerninligting en die dagprogramme heel voor in dié feesgids tot die volledige programbeskrywings, kaarte en meer gaan jou help om #Voluit by vanjaar se KKNK fees te vier. Die feesprogram is propvol en allerlei ander opwindende aktiwiteite en doendinge vind ook gedurende die fees plaas. Hou ons webwerf en sosiale media dop vir aanbevelings wanneer jy jou program beplan, sodat jy die meeste uit die fees kan put. Volg die fees op Facebook, Instagram of X en teken in op ons nuusbrief.

## TEATERETIKET

Skakel asseblief jou selfoon af voor alle vertonings. Neem ander feesgangers en kunstenaars in ag met jou gedrag en optrede tydens 'n vertoning. Geen laatkommers word by optredes in teaters toegelaat nie. Maak voorsiening vir minstens 30 minute vir aankoms, ontvangs en sitplekaanwysing.

Ander handige wenke in die teaters:

- Klap hard hande as jy hou van wat jy sien.
- Moenie met raserige papiertjies sukkel tydens die vertoning nie, maak jou suiglekker oop voor die vertoning begin.
- Maak seker jy sit op die regte sitplek, soos aangedui op jou kaartjie.
- Loop jou draai voor die vertoning begin, jy gaan nie enige aksie in die teater wil misloop nie.
- Tydsberekening is alles as dit by hoes en nies kom.
- Geen foto's of video's mag gedurende vertonings in die teaters geneem word nie.

## WEER

Die dae in die Klein Karoo is meestal warm, so 'n sonhoed, sonskerm en genoeg water om te drink is 'n goeie kuur teen die hitte. Sodra die son sak, word dit egter vinnig koud, so maak seker jy het warm klere of 'n kombers, veral vir vertonings in die buitelug. Onverwagse donderstorms is ook hoogs waarskynlik.

## EET- EN DRINKGOED

Jou eie eet- en drinkgoed word nie in venues en teaters toegelaat nie. Kry lekker feeskos by die Feesmark of in Baron van Reedestraat.

## FEESKANTOOR

Die KKNK-kantoor is by Die Neelsie in Jan van Riebeeckweg 217 op die Arbeidsgenotperseel. Loer gerus in of skakel ons met enige navrae by 044 203 8600 of stuur 'n WhatsAppboodskap na 065 285 2337 of 'n e-pos na info@kunste.org.za.

## PROGRAM

Hou ons webblad en sosialemediaplatforms dop vir nog inligting soos spesiale aanbiedinge, program-veranderings en uitverkopings.

## VERBLYF

As jy op soek is na formele slaapplek soos 'n hotel, gastehuis of selfsorgeenheid, kontak die Oudtshoorn en De Rust Toerismekantoor vir opsies en hulp by 044 279 2532 of stuur 'n e-pos na enquiries@oudtshoorn.com. Vir meer informeel soos 'n kampeerplek, kontak Daventia Kennedy by daventia@kunste.org.za, of vir opsies vir studente, kontak Amanda Duvenhage by amanda@dryland.co.za.

## GESELS SAAM

Deel jou feeservarings met ons: Of dit drama, komedie, kuns, musiek, leefstyl, 'n koue lafenis in die hand of jou inkopies by die Feesmark is, ons hoor graag van jou op sosiale media.

## TERUGBETALINGS

Geen terugbetalings op kaartjies word gedoen nie. Terugbetalings word slegs oorweeg met geldige redes, in ooreenstemming met die KKNK se beleid vir terugbetalings.

**KLASSIFIKASIE** • T = Taal/Language • G = Geweld/Violence • S = Seks/Sex • N = Naaktheid/Nudity • V = Vooroordeel/Prejudice • D = Diviniteit/Divinity • OB = Ouerbegeleiding/Parental Guidance

## KAARTJIEVERKOPE

Hoe vroeër, hoe beter! Kaartjies wat vooraf gekoop word, is goedkoper as kaartjies wat tydens die KKNK by die deure of hekke gekoop word. Bespreek jou Feesmark- en teaterkaartjies by Webtickets-punte of aanlyn by webtickets.co.za.

Tydens die fees is daar 'n kaartjiekantoor op die hoek van Baron van Reedestraat en Voortrekkerweg in die inligtingstent en by die KKNK-kantoor in Jan van Riebeeckweg 217, met kantoorure van 08:00 tot 18:00. Kaartjies vir die Feesmark is by die ingange beskikbaar. As kaartjies vir 'n teatervertoning nie uitverkoop is nie, is dit teen 'n effens hoër prys by die deur beskikbaar. Beplan dus vooruit, bespreek vroegtydig en bespaar. Besoek gerus ons webblad vir meer inligting.

**Jy hoef nie jou kaartjie(s) vooraf uit te druk nie. 'n Skermgreep *(screenshot)* op jou slimfoon is voldoende en kan gewys word by die deur, waar dit maklik en vinnig geskandeer word vir toegang.**

# FEESDIENSTE



## BELANGRIKE KONTAKINLIGTING

**Noodnommer:** 076 492 9560
**KKNK-kantoor:** 044 203 8600
**WhatsApp:** 065 285 2337
**E-pos:** info@kknk.co.za

## GESAMENTLIKE OPERASIONELE SENTRUM (GOS)

Die GOS is die sentrale punt vir alle logistieke inligting, onderhoudswerk en ontruiming, waar die SAPD, Oudtshoorn se munisipale dienste, rampbestuur, verkeer, munisipale wetstoepassers, die brandweer, feessekuriteit en 'n mediese beampte gebaseer is. Die GOS word tydens die fees 24 uur per dag beman en is geleë in die Koukuskamer-uitbreiding, tussen die Oudtshoorn-munisipaliteit en die Absa Burgersentrum, met toegang vanaf die Vredestraat-parkeerarea. Kontak die GOS by 076 492 9560 met enige vrae.

## INLIGTING

As jy feesnavrae het, besoek die inligtingspunt op die hoek van Baron van Reedestraat en Voortrekkerweg, waar ons gereed staan om jou te help. Jy kan ook kaartjies hier koop.

Of kom kuier vir ons by die KKNK-kantoor (Jan van Riebeeckweg 217), skakel 044 203 8600, stuur 'n WhatsApp na 065 285 2337 of 'n e-pos na info@kknk.co.za.

## MARKTE-KANTOOR

Alle stalletjienavrae kan daagliks van 09:00 tot 19:00 by die Marktekantoor op die Feesmark gedoen word.
Of kontak Daventia Kennedy by 071 182 6533 of stuur 'n e-pos na daventia@kunste.org.za.

## LUGHAWE-VERVOER

Ons bied 'n veilige en gerieflike vervoerdiens van die George-lughawe na die fees en terug. Voorafbesprekings is noodsaaklik. Vir meer inligting en om jou sitplek te bespreek, kontak ons by 078 105 8770 of stuur 'n e-pos na info@kknk.co.za.

## PARKERING

Maak gebruik van een van dié sentrale parkeerterreine, wat ook duidelik op die feeskaart aangedui is:
• Hoërskool Oudtshoorn se sportveld uit Voortrekkerweg • Die Oewer en Rolbalklub uit Kerkstraat • Die Checkers-terrein uit Voortrekkerweg en Hoogstraat • Die Pick n Pay-parkeerterrein uit Voortrekkerweg • Die Meent oorkant die Victoria Memorial Hall in Baron van Reedestraat

# NOODHULP EN NOODGEVALLE

Noodhulppunte is by die GOS en by die Feesmark ingerig.

**Vir noodhulpbystand of noodgevalle bel 076 492 9560.**

## NOODNOMMERS

| | |
|---|---|
| **Nooddienste vanaf enige selfoon:** | 112 |
| **Mediclinic Klein Karoo:** | 044 272 0111 (noodgevalle) |
| **Oudtshoorn-hospitaal:** | 044 203 7200 |
| **SAPD:** | 044 203 9000 |

## PENDELDIENS

Die pendeldiens is perfek vir moeë voete – vinnig en maklik van punt A na B. Los jou motor by 'n parkeerterrein en maak van dié gerieflike vervoer gebruik. Kaartjies is te koop by die Pendeldiens-basis op die hoek van Voortrekkerweg en Baron van Reedestraat, by die inligtingspunt waar Webtickets beskikbaar is, of by die bussies, wat gemerk is om hulle van ander ongeoorloofde diensverskaffers te onderskei. Die pendeldiens word op eie risiko gebruik. Skakel 078 105 8770.

## ROLSTOELE

Die meeste venues en terreine is maklik toeganklik vir rolstoele, maar indien jy enige hulp met toegang benodig, laat weet gerus die GOS vooraf by 076 492 9560.

## SEKURITEIT

Die KKNK en Alert Patrol, in samewerking met die plaaslike owerhede, het 'n span wat na jou veiligheid omsien.

## ELEKTRISITEIT

Die KKNK gebruik kragopwekkers by meeste lokale sodat vertonings selfs tydens kragonderbrekings kan voortgaan. Kragtoevoer by openbare areas en opelug-venues waarvoor die KKNK verantwoordelik is, word ook deur kragopwekkers ondersteun om sover moontlik te verseker dat die fees sonder enige onderbrekings voortgaan. Maak egter seker jy het die nodige hulpmiddels om goed te kan sien in areas waar daar nie voldoende lig mag wees nie. Pak vir jou 'n flits of lig in om enige verrassings te voorkom. Jy sal in kennis gestel word indien 'n vertoning gekanselleer, uitgestel of die tye verander word weens opgeskorte elektrisiteitstoevoer buite die beheer van die KKNK. Ons GOS-span is op bystand om enige beurtkraguitdagings so spoedig moontlik te takel.

## HOE BETAAL EK BY KKNK 2026

Alle betaalmetodes (kaart of kontant) is welkom by stalletjies en meeste ander feesaktiwiteite. Neem egter kennis dat slegs debiet- en kredietkaarte vir kaartjie-verkope by alle teaters of venues, Webtickets-kaartjieskantore en die Feesmark-ingange aanvaar word, om sodoende 'n veilige omgewing aan te moedig.
Die KKNK-winkel en van die kroeë aanvaar ook slegs kaarte.

## HOOFBORG

## STIGTERSBORG

## PREMIERDONATEUR

## DONATEURS

## SENIOR BORGE

## PRODUKBORGE EN -VENNOTE

## MEDIAVENNOTE

NETWERK24 · DIE BURGER · WEEKLIKS SON · Rapport

HUISgenoot · Kuier · Landbou weekblad · SARIE · via. · RSG 100-104 fm DIS DIE EEN

Oudtshoorn Courant · DIE HOORN · HERRIE · NGOM fm

YOUR VOICE IN PARADISE EDEN fm · sfm 90.1 / 104.1 FM · mfm 92.6 · litnet

novus media · NOVANEWS.co.za · rooi rose STYLVOL, SINVOL, PROPVOL · Die Papier

## PROJEKBORGE EN VENNOTE

KLEIN KAROO jou eie! · FISHERMAN'S FRIEND · Wes-Kaapse Regering VIR JOU · Wes-Kaapse Regering VIR JOU · Wes-Kaapse Regering VIR JOU Landbou

FESTIVAL ENTERPRISE CATALYST FEC

nati · THE JOBS FUND · concerts SA · SAMRO · The National Arts Festival

momentum aardklop · Tribuo · TOYOTA WOORDFEES · SUID OOSTER FEES · KKNK

EXCLUSIVE BOOKS · THE BAXTER · National Arts Council NAC an Agency of the Department of Sport, Arts & Culture · Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT · LAPA

vrystaat KUNSTEFEES ARTS FESTIVAL TSA-BOTJHABA · innibos LAEVELD NASIONALE KUNSTEFEES · FLANDERS LITERATURE

Tafelberg
Human & Rousseau
Queillerie
Kwela
Pharos
Best Books
Lux Verbi

ALERT PATROL · VITA GROUP · STATE THEATRE · JOHANN BRINK TRUST

# Elke storie dra by tot SA se narratief

Ons verwelkom jou met trots by die 30ste KKNK in Oudtshoorn. As hoofborg is dit vir ons by Absa 'n besondere voorreg om ons vennootskap met hierdie ikoniese kunstefees voort te sit en saam 'n nuwe hoofstuk in die merkwaardige erfenis daarvan te vier.

Ons ondersteun die KKNK reeds vir dekades, en ons verbintenis daartoe is gewortel in die bevordering van kuns en kultuur as dryfkrag vir groei, transformasie en gemeenskapsbou. Die fees is 'n viering van die unieke gees van die Klein Karoo – 'n plek waar stories vertel word, uiteenlopende stemme gehoor word en kreatiwiteit grense verskuif.

In 2026 bied die KKNK weer 'n uitsonderlike program wat gehore uitnooi om hulself te verdiep in 'n ryk verskeidenheid drama, komedie, musiek, visuele kuns en leefstyl-ervarings. Hier ontmoet kunstenaars en gehore mekaar, word nuwe idees gebore en blom kulturele uitdrukking.

Ons betrokkenheid bou voort op ons oortuiging dat jou storie tel. Hierdie eenvoudige maar kragtige uitgangspunt herinner ons dat elke stem waardevol is en dat elke ervaring bydra tot die groter narratief van wie ons as land is. Deur ons vennootskap met die KKNK bevestig ons ons verbintenis tot inklusiwiteit, kreatiewe uitnemendheid en die ondersteuning van platforms wat ekonomiese en kulturele geleenthede ontsluit.

Ons sien daarna uit om jou in Oudtshoorn te verwelkom sodat ons saam kan lag, kan leer, kan feesvier en nuwe herinneringe kan maak. Dankie vir jou rol in die voortgesette sukses van hierdie besondere fees. Mag 2026 se KKNK jou inspireer, verras en met ander verbind.

**Sydney Nhlanhla Mbhele**
Hoof van bemarking en korporatiewe aangeleenthede: Absa Groep

absa



# Ons sien daarna uit om vanjaar voluit fees te vier!

Hier op Oudtshoorn, by die moeder van die Afrikaanse feeste, is die afgelope dertig jaar vertolk aan Suid-Afrika se oppe en awwe, skuiwe in ons kultuur en identiteit, en verwikkelinge wat die samelewing, soms die hele wêreld, oornag of geleidelik verander het. En natuurlik, onderliggend aan alles, het die kunste ons die menslike natuur dieper help uitpluis en beleef.

Die KKNK staan al vir drie dekades sy plek vol as lanseerplatform vir Afrikaanse teater, 'n sleutelrede vir die fees se groot invloed. Dit het vir die Afrikaanse verhoogkuns 'n groot en sigbare tuiste gegee.

Met inisiatiewe soos die Teksmark ondersteun die fees deesdae die hele kreatiewe waardeketting – van idee tot produksie. Dis 'n plek vir musiek, visuele kunste en literatuur; ook 'n debatplatform en 'n ekonomiese enjin en werkskepper vir die gemeenskap.

Die KKNK weerspieël die veerkragtigheid van die Afrikaanse kunstegemeenskap wat hulle nie laat onderkry deur uitdagings nie – of dit nou 'n pandemie, stygende koste en minder geld, of politiek van allerhande aard is.

Dit is vir Netwerk24 'n groot eer om julle as borg en deur ons diskoersgesprekke, Netwerk24-feeskafee en ander aktiwiteite te ondersteun. Ons glo die fees sal bly innoveer en aanpas en vra wat die KKNK is en behoort te wees – en dat dit in die jare wat kom blywend sal weerklank vind in die programsamestelling, gemeenskapsprojekte en vennootskappe.

**Henriëtte Loubser**
Hoofredakteur: Netwerk24



NETWERK 24+

# Voluit verbonde en voluit op pad vorentoe

Dit is vir die Groter Oudtshoorn-munisipaliteit 'n groot voorreg om inwoners, besoekers en kunstenaars welkom te heet by die 30ste KKNK – 'n besonderse mylpaal in die geskiedenis van Suid-Afrika se mees geliefde kunstefees.

Die tema van die KKNK 2026, Fees voluit, is 'n kragtige weerspieëling van drie dekades se kreatiwiteit, durf en volgehoue groei. Dit spreek van 'n fees wat nie terughou nie, wat met energie en selfvertroue vorentoe beweeg, en wat alles gee aan kuns, musiek, teater en vermaak. Hierdie jubileumjaar vier nie net die pad wat gestap is nie, maar ook die oneindige moontlikhede wat voorlê.

Vir 30 jaar reeds vind die KKNK plaas hier op Oudtshoorn, in die hart van die Klein Karoo, 'n tuiste waar mense, stories en idees bymekaarkom. Wat die KKNK besonders maak, is nie net die gehalte van die program nie, maar ook die gees van samehorigheid wat dit skep. Die KKNK is 'n ware familiefees wat besoekers van oor Suid-Afrika heen lok en generasies vir 'n gedeelde ervaring van kultuur en kreatiwiteit saambring.

Die fees speel 'n belangrike rol in die plaaslike ekonomie en dra betekenisvol by tot toerisme, werkskepping en gemeenskapstrots. Ons is dankbaar vir elke kunstenaar, organiseerder, borg, vrywilliger en besoeker wat oor die jare bygedra het tot die volgehoue sukses en relevansie van die KKNK.

Mag hierdie 30ste viering ons inspireer om voluit te leef, voluit te skep en voluit saam te vier. Ons nooi jou uit om die fees voluit te beleef en om alles wat die KKNK 2026 bied ten volle te geniet.

Welkom by die KKNK 2026 – 'n fees wat voluit vier, voluit verbind en voluit vorentoe beweeg.

**Groter Oudtshoorn-munisipaliteit**

MALO • MORI • QUAM • FOEDARI
MUNISIPALITEIT OUDTSHOORN MUNICIPALITY

# ’n Geliefde viering van ons kulturele diversiteit

Dit is weer eens daardie tyd van die jaar wanneer een van die Wes-Kaap se mees gekoesterde sosiale geleenthede die kollig op ons provinsie se merkwaardige kulturele tapisserie skyn.

Oudtshoorn is al drie dekades lank die tuiste van die KKNK, en deur hierdie blywende vennootskap het ons kultuur wortel geskiet, gefloreer en gevestig geraak.

Die Klein Karoo Nasionale Kunstefees het ’n geliefde viering van ons kulturele diversiteit in al sy glans geword, waar eeue se geskiedenis, tradisies en gebruike saamgebring word in ’n lewendige jaarlikse tentoonstelling.

Tog is die KKNK veel meer as net ’n kulturele geleentheid. Dit is ook ’n kragtige ekonomiese dryfveer vir die Wes-Kaap, wat werk skep, geleenthede vir mense bied en waardigheid herstel en vier, terwyl dit ons trots maak op ons gedeelde kulturele erfenis.

Ek hoop dat almal wat dit bywoon ’n werklik onvergeetlike ervaring het, en aan almal wat onvermoeid werk om die KKNK elke jaar aan te bied, my allerbeste wense.

**Alan Winde**
Premier: Wes-Kaapse regering




Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS

Die **Het Jan Marais Nationale Fonds** wens julle hiermee baie geluk met julle 30ste bestaansjaar. Vir drie dekades lank staan die KKNK as 'n baken van uitnemendheid in die bevordering van Afrikaans en die uitvoerende, visuele en literêre kunste. Deur deurlopend 'n ruimte te skep vir gevestigde kunstenaars én nuwe stemme, het julle 'n platform gevestig waar kreatiwiteit nie alleen gevier word nie, maar ook ontwikkel en beskerm word. Die fees se bydrae strek veel verder as vermaak. Dit versterk kulturele identiteit, bevorder kritiese denke, skep ekonomiese geleenthede en bou brûe tussen gemeenskappe. In 'n tyd waarin taal en kultuur dikwels onder druk verkeer, bly die KKNK 'n bewys van wat moontlik is wanneer visie, toewyding en kunssinnige integriteit saamkom. Mag hierdie 30-jaar-mylpaal ook die begin wees van 'n nuwe era van groei, vernuwing en voortgesette impak – tot voordeel van Afrikaans, die kunste en die breër Suid-Afrikaanse samelewing. Met waardering en beste wense vir die volgende drie dekades en verder.

nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

Dertig jaar. Dertig jaar van stories, van lag en huil, van onthou en ontdek, van skok en verras, van vermaak, verdeel en verenig. Dertig jaar waarin die Klein Karoo elke herfs 'n tuiste word vir kunstenaars en gehore wat saamkom om die wonderwerk van lewende vermaak te vier. Die KKNK se 30ste verjaardag is nie net 'n mylpaal nie – dit is 'n getuienis van wat moontlik is wanneer 'n gemeenskap besluit om kuns te koester.

Toe die fees in 1995 sy deure oopgemaak het, kon niemand voorspel dat hierdie Klein Karoo-dorp die hartklop van Afrikaanse kuns en kultuur sou word nie. Drie dekades later staan die KKNK steeds as een van Suid-Afrika se mees geliefde en lewenskragtige kunstefeeste: 'n Plek waar generasies saamkom, waar nuwe stemme gehoor word, en waar die teater bly bewys dat dit sekerlik die kragtigste vorm van menslike verbinding is. **NATi** is geweldig trots om al vir soveel jare deel te wees van hierdie reis. Ons is trots op elke kunstenaar wat die moed het om op 'n verhoog te staan, elke tegniese medewerker wat agter die skerms werk, en elke gehoorlid wat kies om teenwoordig te wees. Saam skep ons iets groter as onsself.

Checkers
beter en beter

**Checkers** is trots om weer vanjaar deel te wees van die KKNK, wat oor die afgelope 30 jaar 'n blywende merk op Suid-Afrika se kuns-en-kultuurlandskap gelaat het. Deur die jare het die KKNK 'n veilige ruimte geskep waar mense van oral oor kan saamkom om hulself kreatief uit te leef. Netso bring die Checkers Kuierverhoog kunstenaars en gehore bymekaar, om die kospotte, vir lekker gesels oor hartskos en lewensreise. Ons wens die KKNK hartlik geluk met hierdie besondere mylpaal!

ATKV

Hartlik geluk, KKNK, met 30 jaar van kreatiwiteit, kuns, kultuur en die skepping van 'n florerende feeskultuur wat 'n voetspoor oor Suid-Afrika heen gelaat het. Die **ATKV** belê in mense, en dit is 'n reusevoorreg om saam met die KKNK 'n nalatenskap te skep wat die rykdom van ons taal, kultuur en kunste omhels. Die ATKV vier saam met die KKNK die krag, kultuur en kreatiwiteit van ons gemeenskappe. Mag elke feesganger vanjaar voluit fees! Kom maak gerus 'n draai by die RSG en ATKV-Kuierkol in Baron van Reedestraat, en by die ATKV-Boeke-oase – ons kan nie wag om jou te verwelkom nie!

kykNET

**kykNET** is trots om 'n jare lange vennoot van die KKNK te wees. Dit is 'n vennootskap wat die krag van stories altyd op die voorgrond plaas: Stories wat saak maak, oopvlek, mense laat voel en herkou. En laat ons nie vergeet nie – hierdie stories moet ook vermaak! Dit is wat elke jaar by die KKNK gebeur. Feesgangers kom jaar na jaar terug vir uitmuntende teater wat hul gees voed; dans en musiek wat hul voete laat jeuk; gesprekke wat hul perspektiewe verbreed ... en stalletjies waar kleintjies dikwels hul heel eerste kunservaring het. Die jaarlikse pelgrimstog na die Klein Karoo het so 'n instelling geword dat derduisendes hulle nie hul lewe daarsonder kan indink nie – en dan praat ons nog nie eers van die impak wat die fees op Oudtshoorn en omliggende dorpe het nie. Dankie, aan die KKNK wat vir drie dekades die hekke en deure vir alle hongeres en nuuskieriges oopswaai, net om hulle – ons – sielsvervuld huis toe te stuur. Dit is vir kykNET 'n voorreg om saam met julle stories en talent na vore te bring en aan 'n toekoms te skaaf waar die kunste sy plek in ons wêreld volstaan. Op nog drie dekades van die KKNK!

RSG 100-104 fm
DIS DIE EEN

**RSG** wens die KKNK in Oudtshoorn hartlik geluk met sy 30ste bestaansjaar in 2026. Oor drie dekades heen het die Klein Karoo Nasionale Kunstefees gegroei tot 'n onmisbare tuiste vir Afrikaanse kuns, kreatiwiteit en vrye denke. As 'n trotse stigtersvennoot en mediavennoot is RSG as nasionale Afrikaanse radiostasie bevoorreg om sedert die begin deel te wees van dié merkwaardige reis – met betrokkenheid oor 'n wye spektrum aanbiedings wat stem gee aan kunstenaars en wat gehore van oral oor lok. Mag die KKNK se volgende hoofstuk net so dapper, verrykend en inspirerend wees.




# #1 in Suid-Afrika!

Aanlyn kwotasie

dotsure.co.za
Online Insurance Name Your Price!

SA se #1 Troeteldierversekeraar 2023-2025. Gebaseer op The Star, Die Burger, Beeld, en City Press lesersstemme.
Bs & Vs geld. Dotsure Beperk (Registrasie nommer 2006/000723/06) is 'n gelisensieerde nie-lewens versekeraar en gemagtigde finansiële diensteverskaffer (FDV39925).

KKNK 30




Om jou fees nog meer feestelik te maak,
kom besoek Karoo Lusern Slaghuis!

# BRAAI IN AFRIKAANS

Kontaknommer: 044 272 0355 | 066 161 4739
Maandag tot Vrydag 08:00-17:00
Saterdae 08:00-13:00
Karoo Lusern Plaas, Roodeheuwel, Oudtshoorn 6620.

# ALFABETIESE PROGRAM



| TITEL | KUNSVORM | BLADSY |
|---|---|---|
| A Victor Borge Tribute | Musiekteater | 114 |
| Absa Kuierkamer | Kuier | 144 |
| Adam Small 90 | Toneel | 59 |
| Akrasia | Toneel | 59 |
| Albert Frost en James Grace: Twee wêrelde, twee kitare, een verhoog | Musiekteater | 114 |
| Alfred Adriaan: Positive Strokes in Afrikaans | Toneel | 62 |
| Amanda Strydom en Je-Ani Swiegelaar: Tillie / Mathilda | Musiekteater | 115 |
| Anna Davel en The Melisizwe Plaatjie Collective | Musiekteater | 116 |
| Anna Davel en Ilse Klink in harmonie | Musiekteater | 116 |
| Antie Wi'oekal | Toneel | 62 |
| As die mooi aan ons haak | Musiekteater | 115 |
| Atropa: Die wraak van vrede | Toneel | 60 |
| Beste van alle tye | Toneel | 63 |
| Blitsteater | Toneel | 105 |
| Boekstories | Gesprekke | 200 |
| Boesman en Lena | Toneel | 63 |
| Boklied | Toneel | 64 |
| Brousels en baksels | Klein Karoo-ervaring | 224 |
| Charl du Plessis Trio: 20 jaar | Musiekteater | 117 |
| Checkers Kuierverhoog | Musiek en kos | 146 |
| Comedy by Committie! | Toneel | 66 |
| CRYBABY | Toneel | 67 |
| Deep Heat | Toneel | 68 |
| Destiny Twice Over. And the Fate of a Half-eaten Sandwich. | Toneel | 66 |
| Die ander dogter | Toneel | 69 |
| Die gebed van 'n halfmens | Toneel | 70 |
| Die Karoo Kunslied | Musiekteater | 118 |
| Die kronieke van Buks | Musiekteater | 118 |
| Die lewe en die langpad | Musiekteater | 119 |
| Die Onderhoud met Wicus Pretorius | Diskoers | 197 |
| Die 'Real Housewife' | Toneel | 72 |
| Die siel van Eugène Marais | Musiekteater | 119 |
| Die Vyftigers | Musiekteater | 120 |
| Die Wynmeester: Kom proe saam | Leefstyl | 224 |

| TITEL | KUNSVORM | BLADSY |
|---|---|---|
| Doolhof | Toneel | 72 |
| Een keer om die son: Die klankbaan | Musiekteater | 120 |
| Effens anders | Toneel | 73 |
| Ek is nie Danie | Toneel | 73 |
| Emotional Black Male | Toneel | 74 |
| Feesmark | Fees voluit! | 139 |
| Feesmark-musiekverhoog | Musiek | 121 |
| Filled | Toneel | 74 |
| Francois van Coke: Hoe ek dit onthou | Musiekteater | 122 |
| Ganga Nyoko! Inzima Nyoko! | Toneel | 75 |
| GAT | Dansteater | 100 |
| Geagte kampeerders | Toneel | 75 |
| Gebou soos Steffi Graf | Toneel | 77 |
| ge-gebergtes | Toneel | 76 |
| Granaatsap | Toneel | 77 |
| Gryp elke grasHolm | Toneel | 78 |
| Hartsbriewe | Toneel | 78 |
| Historiese skattejag en skets | Klein Karoo-ervaring | 156 |
| Historiese wandeltoer | Klein Karoo-ervaring | 225 |
| Hoort | Musiekteater | 122 |
| Hortjies dig: Die storie van digter Peter Blum | Toneel | 79 |
| Hou die wêreld vas | Kinderteater | 152 |
| Internet Sensasie 2.0 | Toneel | 79 |
| Jak de Priester: 25 jaar van songs | Musiekteater | 123 |
| Jakob | Toneel | 150 |
| Jammer vir die podcast | Toneel | 80 |
| Kafka's Ape | Toneel | 83 |
| Kaktus | Kontemporêre musiek | 125 |
| Karoo Kaarte-paneelbesprekings | Gesprekke | 219 |
| Karoo Pops | Kontemporêre musiek | 127 |
| Kaskenades! | Kinderteater | 152 |
| Kattekwaad en Koekeloer | Kinderteater | 153 |
| Kenan ennie Klopse | Toneel | 80 |
| KLAWER | Musiekteater | 123 |
| Klein Karoo Agri Ekspo | Ekspo | 145 |
| Kompoun | Toneel | 82 |

| TITEL | KUNSVORM | BLADSY |
|---|---|---|
| Kry vir jou 'n tux, Thomas | Toneel | 82 |
| Kunskwartier | Visuele kuns | 188 |
| Kurt Schoonraad: Funny Side Up | Toneel | 84 |
| kykNET: 'Die oord'-voorskou | Vermaak | 98 |
| LAPA Lekkerleesminuut | Voorlees | 156 |
| Lemoene, Lemoene, Lemoene, Lemoene, Lemoene | Toneel | 85 |
| Liewe Heksie word 'gescam' | Kinderteater | 150 |
| Lize Beekman: Tussen hier en daar | Musiekteater | 124 |
| Loki en Margot Live | Musiekteater | 124 |
| Luna Paige: Die reisigers | Musiekteater | 126 |
| Magda Louw en haar Erhard: How Louw can you go? | Toneel | 84 |
| Markus (en die brandblusser op die derde verdieping) | Toneel | 86 |
| Mathys Roets: Songs of Leonard Cohen | Musiekteater | 126 |
| Messy | Toneel | 86 |
| Miniatuur-herinneringe: 'n Borsspeld-werksessie | Klein Karoo-ervaring | 225 |
| MOORDBALLADES | Musiekteater | 128 |
| Netphlix | Toneel | 87 |
| Netwerk24 en Die Burger Praat Saam | Diskoers | 194 |
| Oepsie | Toneel | 87 |
| Olifant-en-ontbyt-ervaring | Klein Karoo-ervaring | 226 |
| Olyf tot olyfolie | Klein Karoo-ervaring | 226 |
| Ommitafel | Musiekteater | 128 |
| Omwentelinge, 'n papierspel | Musiekteater | 129 |
| Opera Blocks: Under the Sea | Kinderteater | 153 |
| Ouma en die ou koeie | Toneel | 88 |
| Pas | Toneel | 88 |
| Play Things | Toneel | 89 |
| Please, Don't Call Me Moffie | Toneel | 89 |
| PLEKTRUM | Musiekteater | 129 |
| Police Cops: The Original | Toneel | 90 |
| Potloodsakkie: Agter die zip | Kinderteater | 154 |
| Raunchy Renditions | Toneel | 90 |
| Rescue Remedy | Toneel | 91 |
| Reünie | Toneel | 91 |
| Rondomtalie / Marry-go-round | Toneel | 92 |
| RSG en ATKV-Kuierkol | Kuier voluit | 110 |

| TITEL | KUNSVORM | BLADSY |
|---|---|---|
| Sade in Hollandse kombuise | Toneel | 92 |
| Seun | Toneel | 93 |
| Skandalig | Laatnag kuier | 130 |
| Skoenlapperhart / Serurubele | Kinderteater | 154 |
| SOOIBRAND | Musiekteater | 131 |
| Soos 'n lafenis | Musiekteater | 130 |
| Spoel | Toneel | 94 |
| Sterrekyk in die Klein Karoo | Klein Karoo-ervaring | 227 |
| Stille vuur | Musiekteater | 132 |
| Storievertel | Gesprekke | 222 |
| Suikerkoekie-versierklasse | Klein Karoo-ervaring | 227 |
| Teatergesprekke | Gesprekke | 220 |
| Te Heerlik: Tee-en-smaak-ervaring | Klein Karoo-ervaring | 228 |
| The Fool's Guide | Toneel | 95 |
| The Reservation | Dansteater | 101 |
| The Scullery Quintet: Stir-Fried Sonatas | Musiekteater | 133 |
| The Ugly Noo Noo | Toneel | 95 |
| Trieng! | Kinderteater | 155 |
| Twee oseane | Musiekteater | 134 |
| Verwelkingslied | Toneel | 64 |
| Vier die storie | Gesprekke | 199 |
| Visuele kuns: Gesprekke en rondleidings | Visuele kuns | 187 |
| Visuele kunsuitstallings | Visuele kuns | 157 |
| Voluit Openingskonsert | Vermaak | 135 |
| Vonkprop | Toneel | 58 |
| Vrou ens. 1.2 | Toneel | 96 |
| Vrou, vrouer, vrouste | Musiekteater | 136 |
| Wat om te doen as die wêreld brand | Musiekteater | 136 |
| Wildehondekloof: Fynbos-fynproe | Klein Karoo-ervaring | 228 |
| Willie Strauss: Tong in die quiche | Musiekteater | 137 |
| Wings of Light: Dance of an Angel | Dansteater | 102 |
| With/Draw | Toneel | 96 |
| Woordenaar | Musiekteater | 137 |
| Zip Zap Circus: MOYA | Toneel | 97 |
| Zonkie en die laaste boomhuis | Kinderteater | 155 |























SENTIENTCREATIVE

conscious. collaborative. creative

Trotse agentskap van die KKNK

sentientcreative.co.za

# DAG-PROGRAM



| TYD | TITEL | KUNSVORM | TYDSDUUR | VENUE | VOORAF | DEURPRYS |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **SATERDAG 28 MAART 2026** | | | | | | |
| 7:30 | Olifant-en-ontbyt-ervaring | Klein Karoo-ervaring | 120 min. | Buffelsdrift Game Lodge | R500 | |
| 8:00 | Historiese wandeltoer | Klein Karoo-ervaring | 120 min. | Vertrek vanaf Le Roux Dorpshuis | R150 | |
| 8:30 | Vir wie moet Oudtshoorn in 2026 stem? | Diskoersgesprek | 90 min. | Netwerk24-feeskafee | Gratis | |
| 9:00 | Granaatsap | Toneel | 60 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |
| 9:00 | Kiekies | Visuele kuns | Tot 18:00 | Karoo Kaarte-galery | Gratis | |
| 9:30 | Spoel | Toneel | 90 min. | Laerskool Wesbank-teater | R160 | R175 |
| 10:00 | RSG en ATKV-Kuierkol begin | Vermaak | Tot laat | RSG en ATKV-Kuierkol | Gratis | |
| 10:00 | Miniatuur-herinneringe: ’n Borsspeld-werksessie | Klein Karoo-ervaring | 120 min. | Ebony & Ivory | R250 | |
| 10:00 | Jak de Priester: 25 jaar van songs | Musiekteater | 90 min. | Absa Studio | R240 | R260 |
| 10:00 | Willie Strauss: Tong in die quiche | Musiekteater | 60 min. | Die Windpomp | R150 | R165 |
| 10:00 | Rondomtalie / Marry-go-round | Toneel | 70 min. | Van Reede-skoolsaal | R190 | R200 |
| 10:00 | Feesmark open | Vermaak en inkopies | Tot 18:00 | Feesterrein | | R175 |
| 10:00 | Opening van visuele kuns | Visuele kuns | 120 min. | Prince Vintcent-gebou | Gratis | |
| 10:30 | Klein konings | Boekgesprek | 45 min. | ATKV-Boeke-oase | Gratis | |
| 10:30 | Hou die wêreld vas | Kinderteater | 45 min. | Klein KKNK-teater | Feesmark-kaartjie | |
| 10:30 | Bacchus Nel en en sy bra’s | Musiek | 60 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 11:00 | Brousels en baksels | Klein Karoo-ervaring | 45 min. | Grundheim | R120 | |
| 11:00 | Olyf tot olyfolie | Klein Karoo-ervaring | 60 min. | De Rustica Olive Estate | R150 | |
| 11:00 | Wildehondekloof: Fynbos-fynproe | Klein Karoo-ervaring | 180 min. | Wildehondekloof Private Game Reserve | R495 | |
| 11:00 | Beste van alle tye | Toneel | 60 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |
| 11:00 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 11:00 | Boklied | Toneel | 220 min. | Johnny Bisschoff-saal | R200 | R220 |
| 11:00 | Die ‘Real Housewife’ | Toneel | 60 min. | kykNET Hoërskool Oudtshoornsaal | R195 | R215 |
| 11:00 | Lemoene, Lemoene, Lemoene, Lemoene, Lemoene | Toneel | 80 min. | Gimsaal | R185 | R205 |
| 11:00 | Zip Zap Circus: MOYA | Toneel | 60 min. | Absa Burgersentrum | R185 | R205 |
| 11:30 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 11:30 | LAPA Lekkerleesminuut | Voorlees | 15 min. | Klein KKNK-teater | Feesmark-kaartjie | |
| 11:45 | Aan tafel met Checkers | Gesprek | 40 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 12:00 | Van ’n afstand af | Boekgesprek | 45 min. | ATKV-Boeke-oase | Gratis | |
| 12:00 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 12:00 | Kunsuitstallings open | Visuele kuns | Tot 18:00 | Prince Vintcent-gebou | Gratis | |

| TYD | TITEL | KUNSVORM | TYDS-DUUR | VENUE | VOOR-AF | DEUR-PRYS |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 12:30 | Te Heerlik: Tee-en-smaak-ervaring | Klein Karoo-ervaring | 60 min. | Te Heerlik Tasting Room and Store | R120 | |
| 12:30 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 13:00 | Kaskenades! | Kinderteater | 45 min. | Klein KKNK-teater | Feesmark-kaartjie | |
| 13:00 | Posduif | Musiek | 60 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 13:00 | A Victor Borge Tribute | Musiekteater | 65 min. | Absa Studio | R180 | R200 |
| 13:00 | Filled | Toneel | 50 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |
| 13:30 | Soos 'n lafenis | Musiekteater | 90 min. | Die Windpomp | R160 | R175 |
| 13:30 | Jakob | Toneel | 55 min. | Laerskool Wesbank-teater | R100 | R110 |
| 14:00 | Olyf tot olyfolie | Klein Karoo-ervaring | 60 min. | De Rustica Olive Estate | R150 | |
| 14:00 | Boesman en Lena | Toneel | 70 min. | Van Reede-skoolsaal | R150 | R165 |
| 14:15 | Aan tafel met Checkers | Gesprek | 40 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 14:30 | Vredemaker | Boekgesprek | 45 min. | ATKV-Boeke-oase | Gratis | |
| 14:30 | Die lewe en die langpad | Musiekteater | 90 min. | Absa Burgersentrum | R220 | R240 |
| 14:30 | Internet Sensasie 2.0 | Toneel | 80 min. | kykNET Hoërskool Oudtshoornsaal | R160 | R175 |
| 15:00 | Brousels en baksels | Klein Karoo-ervaring | 45 min. | Grundheim | R120 | |
| 15:00 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 15:30 | Skoenlapperhart / Serurubele | Kinderteater | 45 min. | Klein KKNK-teater | Feesmark-kaartjie | |
| 15:30 | Martin Bester | Musiek | 60 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 15:30 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 16:00 | Eerlike digkuns | Boekgesprek | 60 min. | ATKV-Boeke-oase | Gratis | |
| 16:00 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 16:00 | Jammer vir die podcast | Toneel | 60 min. | Netwerk24-feeskafee | R160 | R175 |
| 16:00 | Die spoor van 'n storie | Storievertel | 60 min. | kykNET-leefarea | Gratis | |
| 16:30 | MOORDBALLADES | Musiekteater | 75 min. | Die Windpomp | R150 | R165 |
| 16:30 | Woordenaar | Musiekteater | 60 min. | Absa Studio | R120 | R135 |
| 16:30 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 17:00 | Bernice West | Musiek | 60 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 17:30 | Pas | Toneel | 60 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |
| 18:00 | Hortjies dig: Die storie van digter Peter Blum | Toneel | 75 min. | Gimsaal | R180 | R200 |
| 18:00 | Oepsie | Toneel | 60 min. | Netwerk24-feeskafee | R160 | R175 |
| 18:00 | The Ugly Noo Noo | Toneel | 60 min. | Van Reede-skoolsaal | R160 | R175 |
| 18:30 | Brendan Peyper | Musiek | 60 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 18:30 | Ouma en die ou koeie | Toneel | 75 min. | kykNET Hoërskool Oudtshoornsaal | R200 | R220 |
| 19:30 | Die siel van Eugène Marais | Musiekteater | 65 min. | Laerskool Wesbank-teater | R150 | R165 |
| 20:00 | Sterrekyk in die Klein Karoo | Klein Karoo-ervaring | 90 min. | Surval Boutique Olive Estate | R400 | |
| 20:00 | Effens anders | Toneel | 65 min. | Netwerk24-feeskafee | R160 | R175 |
| 20:00 | Ganga Nyoko! Inzima Nyoko! | Toneel | 90 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |

| TYD | TITEL | KUNSVORM | TYDSDUUR | VENUE | VOORAF | DEURPRYS |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 20:00 | Voluit Openingskonsert | **Vermaak** | 120 min. | Feesmark-verhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 22:00 | Skandalig | **Kuier** | 180 min. | Netwerk24-feeskafee | Gratis | |
| 22:00 | Vrydenk Effek | **Musiek** | 60 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 22:00 | Messy | **Toneel** | 60 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |
| **SONDAG 29 MAART 2026** | | | | | | |
| 7:30 | Olifant-en-ontbyt-ervaring | **Klein Karoo-ervaring** | 120 min. | Buffelsdrift Game Lodge | R500 | |
| 8:00 | Historiese wandeltoer | **Klein Karoo-ervaring** | 120 min. | Vertrek vanaf Le Roux Dorpshuis | R150 | |
| 8:30 | Munisipale dienslewering – of eerder diensontbering? | **Diskoersgesprek** | 60 min. | Netwerk24-feeskafee | Gratis | |
| 9:00 | Messy | **Toneel** | 60 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |
| 9:00 | Kiekies | **Visuele kuns** | Tot 18:00 | Karoo Kaarte-galery | Gratis | |
| 9:00 | Kunsuitstallings open | **Visuele kuns** | Tot 18:00 | Prince Vintcent-gebou | Gratis | |
| 9:30 | Hortjies dig: Die storie van digter Peter Blum | **Toneel** | 75 min. | Gimsaal | R180 | R200 |
| 9:30 | Magda Louw en haar Erhard: How Louw can you go? | **Toneel** | 70 min. | kykNET Hoërskool Oudtshoornsaal | R200 | R220 |
| 9:30 | Please, Don't Call Me Moffie | **Toneel** | 50 min. | Laerskool Wesbank-teater | R145 | R160 |
| 10:00 | RSG en ATKV-Kuierkol begin | **Vermaak** | Tot laat | RSG en ATKV-Kuierkol | Gratis | |
| 10:00 | Moederboeke en sustertale | **Gesprek** | 60 min. | Netwerk24-feeskafee | Gratis | |
| 10:00 | A Victor Borge Tribute | **Musiekteater** | 65 min. | Absa Studio | R180 | R200 |
| 10:00 | MOORDBALLADES | **Musiekteater** | 75 min. | Die Windpomp | R150 | R165 |
| 10:00 | The Fool's Guide | **Toneel** | 60 min. | Van Reede-skoolsaal | R160 | R175 |
| 10:00 | Feesmark open | **Vermaak en inkopies** | Tot 18:00 | Feesterrein | | R175 |
| 10:30 | The Shadow State | **Boekgesprek** | 45 min. | ATKV-Boeke-oase | Gratis | |
| 10:30 | Zonkie en die laaste boomhuis | **Kinderteater** | 35 min. | Klein KKNK-teater | Feesmark-kaartjie | |
| 10:30 | Kruger & Tutu | **Musiek** | 60 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 11:00 | Olyf tot olyfolie | **Klein Karoo-ervaring** | 60 min. | De Rustica Olive Estate | R150 | |
| 11:00 | Wildehondekloof: Fynbos-fynproe | **Klein Karoo-ervaring** | 180 min. | Wildehondekloof Private Game Reserve | R495 | |
| 11:00 | Blitsteater | **Toneel** | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 11:00 | Pas | **Toneel** | 60 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |
| 11:00 | Zip Zap Circus: MOYA | **Toneel** | 60 min. | Absa Burgersentrum | R185 | R205 |
| 11:00 | Visuelekuns-rondleiding | **Visuele kuns** | 60 min. | Prince Vintcent-gebou | Gratis | |
| 11:30 | Blitsteater | **Toneel** | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 11:30 | LAPA Lekkerleesminuut | **Voorlees** | 15 min. | Klein KKNK-teater | Feesmark-kaartjie | |
| 11:45 | Aan tafel met Checkers | **Gesprek** | 40 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 12:00 | Vere langs die pad | **Boekgesprek** | 45 min. | ATKV-Boeke-oase | Gratis | |
| 12:00 | Atropa: Die wraak van vrede | **Toneel** | 120 min. | Johnny Bisschoff-saal | R200 | R220 |
| 12:00 | Blitsteater | **Toneel** | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |

| TYD | TITEL | KUNSVORM | TYDS-DUUR | VENUE | VOOR-AF | DEUR-PRYS |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 12:30 | Te Heerlik: Tee-en-smaak-ervaring | Klein Karoo-ervaring | 60 min. | Te Heerlik Tasting Room and Store | R120 | |
| 12:30 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 11:00 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 11:00 | With/Draw | Toneel | 40 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |
| 11:00 | Visuelekuns-rondleiding | Visuele kuns | 60 min. | Prince Vintcent-gebou | Gratis | |
| 11:30 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 11:30 | LAPA Lekkerleesminuut | Voorlees | 15 min. | Klein KKNK-teater | Feesmark-kaartjie | |
| 11:45 | Aan tafel met Checkers | Gesprek | 40 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 12:00 | Voor dit te laat is | Boekgesprek | 45 min. | ATKV-Boeke-oase | Gratis | |
| 12:00 | Die Onderhoud met Wicus Pretorius | Gesprek | 60 min. | Netwerk24-feeskafee | Gratis | |
| 12:00 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 12:30 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 12:30 | Kiekies: Rondleiding | Visuele kuns | 60 min. | Karoo Kaarte-galery | Gratis | |
| 12:30 | Stories onnerie DAK | Storievertel | 60 min. | kykNET-leefarea | Gratis | |
| 13:00 | Potloodsakkie: Agter die zip | Kinderteater | 25 min. | Klein KKNK-teater | Feesmark-kaartjie | |
| 13:00 | Dodo Nyoka | Musiek | 60 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 13:00 | Omwentelinge, ’n papierspel | Musiekteater | 60 min. | Absa Studio | R195 | R215 |
| 13:00 | Kenan ennie Klopse | Toneel | 50 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |
| 13:00 | Lemoene, Lemoene, Lemoene, Lemoene, Lemoene | Toneel | 80 min. | Gimsaal | R185 | R205 |
| 13:00 | Ouma en die ou koeie | Toneel | 75 min. | kykNET Hoërskool Oudtshoornsaal | R200 | R220 |
| 13:30 | Kompoun | Toneel | 70 min. | Laerskool Wesbank-teater | R150 | R165 |
| 14:00 | Olyf tot olyfolie | Klein Karoo-ervaring | 60 min. | De Rustica Olive Estate | R150 | |
| 14:15 | Aan tafel met Checkers | Gesprek | 40 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 14:30 | Wanneer die krieke stil word | Boekgesprek | 45 min. | ATKV-Boeke-oase | Gratis | |
| 14:30 | Miniatuur-herinneringe: ’n Borsspeld-werksessie | Klein Karoo-ervaring | 120 min. | Ebony & Ivory | R250 | |
| 14:30 | Loki en Margot Live | Musiekteater | 70 min. | Absa Burgersentrum | R170 | R185 |
| 14:30 | CRYBABY | Toneel | 80 min. | Johnny Bisschoff-saal | R200 | R220 |
| 14:30 | Gebou soos Steffi Graf | Toneel | 70 min. | Van Reede-skoolsaal | R190 | R210 |
| 15:00 | Brousels en baksels | Klein Karoo-ervaring | 45 min. | Grundheim | R120 | |
| 15:00 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 15:00 | Die ander dogter | Toneel | 70 min. | SANW-ouditorium | R205 | R230 |
| 15:30 | Zonkie en die laaste boomhuis | Kinderteater | 35 min. | Klein KKNK-teater | Feesmark-kaartjie | |
| 15:30 | Chris Steyn | Musiek | 60 min. | Checkers Kuierverhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 15:30 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 15:30 | Netphlix | Toneel | 60 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |
| 16:00 | Historiese almanak | Boekgesprek | 45 min. | ATKV-Boeke-oase | Gratis | |

| TYD | TITEL | KUNSVORM | TYDS-DUUR | VENUE | VOOR-AF | DEUR-PRYS |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 16:00 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 16:00 | Emotional Black Male | Toneel | 60 min. | Netwerk24-feeskafee | R100 | R110 |
| 16:00 | Feesgangers deel hul KKNK-stories en ervarings | Teater-gesprek | 60 min. | kykNET-leefarea | Gratis | |
| 16:30 | Wat om te doen as die wêreld brand | Musiekteater | 70 min. | Absa Studio | R230 | R255 |
| 16:30 | Blitsteater | Toneel | 20 min. | Feesmark | Feesmark-kaartjie | |
| 16:30 | Doolhof | Toneel | 70 min. | Laerskool Wesbank-teater | R150 | R165 |
| 16:30 | Gryp elke grasHolm | Toneel | 75 min. | kykNET Hoërskool Oudtshoornsaal | R210 | R230 |
| 17:00 | Kurt Darren | Musiek | 60 min. | Feesmark-verhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 17:00 | Deep Heat | Toneel | 65 min. | Iewers (Ovaalbaan) | R160 | R170 |
| 17:30 | Destiny Twice Over. And the Fate of a Half-eaten Sandwich. | Toneel | 60 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |
| 17:30 | Verwelkingslied | Toneel | 70 min. | Gimsaal | R200 | R220 |
| 18:00 | Stille vuur | Musiekteater | 70 min. | Absa Burgersentrum | R225 | R250 |
| 18:00 | CRYBABY | Toneel | 80 min. | Johnny Bisschoff-saal | R200 | R220 |
| 18:00 | Vrou ens. 1.2 | Toneel | 75 min. | Netwerk24-feeskafee | R160 | R175 |
| 18:15 | Elandré | Musiek | 60 min. | Feesmark-verhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 18:30 | Die gebed van 'n halfmens | Toneel | 70 min. | Ashoop (Victoriastraat) | R200 | R220 |
| 18:30 | The Ugly Noo Noo | Toneel | 60 min. | Van Reede-skoolsaal | R160 | R175 |
| 19:30 | Appel | Musiek | 60 min. | Feesmark-verhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 19:30 | Alfred Adriaan: Positive Strokes in Afrikaans | Toneel | 65 min. | kykNET Hoërskool Oudtshoornsaal | R200 | R220 |
| 19:30 | Spoel | Toneel | 90 min. | Laerskool Wesbank-teater | R160 | R175 |
| 20:00 | Sterrekyk in die Klein Karoo | Klein Karoo-ervaring | 90 min. | Surval Boutique Olive Estate | R400 | |
| 20:00 | Hoort | Musiekteater | 80 min. | Absa Studio | R200 | R220 |
| 20:00 | Messy | Toneel | 60 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |
| 20:00 | Oepsie | Toneel | 60 min. | Netwerk24-feeskafee | R160 | R175 |
| 20:45 | Demi Lee Moore | Musiek | 60 min. | Feesmark-verhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 22:00 | Skandalig | Kuier | 180 min. | Netwerk24-feeskafee | Gratis | |
| 22:00 | Early B (afsluit van die fees) | Musiek | 60 min. | Feesmark-verhoog | Feesmark-kaartjie | |
| 22:00 | Play Things | Toneel | 60 min. | ATKV-Griesselsaal | R100 | R110 |





DRIE DEKADES VAN
VENNOOTSKAP, VERSKEIDENHEID EN VERBYSTERING.

*Veels geluk, KKNK – ons fees voluit saam!*

ATKV

# KAROO KAARTE





# KAROO KAARTE

## Karoo Kaarte vier vyf jaar van Oudtshoorn-stories

Oudtshoorn se wêreld het die afgelope vyf jaar groter geword met stories wat deur die *Karoo Kaarte*-span gekarteer is.

Dié bekroonde multidissiplinêre projek van die KKNK verryk die landskap met die optekening van stories wat 'n wyer blik van 'n kontrei se geskiedenis bied. Die projek het uit die staanspoor op teater, storievertelling en visuele kuns gefokus.

Die projekleiers, visuele kunstenaar Vaughn Sadie en teatermaker Neil Coppen, het in 2021 in opdrag van die KKNK afgeskop met die eerste gemeenskapsprojek – gemik op die lang termyn, met deurlopende betrokkenheid buite die feestydperk om stories van die mondelinge geskiedenis en eietydse belewenisse nie net te verpak vir 'n feesgehoor nie, maar om dit ook te argiveer.

Dit is vyf jaar later en die syfers en talle pryse getuig van die sukses van die projek. Uit al die onderhoude is sowat 180 mondelinge geskiedenisse vanuit die gemeenskap opgeteken. Altesaam 274 werksgeleenthede is geskep, wat die kernspan van 16 wat deur die jaar betrokke is, en verskeie diensverskaffers, akteurs en kunstenaars insluit. En gehore het tou gestaan om produksies te sien, met bykans 7 000 kaartjies wat oor die jare heen verkoop is.

Teaterproduksies sluit in *Op hierie dag* (2022), *Droomkraan Kronieke* (2023), wat in dieselfde jaar met die kykNET Fiësta-prys vir beste teaterproduksie én met die Woordtrofee vir beste ensemble by die Toyota Stellenbosch Woordfees bekroon is, *Die Swartmerrie* (2024 en 2025) en *Kroon en konfetti* (2025).



Kunsuitstallings sluit in *Prestik and Paper*, *Sinmaak*, *Spilpunt*, *Qokolela* (versamel), *Argief* en *Kiki*, sowel as die zines *Elemente*, *Loop speel* en *Karoo Kewpie*. 'n Kinderboek, *Spekskiet en tandetel*, en die grafiese romans *Domino Gents* en *Queen* is ook *Karoo Kaarte*-inisiatiewe.

In 2023 het die KKNK 'n spesiale toekenning van die Wes-Kaapse regering se departement van kultuursake en sport ontvang vir mees innoverende gemeenskapskunstefees vir sy *Karoo Kaarte*-projek, en het ook die BASA IDC Community Development-prys gekry. In 2022 en 2023 is die KKNK Herrie-prys vir innovasie of grensverskuiwende werk aan die *Karoo Kaarte*-span toegeken.

*Karoo Kaarte* is benoem vir vier Pendorings (2023) en drie teaterproduksies van die projek, *Die Swartmerrie* (2024), *Droomkraan Kronieke* (2023) en *Op hierie dag* (2022), is vir meer as 10 KKNK Kannas en vyf kykNET Fiëstas benoem.

**"*Karoo Kaarte* wentel om Oudtshoorn-stories. Sodoende word 'n lewende argief saamgestel deur almal wat wil deelneem aan dié opwindende projek, wat reeds baie gedoen het om die KKNK een van die mees inklusiewe feeste in die land te maak. Die sukses van *Karoo Kaarte* lê daarin dat dit bestuur word deur mense wie se harte en arms oopstaan om almal van die gemeenskap wat wil deelneem te betrek."** – Diane de Beer, gerekende resensent







Die projek is nie net bloot ’n geleentheidsinisiatief vir werkskepping en vaardigheidsontwikkeling nie, maar ’n nalatenskap wat die streek se ryk en komplekse geskiedenis ontleed. Dit is ’n deurlopende proses wat deur die kunste hieraan uitdrukking gee, met die uiteindelike doel om by te dra tot ’n begrip vir ander se belewenisse en om sodoende samehorigheid te kweek.

**Vanjaar bring nuwe stories, enkele van dié wat oraloor te vinde is en net wag vir ’n platform om daaraan uiting te gee.**

Skandeer vir ***Karoo Kaarte*** **by KKNK 2026 én ’n video van dié projek**





Karoo Kaarte *is ’n KKNK-projek, ondersteun deur die Jannie Mouton-stigting, Het Jan Marais Nationale Fonds en die Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport.*







FOTO: NIGEL GOLIATH

# TONEEL






## VONKPROP

SAAMGESTEL DEUR **Spark in the Dark Productions**

Van die varsste stemme in Suid-Afrika se vermaaklikheidsbedryf!

**Vonkprop** is die hartklop van kraakvars teater by die KKNK. ’n Rimpelfees-venue toegewy aan van Suid-Afrika se opwindendste opkomende talent – alles op een plek, bruisend met energie. Die program is saamgestel deur Spark in the Dark, ’n kollektief van jong teatermakers van uiteenlopende dissiplines. Vonkprop is waar uitdagende idees, nuwe stemme en vreeslose optredes op een verhoog byeenkom. ’n Platform wat geleenthede vir jong kunstenaars bied en wat beloof om talle verrassings op te lewer. Vonkprop is die plek om te wees as jy een van die eerstes wil wees om te sien wat die toekoms vir Suid-Afrikaanse teater inhou. Kom vroeg en kry jou dosis inspirasie.

Wees op die uitkyk vir die Vonkprop-ikoon by dié produksies: *Filled*, *Ganga Nyoko! Inzima Nyoko!*, *Markus (en die brandblusser op die derde verdieping)*, *Messy*, *Netphlix*, *Play Things*, *Raunchy Renditions*, *Rescue Remedy*, *Sade in Hollandse kombuise* en *With/Draw*.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

**ATKV-GRIESSELSAAL**

**28 MAART TOT 4 APRIL**



Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

# Adam Small 90

**DRAMA**

MET **Amelie Bestbier, Jayden Pekeur, Bronwynne Neer, Emma Nelson, Jeswaan Boneparte, Giovanni Cloete, Kayle Farmer en Jessica Chandler** TEKS **Miché van Wyk, Miandra Hayward, Hein Poole en Chester Miggels** REGIE **Dean John Smith, Adri-Jo Waterboer, Rafiek Mammon en Martlie Jordaan**

Adam Small sou in 2026 sy 90ste verjaardag gevier het en dis ook 10 jaar sedert hy oorlede is. Deur die projek wil die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) hierdie ikoon van die Afrikaanse letterkunde huldig. Vier skrywers is gevra om enige aspek of aanhaling van Adam Small te neem en na aanleiding daarvan 'n nuwe teks te skryf vir jong spelers van die Proscenium Dramakompetisie. Die idee is dus om Adam Small se werk te herverbeel en toeganklik te maak vir 'n moderne gehoor.

*Moontlik gemaak deur die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA).*

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.
GRATIS ▪ KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORNSAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)

**31 MAART 16:30**



# Akrasia

**FEESDEBUUT • TRAGIKOMEDIE**

MET **Heinrich Wentzel en Ancois Bodenstein** TEKS **Kristen Fichardt en Shannon Hendry** REGIE **Kristen Fichardt** VERHOOGBESTUURDER **Shannon Hendry** ASSISTENTVERHOOGBESTUURDER **Sonja Louw** VERVAARDIGER **Wow Bonn Collective**

***Akrasia** selfstandige naamwoord*
*(uh-krey-zhee-uh)*
*Die handeling om, ondanks die feit dat jy weet jy behoort iets nie te doen nie, dit steeds te doen.*

Dit is die eerste herdenking van Reuben se ma se dood. Hy bied 'n kunsuitstalling aan, getiteld *Rou Moeder*. 'n Huldeblyk, of eerder 'n finale totsiens, met sy ma as die middelpunt van alles. Totdat sy nie is nie. Die uitstalling ontaard in 'n aand met 'n snaakse jong vrou, 'n Weense worsie en 'n ma wat nog nie heeltemal gereed is om aan te beweeg nie. 'n Gebroke hart is genoeg om met die noodlot te dans: Smart hou immers daarvan om rou bedien te word.

*Oorspronklik ontwikkel vir die Universiteit Stellenbosch-dramadepartement se Première Teaterfees, ondersteun deur NATi. Speelvak moontlik gemaak deur die Johann Brink Trust, ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

ENGELS EN AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 55 MIN.
R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)
ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**29 MAART 15:30 ▪ 30 MAART 20:00 ▪ 31 MAART 17:30**



FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

# Atropa: Die wraak van vrede

**DEBUUT • DRAMA**

MET **Anna-Mart van der Merwe, Antoinette Kellermann, Rolanda Marais, Tinarie van Wyk Loots, Carla Smith en Geon Nel** TEKS EN VERTALING **Tom Lanoye** OORSPRONKLIKE TITEL **Atropa: De wraak van de vrede** REGIE EN ONTWERP **Marthinus Basson** STELONTWERP, BELIGTINGSONTWERP EN VERHOOGBESTUURDER **Nicolaas de Jongh** ASSISTENTVERHOOGBESTUURDER **Jean du Plessis** KOSTUUMS **Phyllis Midlane** VERVAARDIGER **KKNK**



FOTO: GYS LOUBSER

In 'n wêreld verskeur deur oorlog, ongelykheid en die nalatenskap van kolonialisme, tref *Atropa* soos 'n pyl in jou vlees. Die gevierde Belgiese skrywer Tom Lanoye se herbesinning oor die Trojaanse Oorlog is nie net 'n hervertelling nie – dit is 'n radikale aanklag teen die hedendaagse magsug, patriargie en die politiek van geweld. Teen die agtergrond van globale konflik en 'n eeueoue stryd teen geslagsgebaseerde geweld, staatsmag en historiese trauma, word *Atropa* 'n spieël vir ons tyd. (Griekse en Trojaanse) vroue – moeders, minnaresse, vegters – staan vas teen die vernietiging wat deur mans gedryf word. Hul stemme, eeue lank stilgemaak, weerklink nou luid en duidelik – dit is 'n liriese aanklag gevul met woede, weerstand en wraak. Die produksie getuig van 'n hedendaagse dringendheid, gevestig in die historiese en klassieke konteks. *Atropa* is nie net 'n drama nie. Dit is 'n vergelding. 'n Ritueel. 'n Wekroep om vrede in 'n wêreld verslaaf aan oorlog.

**Tom Lanoye** is een van die mees invloedryke en bekroonde kontemporêre Belgiese skrywers. Lanoye het 'n noue verbintenis met Suid-Afrika en hy woon en werk tussen Antwerpen en Kaapstad. Hy is bekend vir sy veelsydige oeuvre – romans, poësie, essays en dramatekste.

Lanoye het verskeie pryse vir sy werk ontvang en is ook telkemale bekroon vir sy oeuvre in geheel, insluitend met die Gouden Ganzenveer (2007); die Prijs der Nederlandse Letteren (2024), die hoogste literêre eer in die Nederlandse taalgebied; en onlangs met die gesogte Gerrit Komrij-prys in Nederland.

KKNK-gehore het reeds in 1998 met hom kennis gemaak, waar hy self opgetree het in die verhoogweergawe van sy roman *Kartonnen dozen*. Suid-Afrikaanse gehore sou ook later verskeie van sy toneelstukke in Afrikaans op die planke te siene kry met vertalings deur Antjie Krog van *Mamma Medea* en *Koningin Lear*; en vertalings deur Marthinus Basson van *Bloed & rose: Die lied van Jeanne en Gilles* en *Die fel omstrede kroon van Edward II en Gaveston*. Al hierdie produksies was onder regie van Basson.


Vir *Atropa: De wraak van de vrede*, wat in 2008 die eerste keer opgevoer is en ook genooi is deur die wêreldbekende Festival d'Avignon, ontvang Lanoye die vyfjaarlikse Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal- en Letterkunde (KANTL)-prys vir verhoogtekste in 2012 – 'n erkenning van die stuk se besonder kragtige ontleding van oorlog, geweld en magsretoriek. Die beoordelaarspaneel het die werk geloof omdat Lanoye "soek na die wortels van die kwaad wat oorlog en geweld heet" en "die imperialistiese taal van ons tyd ontbloot".

Vir KKNK-gehore bied *Atropa: Die wraak van vrede* 'n geleentheid om hierdie wêreldklas- kontemporêre dramaturg se werk in hul eie taal te ervaar – skerp, poëties, ontstellend en meedoënloos relevant.

*'n KKNK-produksie, in samewerking met die Staatsteater. Moontlik gemaak deur NATi. Ondersteun deur die Toyota Stellenbosch Woordfees, met 'n bydrae van Literatuur Vlaanderen.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 120 MIN. ▪ R200 (VOORAF) ▪ R190 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R220 (BY DIE DEUR) ▪ JOHNNY BISSCHOFF-SAAL (HOOGSTRAAT)

**29 MAART 12:00 ▪ 31 MAART 19:00 ▪ 1 APRIL 09:30 ▪ 2 APRIL 19:00 ▪ 3 APRIL 19:00 ▪ 4 APRIL 09:30**



## Alfred Adriaan: Positive Strokes in Afrikaans

**STAND-UP**

MET **Alfred Adriaan** TEKS EN REGIE **Alfred Adriaan** VERVAARDIGER **Misfit Media**

Maak gereed om te lag totdat jou sye pyn met Alfred Adriaan se splinternuwe Afrikaanse vertoning. Dié Suid-Afrikaanse komediesensasie, bekend vir uitverkoopte vertonings, is terug met sy unieke uitkyk op die lewe. Hy delf in die wonderlike wêreld van vaderskap, vergelyk sy eie ouerskapstyl met dié van sy ouers, en deel skreeusnaakse staaltjies oor sy kinderjare en familie. Of jy op soek is na die perfekte *date night* of jou ma wil bederf, *Positive Strokes* beloof skaterlag en hartverblydende oomblikke. Moenie hierdie treffer misloop nie!

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 OB ▪ 65 MIN.
R200 (VOORAF) ▪ R190 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R220 (BY DIE DEUR)
KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORNSAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)

**3 APRIL 19:30 ▪ 4 APRIL 19:30**

## Antie Wi'oekal

**DEBUUT • KOMEDIEDRAMA**

MET **Faith Kinniar** TEKS, REGIE EN VERVAARDIGER **Faith Kinniar**

*The Dress*. YouTube se Comedy Hype-kanaal het 'n conspiracy waar "weird Hollywood" obsessed is met swart mans pressure om swart vrouens te speel en hulle mense af te maak. Innie Kaap ... wil ons nie gebeat weesie. Ons vat soema self daai dress met 'n swirlkous en gown nog by, meisa. Dan gooi ons Daai Antie. Almal ken haar. Sy's loud, sy's ratchet, en sy's net gatvol van al die taxis wattie oepe vensters hettie. Antie Wi'oekal is die ultimate antie, met stink gown en al. Satisfy jou ratchet bruinvrou cravings en lag tot jy naar word, meisa!

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 16 T ▪ 50 MIN.
R80 (VOORAF) ▪ R70 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R90 (BY DIE DEUR)
NETWERK24-FEESKAFEE

**29 MAART 16:00 ▪ 30 MAART 18:00 ▪ 31 MAART 20:00 ▪ 3 APRIL 20:00**





## Beste van alle tye

**SKETSKOMEDIE**

MET **Ané Koegelenberg en Christie van Niekerk** TEKS, REGIE, MUSIEK EN CHOREOGRAFIE **Ané Koegelenberg en Christie van Niekerk** VERHOOG-BESTUURDER EN VERVAARDIGER **Jeandré Charl Hammond**

’n Satiriese blik op Afrikaner-wees in die 21ste eeu. Die stuk ontleed die politiese, maatskaplike, kulturele en absurde landskappe waarin Afrikaners/“Afrikaners”/ Afrikaanssprekendes hulself bevind en uitleef. Van popmusiek tot piramideskemas, tafelgebede en ’n voorliefde vir die akuut – niks hier is heilig (of veilig) nie. ’n Karatewater-konkoksie van sketse, musiek, dans en parodieë. Benoem vir die Kanna vir beste komedie én beste Blitsteater-aanbieding by die KKNK in 2025.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 16 T ▪ 60 MIN.
R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)
ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**28 MAART 11:00 ▪ 29 MAART 17:30 ▪ 30 MAART 13:00**

## Boesman en Lena

**DRAMA**

MET **Veronique Jephtas, Brendon Daniels en Tshamano Sebe** TEKS **Athol Fugard**
VERTALING **Vinette Ebrahim**
VERWERKING EN REGIE **Christo Davids**
KLANKONTWERP **Gideon Lombard**
PRODUKSIE-ONTWERP **Kieran McGregor**
VERHOOGBESTUURDER **Kaylin Khan**
ASSISTENTVERHOOGBESTUURDER **David Kuduntwane**
PRODUKSIEBESTUURDERS **Alexa Strachan en Anria Roux**

Boesman en Lena is twee hawelose randfigure – uitgelewer aan mekaar, die elemente en ’n politieke bestel wat hulle nie ag nie. Athol Fugard se ikoniese stuk bied ’n boeiende blik op die kompleksiteit van verhoudings en maatskaplike ongeregtigheid. Dit is ook ’n viering van die krag en weerbaarheid van die menslike psige, en ons universele behoefte aan hoop, meelewing en menslikheid. ’n Gepaste huldiging van Suid-Afrika se grootste dramaturg, wat in 2025 oorlede is.

*’n Ko-produksie van Momentum Aardklop en die Toyota Stellenbosch Woordfees. Moontlik gemaak deur NATi, die Festival Enterprise Catalyst (FEC) en The Jobs Fund.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T, G ▪ 70 MIN.
R150 (VOORAF) ▪ R130 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R165 (BY DIE DEUR)
VAN REEDE-SKOOLSAAL (HOOGSTRAAT)

**28 MAART 14:00 ▪ 29 MAART 14:00 ▪ 30 MAART 10:00 ▪ 31 MAART 13:30 ▪ 1 APRIL 13:30**



FOTO: GYS LOUBSER

## Boklied

DRAMA

MET **De Klerk Oelofse, David Viviers, Obed de Koker, Ntombi Makhutshi, Wian Taljaard, Keagon Cochrane, Hannah Borthwick, Jurgen McEwan en Ben Albertyn** TEKS **Breyten Breytenbach** REGIE EN ONTWERP **Marthinus Basson** MUSIEK **David Wolfswinkel** BELIGTINGSONTWERP EN VERHOOGBESTUURDER **Nicolaas de Jongh** ASSISTENT-VERHOOGBESTUURDER **Jean du Plessis** PRODUKSIE-BESTUURDER **Frankie van Straten**

’n Aantal ietwat verloopte toneelspelers kom bymekaar in ’n tyd van krisis in ’n geslote ruimte – ’n gestig, ongebruikte saal of dalk net ’n gevangenis. Weg van die sogenaamde “normaliteit” daar buite, besin hulle oor die liefde, lewe en dood. Saam, onder ’n wolk van politieke realiteit in ’n tyd van onafwendbare verandering, speel die handvol digters ’n oorlewingsritueel uit in die tradisie van die eerste Griekse dramas, of “bokliedere”. Soos in Aristophanes se komedie *Die voëls* onderhandel die lotjie ’n moontlike toekoms onder ’n nuwe orde, maar rituele verg bloed, ’n skerp mes en ’n sondebok ...
Dig. Omvattend. Skreiend. Snaaks. Oorweldigend.

*’n Toyota Stellenbosch Woordfees-produksie, ondersteun deur NATi en die KKNK.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 16 T, S, N, D ▪ 220 MIN. (2 POUSES INGESLUIT)
R200 (VOORAF) ▪ R190 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R220 (BY DIE DEUR)
JOHNNY BISSCHOFF-SAAL (HOOGSTRAAT)

**28 MAART 11:00 ▪ 30 MAART 16:30 ▪ 31 MAART 09:30 ▪ 2 APRIL 09:30 ▪ 3 APRIL 09:30**

## Verwelkingslied

DRAMA

MET **Antoinette Kellermann en Dawid Minnaar** TEKS **Breyten Breytenbach** VERWERKING **Tessa Louw en Marí Borstlap** REGIE EN ONTWERP **Marí Borstlap** BELIGTINGSONTWERP **Faheem Bardien** KLANKBAAN **Wilken Calitz** VIDEO-ONTWERP **Richard Thomson** VERHOOG-BESTUURDER **Katy Jones** ASSISTENTVERHOOGBESTUURDER EN BELIGTINGSOPERATEUR **Anina van de Wall** PRODUKSIEBESTUURDER **Amber Fox-Martin** VERVAARDIGER **Suidoosterfees**

In Breyten Breytenbach se laaste toneelstuk word ons op reis geneem deur die meester wat homself by sy eie begrafnis voorstel. Breyten tree hier in ’n bewussyn-verruimende asook intieme gesprek met ’n ou verhoogaktrise. Vir oulaas wil hy álles opweeg – maar kan die ou aktrise sy laaste woorde na waarde vertolk?

*Verwelkingslied* is Breytenbach se ontroerende swanesang, kort voor sy dood in 2024 vir die Suidoosterfees geskryf en opgedra aan Antoinette Kellermann en Marthinus Basson.

*’n Ko-produksie van die Suidoosterfees en Momentum Aardklop, moontlik gemaak deur Spier Arts Trust, NATi, die Het Jan Marais Nationale Fonds en Audi Centre Claremont.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 OB ▪ 70 MIN.
R200 (VOORAF) ▪ R180 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R220 (BY DIE DEUR)
GIMSAAL (SCHEEPERSSTRAAT)

**30 MAART 11:00 ▪ 1 APRIL 18:00 ▪ 3 APRIL 09:30 ▪ 4 APRIL 17:30**

*Breyten Breytenbach se eerste (*Boklied*) én laaste toneelstuk (*Verwelkingslied*) is vir die eerste keer beide op die planke by 'n fees. En met die KKNK se* ***Breyten Breytenbach-pakket*** *bespaar jy 30% op die totale prys van die kaartjies as jy al twee dramas sien! Beleef hierdie unieke literêre mylpaal in die Klein Karoo.*

Breyten Breytenbach se ***Boklied*** debuteer op 2 April 1998 by die KKNK onder regie van Marthinus Basson met Dawid Minnaar, Antoinette Kellermann, Grethe Fox, Emile Serfontein, Nomhle Nkonyeni, Gustav Geldenhuys, Duma Mnembe en Brian Heydenrych in die rolverdeling. Dit het geskokte reaksies en 'n mediadebat ontlok. Wat as 'n omstrede première begin het, het gou in 'n uitverkoopte sensasie verander toe die toneelstuk 'n nasionale gesprek oor kunsvryheid, eksperimentele vorme en die rol van die kunste in politiek en politiek in die kunste ontketen het.

Hierdie reaksie het *Boklied* se plek as 'n kulturele waterskeiding gevestig – 'n stuk wat nie net die grense van Afrikaanse teater en die KKNK verskuif het nie, maar ook opnuut 'n gesprek oor artistieke vryheid en eksperimentele vorme binne die teater en feeste oopgemaak het. Dit was 'n kulturele kantelpunt vir Suid-Afrikaanse teater.

*Boklied* word deel van 'n triptiek van Breytenbach se teaterwerk, wat ook *Die toneelstuk* (2001) en *The Life and Times of Johnny Cockroach* (1999) insluit. Die werke is deurgaans verbind deur sterk oorkoepelende temas: die voortdurende spanning tussen individu en staat, die liggaam as draer van politieke en spirituele wonde, en 'n poëtiese verkenning van menslike identiteit te midde van geweld, verandering en geskiedkundige erflaste.

*Boklied* het die KKNK gevestig en gevorm as 'n toonaangewende en innoverende kunstefees.

Feesgangers het vanjaar as deel van die viering van drie dekades van die KKNK nie net die geleentheid om die herlewings-produksie van *Boklied* te sien nie, maar ook sy laaste drama, ***Verwelkingslied*****.** Die twee dramas vorm die boekomslag van Breytenbach se werk vir teater. Hy het op 24 November 2024 in Parys, Frankryk, gesterf.

Hy was 'n digter, 'n skrywer, 'n politieke aktivis en 'n dromer, en by vanjaar se KKNK word daar deur die twee produksies hulde gebring aan hom vir sy onvergeetlike literêre en politieke bydrae tot die fees, ons land en sy mense, wat hy so liefgehad het.



# Comedy by Committie!

**STAND-UP**

MET **Alan Committie** TEKS EN VERVAARDIGER **Alan Committie** REGIE **Christopher Weare**

Alan Committie is terug by die KKNK met sy nuutste stand-up-materiaal en sy kenmerkende verbale gimnastiek, fisieke spottery en sy alombekende *flipchart*. Met 28 jaar se solo-stand-up-ervaring en met dié dat hy onlangs in die Comics' Choice Hall of Fame (2024) opgeneem, is hierdie 'n vertoning wat jy nie mag misloop nie! Hy delf in alles: van troues en begrafnisse tot boekklubs, aksieflieks en die gevare om oorsee te reis.

ENGELS EN AFRIKAANS ▪ GEEN O. 10 OB ▪ 70 MIN. ▪ R220 (VOORAF) ▪ R190 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R250 (BY DIE DEUR) ▪ KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORNSAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)

**30 MAART 19:30 ▪ 31 MAART 19:30**



# Destiny Twice Over. And the Fate of a Half-eaten Sandwich.

**ABSURDE KOMEDIE**

MET **Matthew Gray, Kgahlisho Matloga, Jodeen Markram, Lukhona Mkunyana en Mieke Swart** TEKS **Matthew Gray** REGIE **Kálene Botha** VERHOOGBESTUURDER **Clarice Schoonwinkel** VERVAARDIGER **Première Teaterfees**

Vyf misleide studente stry in hierdie absurde intervensie oor 'n heilige voorwerp wat sentraal tot hul onsamehangende realiteit staan. Nadat dit in die kloue van Eggo beland, moet 'n besluit tussen selfvoldaanheid, of om die huishouding in chaos te dompel, gemaak word. Is vryheid totaal buite bereik, of kan hul lot dalk verander word deur die krag van 'n halfgeëte toebroodjie?

*Oorspronklik ontwikkel vir die Universiteit Stellenbosch-dramadepartement se Première Teaterfees, ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

ENGELS EN AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 60 MIN. R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR) ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**2 APRIL 11:00 ▪ 3 APRIL 15:30 ▪ 4 APRIL 17:30**



# CRYBABY

**DEBUUT ▪ KOMEDIE**

MET **Frank Opperman, Nicole Holm, Wian Taljaard, René Cloete en Gantane Kusch** TEKS EN REGIE **Carla Smith** STEL- EN BELIGTINGSONTWERP **Wolf Britz** VERHOOGBESTUURDER **Jean du Plessis** PRODUKSIEBESTUURDER **Cole Wessels** VERVAARDIGER **KKNK**

Op ’n doodgewone oggend, by ’n doodgewone dagsorg, beleef die driejarige Samuel die onkeerbare verwoester van onskuld – die nuus. Hy verander in ’n oogwink: Van ’n doodgelukkige kind na ’n moeë volwassene, dekades verouder deur haglike hoofopskrifte, tragiese gebeure en die lot van die mensdom wat hopeloos te swaar is vir sy nuwe skouers om te dra. *CRYBABY* is ’n absurde tragikomedie wat handel oor die tol wat dit eis om te lewe in ’n geldgierige wêreld waar alles in duie stort. Dit is terselfdertyd ’n liefdesbrief aan ’n mens se kinderjare en ’n onuitwisbare herinnering aan die een waarheid wat elke volwassene weet: Grootword is nie kinderspeletjies nie. Teks ontwikkel vir die KKNK se tiende Teksmark in 2025.

*’n Feesteforum-produksie. Moontlik gemaak deur NATi, ondersteun deur die Festival Enterprise Catalyst (FEC), in samewerking met The Jobs Fund.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T, OB ▪ 80 MIN.
R200 (VOORAF) ▪ R190 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R220 (BY DIE DEUR)
JOHNNY BISSCHOFF-SAAL (HOOGSTRAAT)

**30 MAART 11:00 ▪ 31 MAART 15:00 ▪ 1 APRIL 16:00 ▪ 2 APRIL 14:30 ▪ 3 APRIL 14:30 ▪ 4 APRIL 14:30 EN 18:00**



FOTO: GYS LOUBSER

# Deep Heat

**DEBUUT • PLEKSPESIFIEKE DRAMA**

MET **Carin Bester en Hendrik Nieuwoudt** TEKS **Ashraf Jamal** VERTALING EN REGIE **Ilana Cilliers** MUSIEK **Louwrens Ferreira** STELONTWERP **Carin Bester** VERHOOGBESTUURDER **Raé Classe** VERVAARDIGER **Mount Maak**

Hedda moes douvoordag vlug van die polisie en die stad. Sy het niemand gehad om te bel nie, behalwe haar broer, Gizz. Deur die loop van 'n oggend vind ons uit hoe Hedda en Gizz daar beland het waar hulle wegkruip in 'n pondokkie op 'n Karooplaas. Teen die agtergrond van die uitgestrekte landskap van die magiese Karoo ondersoek Ashraf Jamal se *Deep Heat* bloed en water, geweld, verhoudings, en die soms baie dun draadjie wat families aan mekaar bind.

*'n Mount Maak-produksie, ondersteun deur die KKNK, NATi en die NAC.*

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 16 T, G ▪ 65 MIN. ▪ R160 (VOORAF) ▪ R140 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R170 (BY DIE DEUR) ▪ IEWERS (OVAALBAAN)**

**1 TOT 4 APRIL 10:00 EN 17:00**





FOTO'S: GYS LOUBSER ▪ GRAFIKA: STEPHANIE GERICKE

# Die ander dogter

**DEBUUT ▪ DRAMA**

MET **Sandra Prinsloo** TEKS **Annie Ernaux** VERTALING **Naòmi Morgan** OORSPRONKLIKE TITEL ***L'autre fille*** VERWERKING **Saartjie Botha** REGIE **Lara Foot** ONTWERP EN BELIGTING **Wolf Britz** KLANKBAAN **Simon Kohler**

'n Tienjarige dogter vind toevallig uit van 'n suster wat twee jaar voor haar geboorte oorlede is. Dié dogter was die Franse skrywer Annie Ernaux, wat in 2022 die Nobelprys vir letterkunde ontvang het. Skielik was Annie nie meer 'n enigste kind nie, maar die plaasvervanger vir 'n groot afwesigheid wat voortleef in haar ouers se woordelose verdrietigheid. Haar suster moes sterf sodat sy as die "vervanging" kon leef. 'n Ragfyn stuk oor skuld, familie en verlies.

*'n Toyota Stellenbosch Woordfees-produksie.*

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 ▪ 70 MIN.**
**R205 (VOORAF) ▪ R180 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R230 (BY DIE DEUR)**
**SANW-OUDITORIUM (PARKWEG-NOORD)**

**31 MAART 14:00 ▪ 1 APRIL 18:30 ▪ 2 APRIL 09:30 ▪ 3 APRIL 19:00 ▪ APRIL 09:30 EN 15:00**



# Die gebed van 'n halfmens

**DEBUUT • PLEKSPESIFIEKE DRAMA**

MET **Tobie Cronjé, Annelisa Weiland, Marlo Minnaar, Brendon Daniels, Alyssa Dionne en Gretha Brazelle** TEKS EN REGIE **Nicola Hanekom** MUSIEK **Braam du Toit** CHOREOGRAFIE **Fiona du Plooy** BELIGTING EN VERHOOGBESTUURDER **Elana-Marié Snyman** ASSISTENT-VERHOOGBESTUURDER **Jan Fouché** VERVAARDIGERS **KKNK en Grant Swanby, namens Haas & Kaas**

Op 'n stortingsterrein buite Oudtshoorn wag 'n voorspelling van waarheen die mensdom dalk op pad is. Dié drama ondersoek die impak van tegnologie: skouspel of gruwel? Wittgenstein het gesê dat die menslike liggaam die mees akkurate skets van 'n mens se siel is. So, wat gebeur as tegnologie binne ons biologie geïntegreer word? Hoe beïnvloed dit ons evolusie? Hoe beïnvloed dit ons intelligensie en wat word van ons siel? Die karakters se enigste toevlug is 'n ashoop. Wat is die menslike liggaam en 'n lewe werd?

In 2010 word gehore tydens die KKNK genooi na 'n swembad op Oudtshoorn vir 'n toneelstuk deur Nicola Hanekom, genaamd *Betésda*. Hierdie was die begin van 'n nalatenskap van plekspesifieke werke deur Hanekom by die KKNK, wat elke keer gehore laat snak het na hul asems en wat teater na die Oudtshoorn-landskap verskuif het.



FOTO: ANTONIA STEYN

Ná *Betésda* het sy dit opgevolg met twee ander plekspesifieke toneelervarings as deel van 'n trilogie: *Lot* (2011) en *Babbel* (2012). Die werke het talle teaterpryse en benoemings gekry. Hanekom verdiep die plekspesifieke nalatenskap met *Trippie* in 2013, 'n spanningsdrama wat gehore op 'n bustoer deur Oudtshoorn beleef en waarin sy self speel; en in 2014 met *Land van skedels*, 'n onthutsende herinneringsdrama oor die Anglo-Boereoorlog. 'n Dekade later keer sy terug na plekspesifieke teater in die Klein Karoo met *Mirre en aalwyn*, en ontvang haar tweede Hertzogprys vir drama vir die teks. (Die eerste het sy ontvang vir 'n ander drama wat in 2015 by die KKNK gedebuteer het, *In glas*.) Hanekom is ook in 2015 vereer met die Kunste Onbeperk-prys vir innoverende denke. Vir KKNK se dertigste viering keer Hanekom terug na die Karoo-landskap met *Die gebed van 'n halfmens* – as 'n viering van plekspesifieke werk by die fees.

*'n Produksie van haasenkaas en die KKNK, moontlik gemaak deur NATi.*

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 16 T, V ▪ 70 MIN.**
**R200 (VOORAF) ▪ R190 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R220 (BY DIE DEUR)**
**ASHOOP (VICTORIASTRAAT, IN DIE RIGTING VAN OUDTSHOORN-GEVANGENIS)**

**30 MAART TOT 4 APRIL 18:30**





## Die ‘Real Housewife’

KOMEDIE
MET **Lizz Meiring** TEKS **Lizz Meiring**
VERVAARDIGERS **Artist Warehouse en Lizz Meiring Produksies**

Die kykerspubliek het vasgenael gesit toe die TV-program uitgesaai is. Meeste mense kon nie glo wat hulle sien nie. Nog steeds, wêreldwyd, word reekse van *The Real Housewives* uitgesaai. Maar wie is nou eintlik die ware “real housewife”? Lizz Meiring skep so ’n fiktiewe karakter. Sy is die een wat haarself as die enigste ware voorbeeld van die glansgans-trop beskou. Jy gaan heerlik lag, kopskud en dalk net iets van jouself of ’n ander vrou na aan jou herken. Hier word oor alles en nog wat kommentaar gelewer en ook vlymskerp die draak gesteek met die era van “realiteits-TV-sterre”. Dis verrassend, eietyds, warmhartig en baie vermaaklik.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GEEN O. 13 OB ▪ 60 MIN. ▪ R195 (VOORAF) ▪ R175 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R215 (BY DIE DEUR) ▪ KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORN-SAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)

**28 MAART 11:00 ▪ 29 MAART 19:30 ▪ 30 MAART 13:00**

## Doolhof

DRAMA
MET **Minke Marais en Vian Singleton**
TEKS, REGIE, BELIGTINGS- EN KLANKONTWERP, VERHOOGBESTUURDER EN VERVAARDIGER **Robert Kruger**
TEGNIESE BESTUURDER **Kéan Jooste**

’n Jong paartjie is vasgevang in die kronkels van liefde, geloof, seksuele grense en verwagtinge wat in elke gesprek vlamvat. Ewan wil ’n toekoms hê met standvastige liefde, ’n huwelik en alles wat daarmee saamgaan. Joey kyk vas in haar geloof, haar beginsels en haar diepste begeertes. Met poëtiese monoloë, realistiese konfrontasies en stiltes wat dikwels meer as woorde sê, delf *Doolhof* in die werklike vrae wat jong volwassenes vandag vra: Hoe werk liefde as jy steeds na jouself soek? Hoe ver is te ver? Is ek genoeg? Dis rou, dis *real*, dis onvoorspelbaar. Benoem vir vier Momentum Aardklop-pryse in 2025, waaronder beste aktrise, beste regie en beste aanbieding: toneel.

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T, S ▪ 70 MIN.
R150 (VOORAF) ▪ R135 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R165 (BY DIE DEUR)
LAERSKOOL WESBANK-TEATER (VREDESTRAAT)

**2 APRIL 17:00 ▪ 3 APRIL 19:30 ▪ 4 APRIL 16:30**



## Effens anders

**STAND-UP**

MET **Aletta Francina de Kock**
TEKS **Aletta Francina de Kock**
VERHOOGBESTUURDER EN VERVAARDIGER
**Jeandré Charl Hammond**

Aletta Francina de Kock is nog altyd effens anders … Aletta se splinternuwe stand-up-komedie, *Effens anders*, bied 'n komiese en eerlike blik op haar huidige lewe – met al die snaakse, aweregse en *downright bizarre* dinge wat daarmee saamkom. Haar skerp humorsin en natuurlike aanvoeling vir storievertelling, tesame met haar unieke uitkyk op die wêreld, sal jou laat skater van die lag. Kom lag saam en ontmoet die vrou met die mooiste kuite in die land, want met Aletta is niks ooit heeltemal normaal nie, dis altyd effens anders!

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 16 T ▪ 65 MIN.
R160 (VOORAF) ▪ R145 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R175 (BY DIE DEUR)
NETWERK24-FEESKAFEE

**28 MAART 20:00 ▪ 30 MAART 16:00 ▪ 31 MAART 18:00 ▪ 2 APRIL 16:00**



## Ek is nie Danie

**DRAMA**

MET **Albert Pretorius en Schalk Joubert** TEKS **Danie Marais** REGIE **Nico Scheepers** MUSIEK **Schalk Joubert** KONSEP **Niel van Deventer** VERVAARDIGER **Toyota Stellenbosch Woordfees**

Albert Pretorius trek onder die opruiende begeleiding van Schalk Joubert die skrapnel van 'n vreesaanjaende gewone lewe, skerf vir skerf, uit 'n mislukte huwelik in die buitenste ruimte van Duitsland en die bevoorregte, prekêre gemors van middelklas-Suid-Afrika. Dis 'n storie oor ouerskap en die soeke na behoort en sin maak, gewikkel in die vlamjas van verse en verbysterende musiek, geweef rondom 'n keur uit Danie Marais se vier digbundels. Dis rock-teater, onder regie van die veelsydige Nico Scheepers, oor 'n verlede wat die hede wurg en 'n wit ou wat saam met sy dogter en 'n progressiewe wêreld net een ding vir Kersfees wil hê: "Om nie meer altyd te moet weet hoe 'n middeljarige wit man voel oor alles nie." Wenner van vier Woordtrofeë by die Toyota Stellenbosch Woordfees in 2025, waaronder beste toneelstuk.

*'n Toyota Stellenbosch Woordfees-produksie.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 10 T ▪ 75 MIN.
R205 (VOORAF) ▪ R180 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R230 (BY DIE DEUR)
ABSA BURGERSENTRUM

**29 MAART 18:00 ▪ 30 MAART 14:30**



FOTO: PIERRE ROMMELAERE

## Emotional Black Male

**STAND-UP**
MET **Uncool Tea** TEKS **Uncool Tea**
REGIE **Thumamna Sibhozo**

*Emotional Black Male* is ’n skreeusnaakse, hartroerende komedie soos bedink deur Uncool Tea, die sagmoedigste hardgebakte man wat jy ken. In hierdie uur van emosionele chaos (én helderheid) takel hy toksiese manlikheid, township-teerheid en terapie, met ’n mikrofoon in die een hand. Maar wag, daar is vlakke. Maak gereed vir ’n verrassende verskyning van Uncool se rap-alter ego, BubbleRap: Want soms het ’n mens ’n beat nodig om te sê wat jou hart nie kan nie. Hy roer al die regte snare – emosioneel én liries. Kom om te lag, bly vir die heling. Dit is komedie met emosie.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

ENGELS EN XHOSA • GEEN O. 13 T • 60 MIN.
R100 (VOORAF) • R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) • R110 (BY DIE DEUR)
NETWERK24-FEESKAFEE

**1 APRIL 18:00 • 2 APRIL 20:00 • 3 APRIL 18:00 • 4 APRIL 16:00**



## Filled

Vonk Prop

**DRAMA**
MET **Tshiamo Moretlwe** TEKS **Tshiamo Moretlwe** REGIE **Roshina Ratnam**
VERHOOGBESTUURDER **Dara Beth**
VERVAARDIGER **Spark in the Dark**

Wanneer haar private afgryslikheid ’n publieke spektakel word, kom die werklikheid in opstand. Almal het iets te sê: Haar bestuurder, daardie vrou by joga, maar niemand luister werklik nie. In ’n wêreld waar surrealistiese metafore hul weg tot in korporatiewe vergaderings vind en *vape*-dampe in die lug hang, ondersoek *Filled* die absurditeit van verwagting en die druk om skuld te aanvaar. Met donker humor en fyn waarneming bied hierdie drama ’n spookagtige, skreeusnaakse en besonder teer verkenning van bande en chaos, alles op die maat van *Strictly Come Dancing*. Wenner van ’n Standard Bank Ovation-prys by die Nasionale Kunstefees in 2025.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

ENGELS • GEEN O. 16 G • 50 MIN.
R100 (VOORAF) • R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) • R110 (BY DIE DEUR)
ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**28 MAART 13:00 • 29 MAART 22:00 • 30 MAART 15:30**



# Ganga Nyoko! Inzima Nyoko!

DRAMA

MET **Sbuja Dywili en Ntsika Benya** TEKS EN VERTALING **Sibuyiselo Dywili** REGIE **Siphenathi Siqwayi** MUSIEK **Culvas Creatures, Mphozisi Qalekiso** VERHOOGBESTUURDER **Uyanda Kiva** VERVAARDIGER **Spark in the Dark**

Ná 'n sewe jare lange skeiding ontmoet twee boesemvriende mekaar weer. Tydens hierdie herontmoeting word die verskille tussen die twee al hoe duideliker, en geheime wat lank bewaar is, kom na vore. Beloftes word verbreek en dit lyk of hul kosbare vriendskap tot 'n einde sal kom. Sal hierdie verskille tot 'n permanente skeiding lei? Of sal hulle wel 'n manier vind om dit wat vir hulle waardevol is te behou? Wenner van 'n Standard Bank Ovation-prys by die Nasionale Kunstefees in 2025.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

XHOSA ▪ GEEN O. 13 T, N ▪ 90 MIN.
R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR) ▪ ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**28 MAART 20:00 ▪ 29 MAART 20:00 ▪ 30 MAART 17:30**



# Geagte kampeerders

KOMEDIE

MET **Wynand van Vollenstee en Thiart Li** TEKS EN REGIE **Wynand van Vollenstee** VERHOOGBESTUURDER **Martin Breedt** VERVAARDIGER **That's Freakin Nice Produksies**

"Geagte kampeerders, as jy moeg word vir die lewe in die stad, vat net die Willewaterspad – die bogemiddelde, sagte grondpad. Met ekstra groot staanplekke, welige wilgerbome en kabbelende waters. 'n Hengelaarsparadys, behulpsame personeel, ekstra-breedte-supertube en mensgemaakte warmwaterbronne, met 'n uitputtende dagprogram vir oud en jonk ..." Dit was wat geadverteer was, maar as iets te goed klink om waar te wees ... Wynand van Vollenstee is Oom Frik, opsigter, eienaar en bestuurder van die Willewaterskampeerterrein. Thiart Li vertolk die rol van Oom Frik se lojale regterhand, Henry. Elke Desember staan hulle slaggereed om die groot gros Transvalers te ontvang. Maar wanneer groot tragedie die kampeerterrein tref en mense forseer word om Moeder Natuur, "afblaasmatrasse", neus-in-die-lug-bure, ongeskikte kinders, iemand se rondloperhond en die snobistiese chaletbewoners te leer ken, word die gort behoorlik gaar. Kom lag lekker saam en beleef al die tipiese kampeerkarakters wat altyd hul verskyning by enige kampeerterrein maak. 'n Topverkoper by Innibos in 2025.

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 70 MIN.
R195 (VOORAF) ▪ R175 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R215 (BY DIE DEUR) ▪ KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORNSAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)

**1 APRIL 09:30 ▪ 2 APRIL 13:00 ▪ 3 APRIL 16:30**



# ge-gebergtes

**DEBUUT ▪ DRAMA**

MET **Nic de Jager, Daneel van der Walt, Miché van Wyk en Ntombi Makhutshi**
TEKS **Saartjie Botha** REGIE **Wessel Pretorius** CHOREOGRAAF **Sylvaine Strike**
KLANKBAAN **Charl-Johan Lingenfelder**

’n Paar dae ná sy 90ste verjaarsdag word ’n emeritus professor oorweldig deur die lewe. Dit was ’n Saterdag, die Springbokke sou die middag speel, en sy rekenaar, foon, niks wou werk nie, alles het net te veel geraak. *ge-gebergtes* is ’n poging om sin te maak van sy konfrontasie met tegnologie. Van om oud te word en te wees:
’n toestand van gestadige aftakeling en groeiende hulpeloosheid en afhanklikheid. Die agteruitgang van liggaamlike en kognitiewe vermoëns vir almal om waar te neem. Kinders wat ver is. Die wêreld wat voortsnel in ’n ander trajek. En jy wat wag. Teks ontwikkel vir die KKNK se tiende Teksmark in 2025.

*’n KKNK-produksie.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 OB ▪ 90 MIN.
R195 (VOORAF) ▪ R175 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R215 (BY DIE DEUR)
SANW-OUDITORIUM (PARKWEG-NOORD)

**29 MAART 13:00 ▪ 30 MAART 09:30 ▪ 31 MAART 18:30 ▪ 1 APRIL 09:30 ▪ 2 APRIL 18:30 ▪ 3 APRIL 15:00**



FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



FOTO: ESTIAAN TERBLANCE ▪ GRAFIKA: EBEN VORSTER

## Gebou soos Steffi Graf

**KOMEDIE**

MET **Chris Vorster** TEKS **Chris en Liza Vorster** REGIE **Chris Vorster en Marion Holm** VERHOOGBESTUURDER **Thys Heydenrych**

Ná al die vreesaanjaende berigte oor Wilgenhof het ek angs en trauma uit my jare in Die Plek probeer onthou, maar ál wat my geheue kon baasraak, was flitse van fantastiese partytjies. En dan verál die naweek saam met Steffi … natuurlik nie die regte Steffi Graf nie, daarvoor was my tennis te swak. Ek was aspris onbewus van die wêreld buite die Bos, want vir my het alles ín die Bos gedraai om braaivleis, rugby, sonskyn en Wilgenhof. **Wenner van twee Vryskitter-pryse by die Vrystaat Kunstefees in 2025.**

*’n Vrystaat Kunstefees-produksie.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 70 MIN. R190 (VOORAF) ▪ R170 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R210 (BY DIE DEUR) VAN REEDE-SKOOLSAAL (HOOGSTRAAT)

**1 APRIL 10:00 ▪ 2 APRIL 14:30 ▪ 3 APRIL 14:30 ▪ 4 APRIL 14:30**

## Granaatsap

VONK PROP

**DEBUUT ▪ SURREALISTIESE TRAGIKOMEDIE**

MET **Zara West, Ancois Bodenstein, Enzo Cocciante, Jean Retief en Kristen Fichardt** TEKS EN REGIE **Lisa Kukard** VERHOOGBESTUURDER **Jurie Boshoff** VERVAARDIGER **Première Teaterfees**

Ná haar heilige droom word Ouma ’n selfaangestelde profeet. En haar huis word haar *tabernakel*. Daar waar die Onse Vader talm en oorlede Albertus lê, groei die heilige granaatboom – bewyse van Ouma se offerande. Met haar lojale dominee, die twee verbode granate en ’n tingerige kleinkind, hoop Ouma om haar visioene van die nuwe messias te verwesenlik. Maar sy het ’n probleem. Die Dag van die Rooi Son het aangebreek en Ouma se kleindogter is nog nie vrugbaar nie … Die wasgoed verberg ook die kraai. ’n Judas wat twyfel in die kinders – *haar maagde* – saai. Waar sal haar hulp dan nou vandaan kom?

*Oorspronklik ontwikkel vir die Universiteit Stellenbosch-dramadepartement se Première Teaterfees, ondersteun deur NATi. Speelvak moontlik gemaak deur die Johann Brink Trust, ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T, G, S ▪ 60 MIN. ▪ R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR) ▪ ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**28 MAART 09:00 ▪ 29 MAART 13:00 ▪ 30 MAART 22:00**



## Gryp elke grasHolm

**DEBUUT ▪ KOMEDIE**

MET **Marion Holm** TEKS **Marion Holm en Chris Vorster** REGIE **Chris Vorster** BELIGTINGSONTWERP **Kosie Smit** VERVAARDIGER **Handyminds**

Gryp na elke grashalm humor, hoop of harmonie wat jy kan kry, want die wêreld is tans deurmekaar! Ons moet maar self die komedie maak en die lag skep. *Gryp elke grasHolm* kan jou dalk net help in hierdie soektog na snaaks, sagtheid en sin. In hierdie splinternuwe eenvrouvertoning doen Marion Holm wat sy altyd doen: komedie met baie hart.

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 10 T ▪ 75 MIN.
R210 (VOORAF) ▪ R190 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R230 (BY DIE DEUR)
KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORNSAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)

**3 APRIL 09:30 ▪ 4 APRIL 16:30**



FOTO: GYS LOUBSER

## Hartsbriewe

**DRAMA**

MET **Hannes van Wyk en Coenraad Rall (klavier)** TEKS **Hannes van Wyk en Desiré Gardner** VERVAARDIGER **Artist Warehouse**

Maak gereed vir 'n reis terug in tyd in hierdie vertoning deurdrenk met nostalgie, warmte en die sagte fluisteringe van liefde in al sy gedaantes. Laat die klanke van Coenraad Rall se klavier jou dra na vervloë oomblikke, terwyl Hannes van Wyk, geliefde TV-aanbieder en akteur, jou op reis neem met 'n keur van briewe wat soos geheime in 'n ou laai gebêre was. Hierdie hartsbriewe, soms snaaks, soms hartseer, altyd opreg, vertel van verlore liefdes, tydlose familieherinneringe en daardie eenvoudige, kosbare vreugdes van die lewe. *Hartsbriewe* is 'n huldeblyk aan alles wat ons harte sag maak en ons drome lewendig hou. Jy kan uitsien na 'n vertoning vol nostalgiese stories, 'n bietjie humor, 'n traan of twee – en 'n warm gevoel wat nog lank sal bly ná die laaste woorde gespreek en note gespeel is.

*Moontlik gemaak deur Curro.*

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.
R195 (VOORAF) ▪ R175 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R215 (BY DIE DEUR)
ABSA STUDIO (BANKETSAAL)

**31 MAART 16:30 ▪ 1 APRIL 16:30**





## Hortjies dig: Die storie van digter Peter Blum

**DRAMA**

MET **Chris van Niekerk en Joanie Combrink** TEKS EN STELONTWERP **Francois Toerien** REGIE **Juanita Swanepoel** KOSTUUMONTWERP **Stephanie Hough** VERHOOGBESTUURDER **Gaerin Hauptfleisch** PRODUKSIEBESTUURDER **Charl Faurie** VERVAARDIGER **Jean Meiring**

In die vyftigs word Peter Blum geloof as die belangrikste digterstem van die dekade, maar sommige vind sy werk "dekadent" en praat van 'n "maaierkultus" in die verskuns. In 1960 verruil hy en sy vrou, Hetta, Suid-Afrika vir Engeland. "Uit walging," skryf hy. Hy keer sy rug op die skryfkuns, besoekers is weinig en Hetta se geestestoestand raak wankelrig. J.C. Kannemeyer skryf: "Enige mens sal na 'n lewe lank saam met Blum mal geword het." Met brontekste wat briewe en verse van Peter en Hetta insluit, trap ons in die spore van 'n sonderlinge figuur van ons letterkunde.

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 75 MIN.
R180 (VOORAF) ▪ R160 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R200 (BY DIE DEUR)
GIMSAAL (SCHEEPERSSTRAAT)

**28 MAART 18:00 ▪ 29 MAART 09:30 ▪ 30 MAART 14:30**



## Internet Sensasie 2.0

**KOMIESE STORIEVERTELSTYL**

MET **Mel die Storieverteller** TEKS EN VERVAARDIGER **Melanie Welgemoed** MUSIEK **Peach van Pletzen** CHOREOGRAFIE **Replay Dance Centre**

Soos die 2025-debuut, maar heeltemal anders! Mel die Storieverteller het in 2025 by die KKNK met haar derde komiese vertoning, *Internet Sensasie*, gedebuteer. Sedertdien is hierdie vertoning meer as 80 keer opgevoer, en soos 'n lomp aartappel wat deur 'n helse tyd gaan om in legendariese vodka te verander, het hierdie *show* vele gedaanteverwisselings ondergaan. Die begin bestaan nie meer nie en is vervang, die middel het 'n ekstra karakter se storie by en die einde is meesterlik verfyn in 'n chaotiese, komiese extravaganza. *Internet Sensasie 2.0* is spesiaal vir die KKNK. Vir almal wat die debuut gesien of misgeloop het, en mal is oor Mel die Storieverteller se skreeusnaakse stories – kom sit aan vir 'n hoë-energie-bediening van komedie uit die boonste rakke.

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 80 MIN.
R160 (VOORAF) ▪ R145 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R175 (BY DIE DEUR)
KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORNSAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)

**28 MAART 14:30 ▪ 29 MAART 16:30**

## Jammer vir die podcast

**DEBUUT ▪ STAND-UP**

MET **Hannes Brümmer** TEKS EN REGIE **Hannes Brümmer** VERHOOGBESTUURDER **Giep van Zyl** VERVAARDIGERS **Giep van Zyl en Hannes Brümmer**

Ná twee dekades van die mikrofoon vashou, het Hannes Brümmer, soos 'n wafferse loods, sy ure opgebou en sy twakpraatlisensie verdien – en nou kan die gehoor vertrou dat hulle veilig met hom aan die stuur is. Hy kom dalk babelas en bedonderd voor, maar in wese probeer hy 'n nugter analise van ons moderne lewe maak, met venynige en spitsvondige waarnemings. Kom lag en dink in dieselfde asem, terwyl onderwerpe wat wissel van basiese menswees en reg en verkeerd tot die generasiegaping en geestesgesondheid van sy seepgladde tong afrol. Dit is nie 'n produksie oor sosiale media nie, maar 'n ondersoek na hoe ons manier van kommunikeer verander het – 'n onbeholpenheid van ons omgaan met ander in die werklikheid. Dit handel oor frustrasie, ouer word en agter raak en ontdek dat kômmin inderdaad baie meer algemeen is.



AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 60 MIN.
R160 (VOORAF) ▪ R145 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R175 (BY DIE DEUR)
NETWERK24-FEESKAFEE

**28 MAART 16:00 ▪ 29 MAART 18:00 ▪ 30 MAART 20:00 ▪ 1 APRIL 16:00**

## Kenan ennie Klopse

**FISIEKE TEATER**

MET **Wyatt Afrika, Jasmine Maduna, Alyssa Jacobs en Mia Groenewald** TEKS, CHOREOGRAFIE EN VERVAARDIGER **Alyssa Jacobs** REGIE **Jeanne-Marié Koekemoer** MUSIEK **Mia Groenewald** VERHOOGBESTUURDER **Jairus Fritz**

'n Storie oor belonging. Kenan sit vas tussen wat sy mense sê hy móét wies en wat sy drome vir hom fluister assit stil raak. Gevang tussen sy eie drome ennie shadow van sy oupa se legacy. Hy dra sy mense se stories in sy lyf, hulle pyn lê swaar in sy voete. Deur dans en beweging trek sy journey hom van nou af terug daarnatoe – deur oppression, expression, darkness into light as he learns to move to the beat of his own drum. Hoe gaan hy die ancient call vannie ghoema antwoord? **Bekroon as beste produksie by die Universiteit Stellenbosch se Première Teaterfees.**

*Oorspronklik ontwikkel vir die Universiteit Stellenbosch-dramadepartement se Première Teaterfees, ondersteun deur NATi. Speelvak moontlik gemaak deur die Johann Brink Trust, ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 50 MIN.
R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)
ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**2 APRIL 13:00 ▪ 3 APRIL 20:00 ▪ 4 APRIL 13:00**



FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



# Jakob

**DEBUUT ▪ GESINSTEATER**

MET **Bryan Hiles** TEKS, REGIE, STEL- EN BELIGTINGSONTWERP **Michael Taylor-Broderick** VERTALING **Barry Strydom** MUSIEK **Nick Pitman** CHOREOGRAFIE **David Gouldie** VERHOOGBESTUURDER **Cara Roberts** VERVAARDIGER **Theatresmiths**

*Jakob* is 'n meesleurende verhaal oor 'n vreemde klein seuntjie – en oor liefde, lig en alles wat daar tussenin weerkaats. Dit is die verhaal van 'n kind wat anders gebore is en verstoot word deur die gemeenskap waarin hy leef. Die stuk verken hoe Jakob leer om met sy uitsluiting om te gaan. Deur die gebruik van liriese prosa en tegniese teatervernuf betree die werk die wêreld van die magiese realisme. *Jakob* is 'n kragtoer van treffende visuele beelde, pragtige taalgebruik en fyn, sensitiewe storievertelling. Die Engelse weergawe van *Jakob* het 'n Ovation-prys by die Nasionale Kunstefees ontvang en aan Bryan Hiles die prys as beste akteur in 'n solovertoning by die Durban Theatre Awards besorg.

*Moontlik gemaak deur die KKNK.*

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 10 ▪ 55 MIN.**
**R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)**
**LAERSKOOL WESBANK-TEATER (VREDESTRAAT)**

**28 MAART 13:30 ▪ 30 MAART 16:00 ▪ 31 MAART 16:30 ▪ 1 APRIL 16:30**

# Liewe Heksie word 'gescam'

**DEBUUT ▪ GESINSTEATER**

MET **Eldon van der Merwe en Mia van der Merwe** TEKS EN REGIE **Margit Meyer-Rödenbeck** MUSIEK **Luca Human** KOSTUUMONTWERP **Karon Botes** DEKOR EN STELONTWERP **Gerrit Snyman** VERHOOGBESTUURDER **Erynn Troup** VERVAARDIGER **Start the Conversation**

Liewe Heksie het 'n prys in 'n talentkompetisie gewen. Karel Kat wil haar leer om mooi na haar prysgeld te kyk. Haai oe, maar groot woorde soos finansies, rente en begrotings, of is dit nou bekleinings, laat Levinia se kop draai. Karel begin deur vir Levinia 'n spaarvarkie te gee, maar die nare Geelheks is altyd in die omtrek en wil haar kloutjies op die geld kry. Karel besluit dat 'n bankrekening met 'n bankkaart veiliger sal wees, maar dalk nie vir Liewe Heksie nie. Want o wee, Levinia kan nie altyd so mooi onthou nie en syfers en tel tel nie onder haar talente nie en laat haar uitgelewer aan *scammers*.

*Ondersteun deur Human & Rousseau, 'n druknaam van Jonathan Ball Uitgewers.*

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.**
**R110 (VOORAF) ▪ R100 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R120 (BY DIE DEUR)**
**KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORN-SAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)**

**30 MAART 09:30 ▪ 31 MAART 12:30 ▪ 1 APRIL 16:30**



FOTO: GYS LOUBSER

## Kompoun

**DRAMA**

MET **Melissa de Vries en Angelo Bergh** TEKS **Jolyn Phillips, gebaseer op Ronelda Kamfer se gelyknamige roman** REGIE **Lee-Ann van Rooi** BELIGTINGSONTWERP **Alfred Rietmann** PRODUKSIEBESTUURDER **Bossikop Produksies** VERVAARDIGER **Suidoosterfees**

In dié verhoogverwerking van Ronelda Kamfer se roman word die aangrypende verhaal van die McKinney-familie van Groenplaas deur twee kleinkinders, Nadia en Xavie, vertel. Temas soos onskuld, deursettingsvermoë en familievetes word verken binne die ongenaakbare Suid-Afrikaanse konteks. Die stuk word in 'n "sirkel" aangebied met 'n plaashek wat die gehoor toegang gee tot die innerlike én eksterne faktore wat die karakters se lewe beïnvloed, asook hul keuse om uit hul chaotiese bestaan te ontsnap. Die vervlegting van persoonlike ervarings en kulturele nuanses belig die skoonheid en kompleksiteit van Afrikaaps.

*'n Ko-produksie van die Suidoosterfees, Toyota Stellenbosch Woordfees en KKNK, ondersteun deur NATi, die Het Jan Marais Nationale Fonds en Festival Enterprise Catalyst (FEC), in samewerking met die Jobs Fund.*

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 16 T, G ▪ 70 MIN.**
**R150 (VOORAF) ▪ R130 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R165 (BY DIE DEUR)**
**LAERSKOOL WESBANK-TEATER (VREDESTRAAT)**

**2 APRIL 10:00 ▪ 3 APRIL 16:30 ▪ 4 APRIL 13:30**




FOTO: GYS LOUBSER

## Kry vir jou 'n tux, Thomas

**KOMEDIE**

MET **Marion Holm en Dean John Smith** TEKS EN REGIE **Retief Scholtz** VERVAARDIGERS **Artist Warehouse en Retief Scholtz Produksies**

Tessa is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie. Sy wéét vanaand se funksie en die belaglike "toekenning vir lewenslange bydrae" wat sy ontvang, is om subtiel te sê haar tyd is verby. Tessa gaan nie opdaag nie en die stotterende Thomas het sy hande vol om haar te oortuig om tog te gaan. Marion Holm en Dean John Smith speel die verhoog vuurwarm in hierdie stuk oor seekatte en wat ons doen om oukei te wees – daar is baie om oor te lag, maar, vir balans, ook heelwat om oor te huil.

*'n Ko-produksie van Innibos en die Vrystaat Kunstefees.*

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 75 MIN.**
**R180 (VOORAF) ▪ R165 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R195 (BY DIE DEUR)**
**VAN REEDE-SKOOLSAAL (HOOGSTRAAT)**

**2 APRIL 10:00 ▪ 3 APRIL 18:30 ▪ 4 APRIL 10:00**



# Kafka's Ape

**DRAMA**

MET **Tony Bonani Miyambo** TEKS **Franz Kafka** REGIE **Phala Ookeditse Phala** VERHOOGBESTUURDER **Matjamela Motloung** VERVAARDIGER **Noma Yini**

*Kafka's Ape* is 'n meedoënlose, ontstellende belydenis van 'n voormalige aap wat uit sy hok ontsnap het deur te leer om "beskaafde" mense na te boots. Vasgevang in 'n pak en met foutlose taalgebruik, doen Red Peter verslag aan 'n akademie wat hom ontleed soos 'n proefkonyn, terwyl hulle terselfdertyd sy "vordering" toejuig. Wanneer 'n swart Suid-Afrikaner hierdie byna-menslike wese vertolk, skeur die stuk die geskiedenisse van rassekarikature, wetenskaplike rassisme en die politiek van fatsoenlikheid ("respectability") oop. Dit vra: Wat moet jy van jouself afsny om as mens aanvaar te word – en is oorlewing die moeite werd as jy uiteindelik jou eie tronkbewaarder word? **Bekroon met die NIHSS-prys vir beste publieke optrede (2017), beste satire by die United Solo Festival in New York (2019) en vir uitstaande optrede by die Praque Fringe (2019).**

ENGELS ▪ GEEN O. 10 G ▪ 55 MIN.
R130 (VOORAF) ▪ R120 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R140 (BY DIE DEUR)
LAERSKOOL WESBANK-TEATER (VREDESTRAAT)

**1 APRIL 09:30 ▪ 3 APRIL 13:30 ▪ 4 APRIL 09:30**




FOTO: ZIVANAI MATANGI

# Kurt Schoonraad: Funny Side Up

**STAND-UP**

MET **Kurt Schoonraad** TEKS **Kurt Schoonraad** REGIE **Dave Levinson**

Na uiters suksesvolle optredes by die Baxter-teater in Kaapstad en Montecasino in Johannesburg, kan Oudtshoorn gereed maak vir ’n skaterlag-ervaring met een van Suid-Afrika se bekendste en invloedrykste komediante, Kurt Schoonraad. Met sy kenmerkende skerp humor, warmte en unieke Suid-Afrikaanse blik op die lewe, neem *Funny Side Up* die gehoor op ’n komiese reis deur die absurditeite van die moderne bestaan – van alledaagse chaos tot die soeke na ’n silwer randjie in ’n wêreld wat voortdurend verander. Die beste manier om te oorleef, is soms bloot om die “funny side up” te hou!

ENGELS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 70 MIN.
R160 (VOORAF) ▪ R145 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R175 (BY DIE DEUR)
KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORNSAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)

**1 APRIL 19:30 ▪ 2 APRIL 19:30**



# Magda Louw en haar Erhard: How Louw can you go?

**KOMEDIE**

MET **Hannes van Wyk en Desiré Gardner** TEKS **Desiré Gardner** REGIE **Desiré Gardner en Hannes van Wyk** VERHOOGBESTUURDER **Gerrie Visser** PRODUKSIEBESTUURDER **Nelius Ferreira** VERVAARDIGER **Artist Warehouse**


Magda en Erhard het beplan om die gehoor te beïndruk – goeie storie, goeie humor, goeie waarde vir geld. Maar Erhard vergeet waar hy is, Magda probeer red wat te redde is, en die dans ... wel, dis maar “Louw-warm”. Tog groei daar, tussen die chaos en die komedie, ’n eerlike gesprek oor die kuns van oudword en die lewensprente wat ons almal verf. Deur lag en nostalgie ontdek hulle dat selfs wanneer die verf opdroog, bly daar steeds kleur oor om te bewonder. ’n Warm, wys en onweerstaanbare menslike vertoning vol humor en hart. **’n Topverkoper by die Vrystaat Kunstefees in 2025 en benoem vir vier Momentum Aardklop-pryse, waaronder beste toneelaanbieding.**

*Ondersteun deur die Vrystaat Kunstefees.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 70 MIN.
R200 (VOORAF) ▪ R180 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R220 (BY DIE DEUR)
KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORNSAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)

**29 MAART 09:30 ▪ 30 MAART 16:00 ▪ 2 APRIL 16:30 ▪ 4 APRIL 09:30**





# Lemoene, Lemoene, Lemoene, Lemoene, Lemoene

**DEBUUT ▪ KOMEDIEDRAMA**

MET **Mienke Ehlers en Dean John Smith** TEKS **Sam Steiner** VERTALING, VERWERKING EN REGIE **Kanya Viljoen** OORSPRONKLIKE TITEL **Lemons, Lemons, Lemons, Lemons, Lemons** VERVAARDIGER **Unusual Bones, in samewerking met die KKNK**

In 'n Suid-Afrika waar mense net 140 woorde per dag mag gebruik, moet twee jong geliefdes leer om met stilte te leef, en om met woorde te baklei. Soos die beperkinge meer word, word die verhouding ook al hoe moeiliker om te beredder, en op die ou einde moet hulle mekaar vra of daar werklik nog iets oor is om te sê. Hierdie ontroerende stuk ondersoek wat liefde, vryheid en die krag van 'n mens se eie stem beteken.

*'n KKNK- en Suidoosterfees-produksie, moontlik gemaak deur NATi en ondersteun deur die Festival Enterprise Catalyst (FEC), in samewerking met The Jobs Fund.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 80 MIN.
R185 (VOORAF) ▪ R165 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R205 (BY DIE DEUR)
GIMSAAL (SCHEEPERSSTRAAT)

**28 MAART 11:00 ▪ 29 MAART 13:30 ▪ 2 APRIL 18:00 ▪ 3 APRIL 14:00 ▪ 4 APRIL 13:00**

## Markus (en die brandblusser op die derde verdieping)

**DEBUUT ▪ KOMEDIE**

MET **Vihann van Rooyen** TEKS, REGIE EN MUSIEK **Vihann van Rooyen** VERVAARDIGER **Spark in the Dark**

Op die derde verdieping van die Koekmuseum sit Markus met 'n sigaret in die hand. Hy is pas van sy angsmedikasie af en verwerk die afgelope drie jaar van sy universiteitsloopbaan met die hulp van 'n brandblusser. Hierdie produksie belig temas van identiteit, verlies, liefde en aanvaarding. Dit ontbloot die flitsbeelde van Markus se bestaan, die niks-en-niemands wat hy langs die pad ontmoet het en dít wat nog van hom oor is.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 16 T, S, V, D ▪ 50 MIN. ▪ R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR) ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**1 APRIL 11:00 ▪ 2 APRIL 15:30 ▪ 3 APRIL 13:00**





## Messy

**KOMEDIEDRAMA**

MET **Samantha Carlisle** TEKS **Samantha Carlisle** REGIE **Dara Beth** AGTERGRONDSTEM **Kamogelo Mhlantla** VERHOOGBESTUURDER **Cailyb Prinsloo** VERVAARDIGER **Spark in the Dark**

Soos *Love Island*, maar sonder die kontantprys, fokus *Messy* op Sam, 'n aanlyn sekswerker wat haar chaotiese verhouding met seks, liefde en intimiteit ondersoek. Van die masochistiese gebrabbel van die onbevoegde LO-onderwyser by haar konserwatiewe Metodiste-skool tot die onaansienlike mans wat sy soos *Pokémon*-karakters langs die pad versamel het, is *Messy* 'n ode aan al die teleurstellende *one night stands*, die kortstondige sekskapades en die teer oomblikke wat ons met mense deel wat ons uiteindelik teleurstel. *Messy* is vir die divas wat hulself hoor sê: "Miskien moet ek sommer net my werk los en foto's van my voete begin verkoop." Wenner van 'n Standard Bank Ovation-prys by die Nasionale Kunstefees in 2025.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

ENGELS ▪ GEEN O. 18 T, G, S, N ▪ 60 MIN. ▪ R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR) ▪ ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**28 MAART 22:00 ▪ 29 MAART 09:00 ▪ 4 APRIL 20:00**

## Netphlix

VONK PROP

SATIRE

MET **Sophie Joans** TEKS **Sophie Joans** MUSIEK **Ryan Stopforth** VERHOOGBESTUURDER **Cailyb Prinsloo** VERVAARDIGER **Spark in the Dark**

*Netphlix* is 'n vinnige, hoogs energieke satire van aanlyn stroomreuse. Sophie Joans, bekroonde teatermaker en komediant, gebruik improvisasie, fisieke teater, komedie en sketse om lewe te gee aan al jou gunsteling- aanlyn reekse. Met slegs 'n handvol rekwisiete en een stoeltjie, nooi sy lede van die gehoor om deel te word van die chaos op die verhoog. Wenner van 'n Standard Bank Ovation-prys by die Nasionale Kunstefees in 2025.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

ENGELS ▪ GEEN O. 13 T, S ▪ 60 MIN.
R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)
ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**3 APRIL 11:00 ▪ 4 APRIL 09:00 ▪ 4 APRIL 15:30**



FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

## Oepsie

DEBUUT ▪ STAND-UP

MET **Christie van Niekerk** TEKS EN MUSIEK **Christie van Niekerk** REGIE **Ané Koegelenberg** VERVAARDIGER **Didie Damzel Produksies**

*Oepsie*, die vertoning wat jou laat dink: "Het sy rêrig 'n liedjie daaroor geskryf?!" Christie van Niekerk nooi jou na 'n komedie wat ewe veel eerlik, ongemaklik en blooswaardig is. Dis verskille tussen die geslagte, ontmoetings wat ontnugter en die prys van bestaan – in die vorm van 'n musikale komedie. Met tong-in-die-kies-humor wys sy dat lag dalk die enigste manier is om sin van dit alles te maak. Hoe anders vra jy vir daardie één oom om jou asseblief op te hou "poplap" noem en aan jou heup te vat?! *Oepsie* ...

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 16 T ▪ 60 MIN.
R160 (VOORAF) ▪ R145 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R175 (BY DIE DEUR)
NETWERK24-FEESKAFEE

**28 MAART 18:00 ▪ 29 MAART 20:00 ▪ 31 MAART 16:00 ▪ 4 APRIL 20:00**



FOTO: B-YOU PHOTOGRAPHY



## Ouma en die ou koeie

**DEBUUT ▪ KOMEDIE**

MET **Margit-Meyer Rödenbeck en Coenraad Rall** TEKS, REGIE EN LIRIEKE **Jurgen Human** MUSIEKREGIE **Coenraad Rall** VERVAARDIGER **Arena Produksiehuis**

Soos ons ouer word is meeste mense geneig om (gerieflikheidshalwe) sekere dinge te begin vergeet. En dis gewoonlik die goed wat ons nie *wil* onthou nie. En dié wat ons *wil* onthou, kry mos mettertyd allerhande "versierinkies" by. 'n Halwe waarheid in die 50's, word 'n voldonge feit 50 jaar later. 'n Wolhaarstorie word ge-"blow-dry" tot 'n manjifieke "beehive", en 'n besope "one-night stand" verander jare later in 'n pragtige kortstondige romanse. Hierdie komedie-kabaret gaan jou een oomblik laat skaterlag en die volgende oomblik saggies laat snak na jou asem, want jy mag jouself dalk net herken. En natuurlik altyd met 'n skeut nostalgie. Van Ouma se debuut in *Ouma is op pad* skryf 'n gehoorlid: "Margit Meyer-Rödenbeck neem jou op 'n super-humoristiese en verfrissende wyse op reis deur 'n veranderende wêreld! Jy huil soos jy lag, terwyl ernstige waarhede jou lag-lag tref. Uitstekend!"

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 75 MIN.**
**R200 (VOORAF) ▪ R180 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R220 (BY DIE DEUR) ▪ KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORNSAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)**

**28 MAART 18:30 ▪ 29 MAART 13:00 ▪ 3 APRIL 13:00 ▪ 4 APRIL 13:00**

## Pas

VONK PROP

**DRAMA**

MET **Carin Fourie en Bronlyn van Rhyner** TEKS, REGIE EN VERHOOGBESTUURDER **Matthew Smith** VERVAARDIGER **Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport**

*Pas* is 'n atmosferiese stuk wat afspeel teen die harde werklikhede van die apartheid-era in Suid-Afrika. Die drama volg vir Johanna, 'n jong vrou wat gedwing word om skielik te vlug, en Beverly, die ouer kollega wat onverwags haar gids word, deur 'n wêreld gevorm deur mag, vrees en onuitgesproke geskiedenisse. Terwyl hulle deur verborge netwerke, gevaarlike onderhandelings en die gewig van hul verlede navigeer, kom vrae oor lojaliteit, identiteit en oorlewing na die oppervlak. *Pas* vermeng spanning, herinnering en donker humor om te verken hoe buitengewone omstandighede gewone vroue in die gesig staar, en laat die gehoor die waarheid agter hul reis ontrafel. **Wenner van die DCAS-dramafees in 2025.**

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

**AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 60 MIN.**
**R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)**
**ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)**

**28 MAART 17:30 ▪ 29 MAART 11:00**



## Play Things

VERSKEIDENHEID

MET **verskeie kunstenaars** VERVAARDIGER **Spark in the Dark**

Die opwindendste vertoonvenster vir nuwe werk. *Play Things* is Suid-Afrika se gunstelingruimte vir nuwe werk. Monoloë, sketse, towerkuns, komedie, teksvoorlesings, narrespel en meer. Kyk hoe jou gunstelingkunstenaars hul nuwe idees en onafgeronde werke toets voordat dit volwaardige produksies word, of ontdek opkomende talent nog voordat hulle die aandag trek. *Play Things* het by die Alexander Bar ontstaan en is al meer as tien jaar aan die gang! Dit pak die teaters vol in Kaapstad en is die afgelope drie jaar nou ook ’n gewilde instelling by die Nasionale Kunstefees – *Play Things* is net die ding om jou aand mee af te sluit met ’n heerlike kleurvolle mengelmoes van variété-optredes.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*




ENGELS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 60 MIN. ▪ R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)
ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**31 MAART 20:00 ▪ 1 APRIL 20:00 ▪ 2 APRIL 20:00 ▪ 3 APRIL 22:00 ▪ 4 APRIL 22:00**

## Please, Don’t Call Me Moffie

DRAMA

MET **Anzio September** TEKS, REGIE, VERHOOGBESTUURDER EN VERVAARDIGER **Zubayr Charles**

Nadat hulle ’n aanlyn video van ’n brutale, homofobiese aanval in ’n onbekende land gesien het wat wyd versprei is, reageer vyf jong, bruin mans daarop en deel hul ervarings van hoe dit was om queer groot te word en hoe hulle met hul identiteit geworstel het. Met sy vertolking van al vyf karakters gee Anzio September lewe aan hierdie kragtige teks en toon sy virtuositeit op die verhoog in hierdie diepgaande, uitdagende soloproduksie. Die teks is oorspronklik in 2023 by die KKNK se Teksmark aangebied en die produksie voltooi in 2026 ’n volle sirkel wanneer dit by die KKNK op die verhoog is.

ENGELS, KAAPS EN ARABIES ▪ GEEN O. 16 T, G, N ▪ 50 MIN. ▪ R145 (VOORAF) ▪ R130 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R160 (BY DIE DEUR) ▪ LAERSKOOL WESBANK-TEATER (VREDESTRAAT)

**29 MAART 09:30 ▪ 31 MAART 19:30 ▪ 1 APRIL 13:30**





## Police Cops: The Original

**KOMEDIE**
MET **Zachary Hunt, Nathan Parkinson en Tom Roe**

’n Wêreldklas-trefferkomedie. Die vooraanstaande Britse komiese trio herbesoek die treffer waar dit alles begin het – dit is tyd vir herlaai, maar groter en snaakser as ooit. Dis 1976, die pligsgetroue nuweling Jimmy Johnson is vasbeslote om sy broer se dood te wreek ... en hy moet dit alleen doen (saam met ’n kollega). Hy begin saam met Harrison, ’n gediskrediteerde speurder, die geheime van ’n saak wilder as hul snorre oopkrap. Die wêreldwye treffer was uitverkoop in Londen se Soho-teater en by die Edinburgh Festival Fringe, en het pryse gewen van Melbourne tot Toronto en van Brighton tot Kaapstad, en resensente is in vervoering daaroor. ’n Feesgunsteling waar dit ook al aangebied word.

**ENGELS ▪ GEEN O. 10 OB ▪ 60 MIN. ▪ R200 (VOORAF) ▪ R190 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R220 (BY DIE DEUR) ▪ KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORN-SAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)**

**31 MAART 09:30 ▪ 1 APRIL 13:00 ▪ 2 APRIL 09:30**

## Raunchy Renditions

**VERSKEIDENHEID**
MET **verskeie kunstenaars**
VERVAARDIGERS **Sophie Joans, Syd Strydom en Kelly Smith**

*Raunchy Renditions* is Suid-Afrika se eerste sekspositiewe storievertelplatform waarvan die gewildheid al hoe meer toeneem. Dit is geïnspireer deur podsendings soos *The Moth* en *Bawdy Storytelling*, met vyf dapper storievertellers wat hul innemend ongemaklike, skreeusnaakse en gewaagde seksuele (wan)avonture deel. Dit is in 2019 deur Sophie Joans, Syd Strydom en Kelly Smith begin, en sedertdien het *Raunchy Renditions* landwyd uitverkoopte vertonings gehad. Jy sal stories hoor wat jou oë laat rek en jou mond laat oophang, verhale wat jou sal laat skater, en – bowenal – mense bemagtig om weg te breek van die skaamte rondom die onderwerp van (sjjj) seks ... Verlustig jou in die waagmoedige en sluit by ons sekspositiewe storievertelgemeenskap aan.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

**ENGELS ▪ GEEN O. 18 T, S ▪ 60 MIN.
R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)
ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)**

**31 MAART 22:00 ▪ 2 APRIL 22:00**



## Rescue Remedy

VONKPROP

**KOMEDIEDRAMA**
MET **Roland du Preez** TEKS **Roland du Preez** REGIE **Tailyn Ramsamy** VERVAARDIGER **Remedy Productions**

Niemand het 'n gemaklike verhouding met hul pa nie. *Rescue Remedy* is 'n queer kind se skreeusnaakse, tragiese poging om hul kragdadige pa halfpad te ontmoet. Letterlik, op die N2. Met hoogtepunte uit 'n plofbare verhouding wat ter sprake kom, word die liefde, misverstande en woede tussen 'n pa en kind blootgelê, wat alles terugskouend ook snaaks is. *Rescue Remedy* belig die wêreld van queer mense in die Suid-Afrika van vandag, 'n soldaat se trauma en kwessies van geestesgesondheid. Kan pa en kind hul ego's opsy skuif? Dalk is daar hoop. Liefde is rede genoeg om aan te hou praat.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GEEN O. 10 T ▪ 55 MIN. ▪ R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)
ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**31 MAART 11:00 ▪ 1 APRIL 15:30 ▪ 2 APRIL 17:30**



FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

## Reünie

**KOMEDIEDRAMA**
MET **Frank Opperman** TEKS **Dana Snyman** REGIE EN BELIGTINGSONTWERP **De Klerk Oelofse** PRODUKSIEBESTUURDER **Marie Vogts**

Dit is dieselfde skoolsaal, maar 43 jaar later by die reünie van die 1980-matriekgroep. Adam Boshoff tree as verteller op, maar deur die loop van die aand kry verskeie klasmaats 'n beurt agter die mikrofoon om hul sê te sê. Lank terug het almal saam 'n tragedie beleef wat hulle nou vir die eerste keer regtig konfronteer. Dana Snyman en Frank Opperman snoer weer kragte saam – verwag dieselfde fyn spot, deernis en 'n tikkie nostalgie. **Frank Opperman is bekroon met die kykNET Fiësta-prys vir beste akteur vir sy spel in dié stuk.**

*'n Innibos-produksie, ondersteun deur NATi.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 10 T ▪ 70 MIN.
R215 (VOORAF) ▪ R195 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R240 (BY DIE DEUR)
GIMSAAL (SCHEEPERSSTRAAT) EN SANW-OUDITORIUM (PARKWEG-NOORD)

**30 MAART 18:30 ▪ 3 APRIL 09:30**



## Rondomtalie / Marry-go-round

**KOMEDIEDRAMA**

MET **Margit Meyer-Rödenbeck, Deon Lotz en Gary Naidoo** TEKS, REGIE EN VERHOOGBESTUURDER **Rafiek Mammon** VERVAARDIGER **Rafiek Mammon en Arena Produksiehuis**

Raak vir 70 minute 'n voyeur as jy inloer by die derde van ses terapiesessies van 'n paartjie wat hul huwelik van 12 jaar probeer red. Olivia het vir Alan op heterdaad op die kombuistafel met 'n ander vrou betrap. En sy is soos 'n vasgehaakte plaat wat hom in geen onseker terme en "kleurvolle" taal 'n oomblik daarvan laat vergeet nie. Voeg hierby 'n Indiese verhoudingsterapeut, Mahesh Maharaj, wat klaarblyklik die beste in die bedryf is met sy "alternatiewe" metodes en dinge begin vir seker "rondomtalie" draai. Nie vir sensitiewe en preutse kykers nie. Deon Lotz is benoem vir beste akteur by Momentum Aardklop in 2025.

*Ontwikkeling ondersteun deur die Suidoosterfees.*

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GEEN O. 16 T, S, V ▪ 70 MIN. ▪ R190 (VOORAF) ▪ R175 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R200 (BY DIE DEUR)
VAN REEDE-SKOOLSAAL (HOOGSTRAAT)

**28 MAART 10:00 ▪ 29 MAART 18:30 ▪ 30 MAART 14:30**



FOTO: GYS LOUBSER

## Sade in Hollandse kombuise

VONK PROP

**DRAMA**


MET **Christine van Hees** TEKS **Christine van Hees** REGIE **Campbell Meas** VERVAARDIGER **Spark in the Dark**

Susan, 'n jong Suid-Afrikaner wat in 'n Afrikaanse huis gebore is, maar net Engels praat, gaan op 'n soektog na haarself. Is sy 'n "Boeremeisie"? Nie as sy dit kan help nie. Maar wat is sy dan? Watter sade groei in haar en watter dele van Afrikaans het wortelgeskiet? In hierdie eenvrouvertoning probeer Susan opdiep wie sy is en waar sy hoort, te midde van die sade en onkruid van haar Afrikaanse erfenis en besmette geskiedenis. Sy vind vertroosting én konfrontasie in familie, idees en ideologieë. Volg haar soos sy die grond omdolwe in haar soeke na haar eie behoort in die Afrikaanse smeltkroes. Wenner van 'n Standard Bank Ovation-prys by die Nasionale Kunstefees in 2020.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN OB, V ▪ 70 MIN. R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)
ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)

**30 MAART 11:00 ▪ 31 MAART 15:30 ▪ 1 APRIL 17:30**



# Seun

**DRAMA**

MET **Wilhelm van der Walt** BOEK **Dana Snyman** VERWERKING **Johann Smith** REGIE, STEL- EN BELIGTINGSONTWERP **Nico Scheepers** OORSPRONKLIKE MUSIEK **Kate Borthwick** VERVAARDIGER **Leftfoot Theatre Productions**

Dana Snyman deel in *Seun* die deel van sy storie waaroor hy nog nooit gepraat het nie: sy ervarings in die 1980's. Dit is die tyd van P.W. Botha se vinger, die Voëlvry-toer, AWB-saamtrekke, onderhandelings en die laaste dae van diensplig. Dana word oneervol ontslaan uit die weermag, maar eers maak hy 'n draai in Saal 24. Dié rou, onthullende memoires vra: Hoe word 'n seun 'n man? 'n Seun wat nie 'n meisie se aandag kan trek nie? 'n Seun wat nie goed genoeg is vir die weermag nie?

*Seun* is 'n aangrypende relaas oor grootword tydens die doodsnikke van 'n politieke stelsel, oor manlikheid en oor eer, en oor die liefde wat uiteindelik alles oorkom. **Wenner van vyf pryse by Momentum Aardklop 2025, waaronder beste toneelaanbieding, beste regie en gehoorgunsteling. Wenner van die Woordtrofee vir beste eenpersoonsvertoning by die Toyota Stellenbosch Woordfees in 2025.**

*Moontlik gemaak deur NATi en Innibos.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 S ▪ 75 MIN.
R220 (VOORAF) ▪ R200 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R240 (BY DIE DEUR)
GIMSAAL (SCHEEPERSSTRAAT)

**31 MAART 18:00 ▪ 1 APRIL 09:30 ▪ 2 APRIL 14:00 ▪ 3 APRIL 18:00 ▪ 4 APRIL 09:30**



FOTO: NEELS JACKSON

# Spoel

**DEBUUT ▪ DRAMA**

MET **Ira Blanckenberg, Theo Witbooi, Chantell Phillipus, Janion Kennedy en Melikhaya Blou** TEKS **Tiffany Witbooi** REGIE **Neil Coppen** PROJEKSIEONTWERP **Kirsti Cumming** STELONTWERP **Vaughn Sadie, Neil Coppen en Kirsti Cumming**

KAROO KAARTE

Die bekroonde *Karoo Kaarte*-span agter *Die Swartmerrie* keer terug met 'n splinternuwe drama uit dié projek se navorsing. In *Spoel* word Oudtshoorn onthou deur die mense wat geleer het om mooi te kyk. Die stuk volg vier Oudtshoorn-inwoners – fotograwe en kinders uit fotograaffamilies – wie se lewens oor geslagte heen voor en agter die lens ontvou het. Van 'n familie-ateljee waar mense hul enigste foto laat neem het tot roostuine, troues, begrafnisse en straatprotes het kameras stilweg die dorp se mees intieme én onstuimige oomblikke vasgevang. Een vrou hou haar familie se fotografiese nalatenskap lewendig, omring deur gesigte wat nie wil verdwyn nie. 'n Ander spoor haar geskiedenis na in foto's van geboortes, troues en gemeenskapsrituele. 'n Jong politieke fotograaf dokumenteer verset en die daaglikse realiteit van die struggle as joernalis vir *Saamstaan*. 'n Ouer waarnemer – fotograaf en skrywer uit een van Oudtshoorn se oudste bruin families – het oor dekades die dorp se sosiale, ekonomiese en politieke skuiwe deur sy lens gevolg, en vasgelê wat die geskiedenis dikwels wou uitvee. Gebore uit fotografiese argiewe en gemeenskapsversamelings ontvou *Spoel* deur fisieke spel, beweging en improvisasie. Beelde word herinneringe. Herinneringe word beweging. Die werk vra wie gesien word, wie onthou word, en wie die raam bepaal. *Spoel* is 'n liefdesbrief én 'n konfrontasie – 'n lewende argief waar landelike geskiedenisse asemhaal, terugpraat en aanhou beweeg.

*'n KKNK-produksie, ondersteun deur die Jannie Mouton-stigting, Het Jan Marais Nationale Fonds, Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport en Oudtshoorn-munisipaliteit.*

VEELTALIG ▪ GEEN O. 13 OB ▪ 90 MIN.
**R160 (VOORAF) ▪ R140 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R175 (BY DIE DEUR)**
LAERSKOOL WESBANK-TEATER (VREDESTRAAT)

**28 MAART 09:30 ▪ 29 MAART 19:30 ▪ 31 MAART 09:30 ▪ 2 APRIL 20:00 ▪ 3 APRIL 10:00 ▪ 4 APRIL 19:30**



## The Fool's Guide

**DEBUUT ▪ DRAMA**

MET **Andrew Buckland** TEKS **Andrew Buckland** REGIE **Janet Buckland** VERVAARDIGER **Mouthpeace**

Hierdie teaterstuk is geskep as 'n fisieke en performatiewe komiese besinning oor die raakpunte tussen kontemporêre tegnologie en Die Nar, Jan Alleman en Die Onskuldige. Met die noukeurige gebruik van fisieke spel en Buckland se aanleg vir satiriese verbale tekste en vokale spel, verken die produksie hoe sosiale media – ervaar deur die selfoon en, meer onlangs, vroeë weergawes van KI – die lewens van moderne mense beïnvloed.

*Moontlik gemaak deur die KKNK.*

ENGELS ▪ GESIN OB ▪ 60 MIN.
R160 (VOORAF) ▪ R145 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R175 (BY DIE DEUR)
VAN REEDE-SKOOLSAAL (HOOGSTRAAT)

**29 MAART 10:00 ▪ 31 MAART 10:00 ▪ 2 APRIL 18:30 ▪ 3 APRIL 10:00**



## The Ugly Noo Noo

**DRAMA**

MET **Andrew Buckland** TEKS **Andrew Buckland** REGIE **Janet Buckland** VERVAARDIGER **Mouthpeace**

In 1988 het Andrew Buckland, onder regie van sy vrou, Janet, 'n eenmanvertoning aangebied wat die landskap van Suid-Afrikaanse teater vir altyd verander het. *The Ugly Noo Noo*, geskryf en vertolk deur Andrew, vertel die verhaal van 'n man se ontmoeting met 'n insek. Nie sommer enige insek nie, maar die berugte Parktown prawn, wat veral gedurende die 80's en 90's in die voorstede van Johannesburg voorgekom het. Met skerp satiriese kommentaar, kragtige spel en 'n unieke teenwoordigheid op die verhoog, neem die stuk die gehoor op 'n onvergeetlike reis deur die komposhope en donker onderwêreld van voorstedelike lewe in die groot stad, en ondersoek – in skreeusnaakse besonderhede – die verhouding tussen vrees en mag in ons alledaagse bestaan. Die stuk het altesaam 17 nasionale en internasionale pryse ontvang, waaronder 'n Scotsman Fringe First en 'n Perrier Pick of the Fringe-benoeming by die Edinburgh Festival Fringe.

ENGELS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 60 MIN.
R160 (VOORAF) ▪ R145 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R175 (BY DIE DEUR) ▪ VAN REEDE-SKOOLSAAL (HOOGSTRAAT)

**28 MAART 18:00 ▪ 30 MAART 18:30 ▪ 1 APRIL 17:00 ▪ 4 APRIL 18:30**



## Vrou ens. 1.2

**SATIRE EN KOMEDIE**
MET **Mandri Sutherland** TEKS EN REGIE **Mandri Sutherland** VERHOOGBESTUURDER EN VERVAARDIGER **Jeandré Charl Hammond**

Mandri Sutherland (*Vroudrie*) keer vanjaar terug met *Vrou ens 1.2*. Dit handel oor die vrouens wat haar tot dusver, en steeds, definieer, kritiseer, irriteer, uitdaag en inspireer. Die stuk is 'n kombinasie van storievertelling en karaktervertolking. Sy gooi lig, liefde, humor en vet op die Afrikanervrou se swaarhede en waarhede. Kom luister, kom leer, kom deel in die *hype*, hoop en liefde van samesyn. Vind jou waarheid by hierdie jaar se grootste *safe space*. Maak seker jy loop nie dié *once in a lifetime*-geleentheid mis nie. Bekroon as beste aktrise en grensverskuiwende werk by die Vrystaat Kunstefees in 2023.

**AFRIKAANS • GEEN O. 16 T • 75 MIN.**
**R160 (VOORAF) • R145 (VRIENDE VAN DIE KKNK) • R175 (BY DIE DEUR)**
**NETWERK24-FEESKAFEE**

**1 APRIL 20:00 • 2 APRIL 18:00 • 3 APRIL 16:00 • 4 APRIL 18:00**





## With/Draw

**DEBUUT • FISIEKE TEATER**
MET **Diniva Marais en Aaminah Souma** REGIE EN CHOREOGRAFIE **Wyatt Afrika** VERHOOGBESTUURDER **Maseegha Moos**

Mense kom en mense gaan, maar familie is vir ewig ... reg? Twee susters verlustig hulle in die vreugdes van hul verhouding, bou aan die band tussen hulle en skep saam herinneringe. Maar wat gebeur wanneer een van hulle begin wegkwyn en haar losmaak van hierdie band, en wat gebeur wanneer die ander een weggeruk word daarvan? Kom saam op hul reis en deel in hul ervaring in *With/Draw*.

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

**ENGELS • GEEN O. 10 OB • 40 MIN.**
**R100 (VOORAF) • R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) • R110 (BY DIE DEUR)**
**ATKV-GRIESSELSAAL (LANGENHOVENWEG)**

**1 APRIL 13:00 • 3 APRIL 17:30 • 4 APRIL 11:00**

# Zip Zap Circus: MOYA



**SIRKUS**

MET **Jason Barnard, Jacobus Claassen, Phelelani Ndakrokra, Matthew Risk, Bridgette Berning, Luqmaan Benjamin, Akho Narwele, Liyema Nxobo, Vuyani Lottering en Masizakhe Kovi** REGIE **Brent van Rensburg** MUSIEK **Josh Hawks** CHOREOGRAFIE **Adele Blank** VERVAARDIGER **Zip Zap Circus School**

*MOYA*, geïnspireer deur die unieke Suid-Afrikaanse konteks, verken en vier die land se erfenis en kultuur in 'n akrobatiese vertoning wat soos 'n lewende skildery ontvou. Hierdie produksie vergestalt Nelson Mandela se droom van 'n Reënboognasie, met nege jong en dinamiese kunstenaars wat die gehoor saamneem op 'n veelkleurige reis deur die lens van die Zip Zap Circus – 'n mikrokosmos van Suid-Afrika. Suiwer vreugde, borrelende energie en asemrowende talent is net wat jy nodig het om 'n huppel in jou stap te sit.

**NIEVERBAAL ▪ GESIN ▪ 60 MIN.**
**R185 (VOORAF) ▪ R160 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R205 (BY DIE DEUR)**
**ABSA BURGERSENTRUM**

**28 MAART 11:00 ▪ 29 MAART 11:00**




FOTO: JOAN WARD

## kykNET: ‘Die oord’-voorskou

MET **Jana Strydom, Melissa de Vries en Waldimar Pelser** AANGEBIED DEUR **kykNET**



Sluit by ons aan vir ’n eksklusiewe vertoning van kykNET se splinternuwe drama, *Die oord*. Waldimar Pelser gesels met die hoofspelers van die reeks, Jana Strydom en Melissa de Vries. Kom ervaar *Die oord* presies soos waar die storie afspeel – op ’n kampterrein tussen vakansiegangers, kameeldoringhout, blikbekers en kampstoele. En maak jouself gereed vir ’n meesleurende dramareeks wat jou week ná week vasgenael gaan hou, eksklusief op kykNET, DStv-kanaal 144. Jou kaartjie sluit ’n boereworsrol en springmielies in.

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 16 V ▪ 120 MIN. ▪ R80**
**KLEINPLAAS HOLIDAY RESORT**

**31 MAART 18:00**





## kykNET-leefarea

Die kykNET-leefarea, geleë voor die Absa Burgersentrum, is die tuiste van ’n reeks teater- en ander gesprekke by die KKNK. Sluit aan by ons en leer meer oor die prosesse en spelers in van die voorste produksies by die fees. Ander interessante gesprekke word ook hier aangebied.

Dit is die perfekte uitspanplek om lekker saam met kykNET te kuier – daar is ook iets om te eet en te drink in die area beskikbaar.



# DANSTEATER



# GAT

**PLEKSPESIFIEKE DANSTEATER**

MET **Esmé Marthinus, Miché van Wyk, Arnold Klassen, Faroll Coetzee, Georgia Julies, Manon-Lee Saal, Druwayne Strauss en Keanu Samuels** TEKS **Esmé Marthinus en Miché van Wyk** REGIE, CHOREOGRAFIE EN ONTWERP **Byron Klassen** BELIGTINGSONTWERP EN VERHOOGBESTUURDER **Oscar Langdown** VERVAARDIGER **Garage Dance Ensemble**

*GAT* is 'n rou en kragtige dans-en-teaterproduksie. Die groep reis op 'n bakkie vol gebede deur emosies van swaarkry tot vreugde en gee gestalte aan hul gemeenskap se stories. Met beweging, teks, klank en elemente van die aarde, bied hulle 'n ritueel van skepping en vernietiging, geboorte en dood – 'n eerlike huldeblyk aan die geheue en veerkrag van 'n stukkende, maar lewenskragtige gemeenskap.

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 50 MIN.
R160 (VOORAF) ▪ R140 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R170 (BY DIE DEUR)
IEWERS (OVAALBAAN)

**29 MAART EN 30 MAART 19:30**



# The Reservation

**FEESDEBUUT ▪ DANSTEATER**

MET **Figure of 8 Dance Theatre-geselskap** TEKS EN REGIE **Buhle Ngaba en Wilken Calitz** MUSIEKREGIE **Shaun Oelf** CHOREOGRAFIE **Figure of 8 Dance Theatre, in samewerking met die geselskap** BELIGTINGSONTWERP **Nell van der Merwe** VERHOOGBESTUURDER **Eddie Newman** PRODUKSIEBESTUURDER **Marie Vogts** VERVAARDIGER **Figure of 8 Dance Theatre**

Jy word vanjaar uitgenooi om jou plek aan die tafel in te neem vir *The Reservation* – ’n gewaagde, meesleurende dansteaterproduksie wat ’n spieël vir ons sosiale gewoontes en begeertes voorhou. Hierdie gesinsvriendelike opvoering gaan beslis jou eetlus prikkel. Gevestig in die uitdagende wêreld van ’n bedrywige restaurant in die stad, bots borde en politiek, terwyl ’n à la carte-dis van beweging en betekenis bedien word. Dit is ’n ruimte waar vreemdelinge ontmoet, geliefdes stry en families herenig, terwyl kelners tussen werklikhede wals – ’n plek waar die kliënt altyd reg is ... en die sjef altyd bedonderd. Dis ’n paradys vir smaakmakers, waar selfies flits en geregte blink.

**AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GEEN O. 7 OB ▪ 60 MIN.**
**R140 (VOORAF) ▪ R125 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R155 (BY DIE DEUR)**
**GIMSAAL (SCHEEPERSSTRAAT)**

**31 MAART 09:30 ▪ 1 APRIL 14:00 ▪ 2 APRIL 09:30**



FOTO: GYS LOUBSER

# Wings of Light: Dance of an Angel

**DANSTEATER**

MET **Figure of 8 Dance Theatre** REGIE **Figure of 8 Dance Theatre** MUSIEK **Mauritz Lotz** CHOREOGRAFIE **Figure of 8 Dance Theatre, in samewerking met die geselskap** BELIGTINGSONTWERP **Nell van der Merwe** PRODUKSIEBESTUURDER **Marie Vogts** VERHOOGBESTUURDER **Eddie Newman** VERVAARDIGERS **Figure of 8 Dance Theatre en Suidoosterfees**

Mauritz Lotz se nuwe musiekkomposisie vir ballet en kontemporêre dans het gehore vanjaar by die Suidoosterfees in verwondering gelaat. Die musiek, wat in 2020 gekomponeer is, kan beskryf word as 'n "hibriede" werk vir moderne kontemporêre instrumente, orkes en koor. Dit is 'n boeiende en eteriese dansproduksie wat die transformerende reis van 'n engel ondersoek, wat vasgevang is tussen die goddelike en die aardse sfeer. In hierdie driedelige kort dansproduksie word daar beweeg van die hemelse ryk, waar lig en harmonie heers, na die chaos en skoonheid van die aardse wêreld. Die dans vertel 'n storie van genade, weerloosheid en verlossing. Deur 'n betowerende mengsel van kontemporêre en klassieke dans bring die produksie 'n dans van transformasie – 'n herinnering dat daar selfs in oomblikke van 'n neerdaling skoonheid, lig en die potensiaal van 'n hergeboorte is. **Benoem vir die Momentum Aardklop-uitklopprys in 2025.**

NIEVERBAAL ▪ GESIN ▪ 25 MIN.
R95 (VOORAF) ▪ R80 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)
LAERSKOOL WESBANK-TEATER (VREDESTRAAT)

**30 MAART 09:30 ▪ 31 MAART 13:30**






**TBF** Teater Bystandsfonds
Theatre Benevolent Fund

**ABSA Rekening** 9305 193 377

**OWO Nommer** 930 000 322

Theatre Benevolent Fund · Theatre Benevolent Fund

www.tbfza.co.za

# OUDTSHOORN

BESIGHEIDSKAMER

SEDERT 1940




**St Johnstraat 152, Oudtshoorn**
**Helen Butler - Kantooradministrateur:**
**084 443 6320**

# BLITSTEATER

## 20-MINUUT-BLITSVERTONINGS



*Moontlik gemaak deur NATi.*

**GRATIS VIR FEESMARKGANGERS**



Zara West
Rene Cloete
Sonja Louw
Ané Kogelenberg
Nico Scheepers
Eldon vd Merwe
Mia Theunissen
Christie van Niekerk
Merwe van Gent
Lorraine Burger
Karli Heine
Mila Sobolewski
Chrizelle Strydom
Shannon Hendry
Lukhona Mkunyana
Kristen Fichardt
Marelize Viljoen

# BLITSTEATER BY KKNK 2026

Hierdie jaar is die vierde verfyning van ons dapper tog tot teater met 'n pols! As ons enigiets geleer het by Blitsteater, is dit dat kort-teater jou net so hard kan tref soos enige lang toneelstuk – soms vinniger!

Vir die KKNK se 30ste verjaarsdag haal ons nie ons voet van die pedaal af nie, inteendeel, ons trap plat. Verskeie uiteenlopende **20-minuut-blitsvertonings** vorm deel van hierdie jaar se aanbod. Kom loer in vir teater wat jou aan die skouers gryp en stukkie vir stukkie losskud uit die gewone. Hierdie jaar se groep kunstenaars is gevaarlik nuuskierig, en elke produksie nooi jou om saam te verken. Blitsteater is vir almal.

**Toegang tot die blitsvertonings is ingesluit by jou Feesmark-kaartjie.** Skiet deur na die feesterrein as jy 'n *gap* het of hang 'n dag hier rond as dit jou *vibe* is.

**Dis vars.**
**Dis vinnig.**
**Dis verniet.**

BETROKKENES **onder andere René Cloete, Nico Scheepers, Christie van Niekerk, Lukhona Mkunyana, Karli Heine, Merwe van Gent, Kristen Fichardt, Mila Sobolewski, Eldon van der Merwe, Chrizelle Strydom, Mia Theunissen, Ané Koegelenberg, Shannon Hendry, Marelize Viljoen, Sonja Louw, Zara West en Lorraine Burger**

**DAAGLIKS MET SESSIES TUSSEN 11:00 TOT 13:00 EN 15:00 TOT 17:00**



# Goed. Beter.
# Better Rewards.




## Kry 10% af in ’n kits

op 140+ van SA se gunsteling-handelsmerke.
Plus, nóg 5% af wanneer jy iets by die apteek koop, of ’n voorskrif inhandig.

B’s en V’s geld.

Dis-Chem
Better Rewards™




Kyk uit vir hierdie ikoon om **ons Better Rewards-produkte** by Oudtshoorn se Dis-Chem te koop. Winkel 3, Klein Karoo Markt.

## Sluit aan & spaar nou

**Skandeer die QR-kode en WhatsApp "Hi" om GRATIS by Better Rewards aan te sluit, of skakel *120*1085#**

# RSG en ATKV-Kuierkol

RSG en die ATKV se Kuierkol is terug by die KKNK en beslis dié plek om te wees vir die KKNK se 30ste verjaarsdag! Kom geniet 'n propvol program met regstreekse uitsendings, vermaak, speletjies vir oud en jonk, kinderpret en musiekoptredes.

Ontmoet en gesels met RSG se gewilde omroepers en geniet die heerlike versnaperings wat rondom die Kuierkol beskikbaar is. Maak 'n draai, ons sien jou daar!

**Die Kuierkol is oop van 10:00 tot laat.**

**SATERDAG 28 MAART 2026**

09:00 • Begin jou dag saam met RSG
10:00 • Saterdag Sprankel met Sue Pyler-Slabbert
13:00 • Oompie gaan met vakansie
13:30 • Lientjie Sothmann
14:00 • Oom Karoolus en Lente
14:30 • BAZOO, die vriendelike bergskilpad
15:00 • Blaaskansie
16:00 • Reggie Peace
17:15 • Dierbaar
18:30 • Kruger & Tutu
19:45 • Derek Slam Jam
20:30 • Ultra-Mal

**SONDAG 29 MAART 2026**

09:00 • Begin jou dag saam met RSG
10:00 • Willie Joubert
11:00 • Oompie gaan met vakansie
11:30 • Lientjie Sothmann
12:00 • Oom Karoolus en Lente
13:00 • Innes Benadé
14:00 • Idiome-vasvrae
14:30 • BAZOO, die vriendelike bergskilpad
15:00 • Blaaskansie
16:00 • Michael Lindt
17:15 • Venter
18:30 • Kezia Swartz
19:15 • Bacchus Nel en sy bra's
20:30 • Vrydenk Effek



## MAANDAG 30 MAART 2026

09:00 • Begin jou dag saam met RSG
10:00 • Regstreeks op RSG: Eloise Cupido
11:30 • Oompie gaan met vakansie
12:00 • Lientjie Sothmann
12:30 • Idiome-vasvrae
13:00 • Regstreeks op RSG: Martelize Brink
14:30 • BAZOO, die vriendelike bergskilpad
15:00 • Blaaskansie
16:00 • Petronel Baard
16:30 • Emile Hager
17:00 • Bier-uur met Beer Adriaanse
18:15 • Angela Kotze
19:00 • The Rocketzz New Generation
20:15 • Die Papier Family Band

## DINSDAG 31 MAART 2026

09:00 • Begin jou dag saam met RSG
10:00 • Regstreeks op RSG: Eloise Cupido
11:30 • Jak de Priester
12:00 • Halrika Breytenbach
13:00 • Regstreeks op RSG: Martelize Brink
14:30 • BAZOO, die vriendelike bergskilpad
15:00 • Blaaskansie
16:00 • Selby Williams
16:30 • Whaden Johannes
17:00 • Bier-uur met Beer Adriaanse
18:15 • P.J. Haasbroek
19:15 • Mr. Heinz
20:15 • Breez'n

## WOENSDAG 1 APRIL 2026

09:00 • Begin jou dag saam met RSG
10:00 • Regstreeks op RSG: Eloise Cupido
11:30 • Chareldine van der Merwe
12:30 • Liv Die
13:00 • Regstreeks op RSG: Martelize Brink
14:30 • Idiome-vasvrae
15:00 • Blaaskansie
16:00 • Janine Fourie
16:30 • Selby Williams, Whaden Johannes en Tamryn Paulse
17:00 • Bier-uur met Beer Adriaanse
18:15 • Kayla the Crow
19:00 • Melktertkommissie
20:15 • Dantanio Goodman

## DONDERDAG 2 APRIL 2026

09:00 • Begin jou dag saam met RSG
10:00 • Regstreeks op RSG: Eloise Cupido
11:30 • Almero
12:30 • Magé
13:00 • Regstreeks op RSG: Martelize Brink
14:30 • Idiome-vasvrae en Zonkie
15:00 • Blaaskansie
16:00 • Janine Fourie
16:30 • Christiaan Carstens
17:15 • Frederico Fortuin
18:00 • The Muses
19:15 • Millennium
20:30 • Blitz

## VRYDAG 3 APRIL 2026

09:00 • Begin jou dag saam met RSG
10:00 • Liza Grobler
10:30 • Idiome-vasvrae
11:00 • Frieda van den Heever
11:30 • Paasgedigte met Angie Gallagher
12:00 • Deon Meiring
13:00 • Neil Büchner
14:00 • Hou dié spasie dop
14:30 • Magé
15:00 • Blaaskansie
16:30 • Jason Baartman
16:30 • Edinia Citwa
17:15 • Vir nou net Magé
18:30 • Joshua na die Reën
19:45 • N1 Jozi
21:00 • GSTRING


## SATERDAG 4 APRIL 2026

09:00 • Begin jou dag saam met RSG
10:00 • Saterdag Sprankel met Sue Pyler-Slabbert
13:00 • N1 Jozi
14:00 • Jason Baartman
14:30 • Naaim Brieses
15:00 • Blaaskansie
16:00 • Angela Kotze
16:30 • Edinia Citwa
17:15 • Janie Bay
18:30 • Shaza
19:30 • L!SA
20:30 • Karel Bester en die Kraaines Band
21:30 • Rjay & LK


CAPE TOWN
OPERA
G . BIZET
CARMEN
19-31 MAY 2026
SCAN FOR MORE INFO OR VISIT OUR WEBSITE AT
WWW.CAPETOWNOPERA.CO.ZA
ARTSCAPE OPERA HOUSE

# MUSIEK





## A Victor Borge Tribute

**KABARET**

MET **Winand Grundling (klavier)** REGIE **Winand Grundling** VERVAARDIGER **Erns Grundling**

Winand Grundling, bekend as ’n top-orrelis, is ook ’n virtuose pianis en iemand met ’n natuurlike instink vir improvisasie en komedie. Hy het in die legendariese Victor Borge (1909-2000), die Deens-Amerikaanse komediant en pianis, inspirasie gevind om sy eie talent ten toon te stel met ’n fyn uitgewerkte huldeblyk wat daarna streef om Borge se werk aan plaaslike gehore bekend te stel. Borge se speelse en vermaaklike styl, tesame met foutlose tegniek, word deur Winand geïnterpreteer en op die planke gebring in ’n konsert wat beloof om gehore te laat skater én te stem tot nadenke. Winand is bekend onder KKNK-gehore as orrelis en is reeds met drie Kannas bekroon.

ENGELS ▪ GESIN ▪ 65 MIN.
R180 (VOORAF) ▪ R165 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R200 (BY DIE DEUR)
ABSA STUDIO (BANKETSAAL)

**28 MAART 13:00 ▪ 29 MAART 10:00**

## Albert Frost en James Grace: Twee wêrelde, twee kitare, een verhoog


**DEBUUT ▪ KONTEMPORÊRE EN KLASSIEKE MUSIEK**

MET **Albert Frost en James Grace**

Die twee kitaarmeesters Albert Frost en James Grace deel vir die eerste keer die verhoog. Hierdie vertoning beloof om ’n onvergeetlike musiekervaring te wees. Van vurige blues-riffs tot die elegansie van klassieke kitaar, bring Albert en James twee kitaarwêrelde byeen wat die passie en energie van die snare oor die eeue vier.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 70 MIN.
R170 (VOORAF) ▪ R150 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R185 (BY DIE DEUR)
ABSA BURGERSENTRUM

**3 APRIL 18:00**



# Amanda Strydom en Je-ani Swiegelaar: Tillie / Mathilda

DEBUUT ▪ MUSIEKTEATER

MET **Amanda Strydom, Je-ani Swiegelaar en Coenraad Rall (klavier)** TEKS **Amanda Strydom** REGIE **Christo Davids** MUSIEKREGIE **Coenraad Rall** MUSIEK **Amanda Strydom en Coenraad Rall** VERVAARDIGER **Amanda Strydom**

Twee prostitute, een oud, een jonk en onervare. Dis Tillie se eerste nag. Mathilda, die ou prostituut, ontferm haar oor die weerlose meisie van die platteland. Die twee vroue se stories word die universele stem van vroue in alle situasies. Met ’n goeie skeut humor, satire, tragedie en rou eerlikheid, bied die produksie ’n blik op die lewens van vroue waarop die samelewing dikwels neerkyk en ’n oordeel fel. Die storie word verweef met verwerkings en musiek deur Coenraad Rall.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GEEN O. 16 T, S ▪ 70 MIN.
R200 (VOORAF) ▪ R190 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R220 (BY DIE DEUR) ▪ ABSA BURGERSENTRUM

**30 MAART 11:00 ▪ 31 MAART 11:00**



FOTO: RINA G COETZEE

# As die mooi aan ons haak

KABARET

MET **Kristi Steyn, Christiaan van Zyl en Krayno Lategan** TEKS EN MUSIEKREGIE **Kristi Steyn**

Kristi Steyn is op reis deur Afrikaans om te bewys dat Afrikaans meer as ’n taal is. Word weggevoer met sang, klavier en tjello tussen nuwe en ou gedigte deur bekendes en onbekendes. Die liedjies en gedigte word verweef met stories en komiese staaltjies oor musiek, skep en die lewe van ’n indringer. Dit handel oor hoe dit voel om te lag, huil en verlang in Afrikaans. Die teaterstyle van Nataniël en Amanda Strydom word saamgevleg. Kom vier die Afrikaanse taal met saamlag, digkuns en nuwe liedjies in hierdie ode aan teater. Die stories van liefde en leed, lewe en dood, dinge van die aarde en van die hemel moet vertel word.

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.
R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)
DIE WINDPOMP (COWLEYLAAN)

**29 MAART 16:30 ▪ 30 MAART 10:00 ▪ 31 MAART 10:00**



## Anna Davel en Ilse Klink in harmonie

**DEBUUT ▪ KONTEMPORÊRE MUSIEK**

MET **Anna Davel, Ilse Klink en JJ Petersen** TEKS, REGIE EN VERVAARDIGER **Anna Davel** MUSIEKREGIE **JJ Petersen**

Musiek kan die siel sus en ’n boodskap van hoop en herstel bring. Dit dring soms met sagte note en melodieë die dieptes van ons wese binne, of dit kan woorde wat te lank ongesê is laat opstaan en ’n stem wat stil was laat brul soos ’n leeu. Twee vroue wat al vir jare stories vertel deur middel van musiek, film, teater, televisie en sang, span kragte saam om die tema van hoop te verken. Liedjies wat hulle op ’n persoonlike vlak raak, wat hulle deur uitdagings geïnspireer het, of sosiale kwessies takel waaroor hulle sterk voel, word gehoor. Elke lied is ’n reis deur tyd en ruimte, ’n brug tussen drome en werklikheid. Dit kan dalk herinner aan die nostalgie van ons jeug, of die skaduwees van verliese wat ons harte steeds saamdra.

*’n Ko-produksie van die KKNK en Suidoosterfees.*

**AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 75 MIN.**
R180 (VOORAF) ▪ R160 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R200 (BY DIE DEUR)
**ABSA STUDIO (BANKETSAAL)**

**30 MAART 10:00 ▪ 31 MAART 13:00**



FOTO: GYS LOUBSER

## Anna Davel en The Melisizwe Plaatjie Collective

**DEBUUT ▪ JAZZ**

MET **Anna Davel, Melisizwe Plaatjie, Kerwin Albertus, Henco Bester, Nande Mdlambuzi, Pizzo Magatyana en Stuart Martin** TEKS, REGIE EN VERVAARDIGER **Anna Davel** MUSIEKREGIE **Melisizwe Plaatjie**

Maak gereed om meegevoer te word met ’n onvergeetlike jazzkonsert wat die ryk tapisserie van plaaslike én wêreldmusiek vier. ’n Lewendige samesmelting van Suid-Afrikaanse jazztradisies en uitsonderlike musiekklanke van oor die wêreld heen word gehoor – van die rokerige klubs van New Orleans tot die ritmiese pols van Latyns-Amerika, van die elegansie van Europese jazz tot die siel van oorspronklike Suid-Afrikaanse vertelling. Met hul unieke stemme en meesterlike talente, belowe Melisizwe en Anna ’n klankreis wat kontinente en kulture oorbrug. **The Melisizwe Plaatjie Collective is benoem vir ’n Woordtrofee vir beste musiekproduksie (opelug en groepe) by die Toyota Stellenbosch Woordfees in 2025, terwyl Kerwin Albertus benoem is as beste opkomende kunstenaar.**

*’n Ko-produksie van die KKNK en Suidoosterfees.*

**AFRIKAANS, ENGELS EN VERSKEIE AFRIKATALE ▪ GESIN ▪ 75 MIN.** ▪ R150 (VOORAF) ▪ R130 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R170 (BY DIE DEUR) ▪ **ABSA STUDIO (BANKETSAAL)**

**2 APRIL 20:00 ▪ 3 APRIL 10:00**





FOTO: GYS LOUBSER

## Charl du Plessis Trio: 20 jaar

DEBUUT ▪ KLASSIEKE MUSIEK

MET **Charl du Plessis, Werner Spies en Peter Auret** MUSIEKREGIE **Charl du Plessis**
VERVAARDIGER **Charl du Plessis Productions**

Die Charl du Plessis Trio vier 20 jaar op die verhoog met 'n verbysterende versameling crossover-musiek – van Barok tot blues en boogie. Hierdie veelsydige ensemble het internasionaal naam gemaak met hul unieke verwerkings, virtuose spel en fyn genuanseerde interpretasies van klassieke werke in 'n jazzstyl. Dié feestelike uitvoering sluit hoogtepunte van bekroonde opnames en verhoogproduksies in. **Bekroon met die Kanna vir beste musiekproduksie by die KKNK in 2025.**

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN OB ▪ 70 MIN.
R195 (VOORAF) ▪ R180 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪
R210 (BY DIE DEUR) ▪ ABSA BURGERSENTRUM

**2 APRIL 14:30**



## Die Karoo Kunslied

**KLASSIEKE MUSIEK**

MET **Chris Vale, Klaus-Louis Jansen van Vuuren en Eugene Joubert** TEKS **Klaus-Louis Jansen van Vuuren en Franco Prinsloo** REGIE EN ONTWERP **Klaus-Louis Jansen van Vuuren** MUSIEKREGIE **Franco Prinsloo** TEGNIESE BESTUURDER **JJ Roberts** PRODUKSIEBESTUURDER **John Robbertse** VERHOOGBESTUURDER **John Robbertse** VERVAARDIGER **Franco Prinsloo Produksies**

*Die Karoo Kunslied* ondersoek hoe poësie, die landskap en musiek saamvloei in die Afrikaanse kunslied. Met die musiek van vroeë komponiste soos S. le Roux Marais en Pieter de Villiers tot hedendaagse meesters soos Franco Prinsloo, word die Suid-Afrikaanse landskap in klank vasgevang. Die program wissel van klassieke toonsettings van Leipoldt en Boerneef tot die luisterliedjie-tradisie van die 1970's, met werke soos "Toemaar die donker man" en "Kinders van die wind". Die Karoo dien as emosionele en simboliese kern vir 'n klankreis deur verlange, identiteit en verbondenheid.

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 80 MIN. ▪ R120 (VOORAF) ▪ R110 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R130 (BY DIE DEUR) ▪ ABSA STUDIO (BANKETSAAL)**

**31 MAART 20:00 ▪ 1 APRIL 13:00**



## Die kronieke van Buks

**DEBUUT ▪ MUSIEKTEATER**

MET **André Schwartz en Bryan Schimmel (klavier)** TEKS **André Schwartz** REGIE **Lihan Pretorius** VERVAARDIGER **André Schwartz**

In hierdie komiese kabaret blaf Buks koning in die stofstrate van Paul Roux. 'n Klein wit chihuahua wat dink hy is so groot soos 'n renoster. Buks trip-trap van huis tot huis, hoor die skinder, hoor die geheime. Hy word bederf met brokkies nuus en brokkies lekkernye. Buks is die toegangspoort tot die lewens van die dorpsmense. Die dorp val uitmekaar en almal lewe op die rand van chaos. Die karakters is eiesoortig en skrikwekkend identifiseerbaar. Tussen die seer en die humor lê die gestroopte musiek van onder andere Billy Joel, naatloos verweef in die narratief van hierdie dorpie. 'n Mikrokosmos van die wêreld waarin ons leef.

**AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 70 MIN. R195 (VOORAF) ▪ R175 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R215 (BY DIE DEUR) ABSA STUDIO (BANKETSAAL)**

**2 APRIL 13:30 ▪ 3 APRIL 16:30 ▪ 4 APRIL 10:00**








FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

## Die lewe en die langpad

**KONTEMPORÊRE MUSIEK**

MET **Elvis Blue, Floors Oosthuizen (kitaar) en Thinus Odendaal (tromme)** TEKS EN MUSIEK **Elvis Blue** KLANKINGENIEUR **Duane Brown** VERVAARDIGER **Elvis Blue Music**

’n Alomteenwoordige tema in die musiek van Elvis Blue is dikwels die pad wat elkeen van ons moet loop. Sy musiek en vertonings vertel gereeld die storie van die reisiger wat voel-voel sy pad moet vind deur hierdie deurmekaar wêreld. Kom saam met Elvis en van ons land se topmusikante op dié reis en verken weer die paaie wat deur ons almal se harte, gedagtes en lewens loop. Onthou weer die mooi stofpad-herinneringe van ons grootwordjare, en droom saam oor dit wat die langpad in die toekoms kan inhou. Dis nooit net ’n paar “liedjies” op ’n verhoog met dié kunstenaar nie, maar altyd ’n reis wat jou saamneem.

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 90 MIN.** R220 (VOORAF) ▪ R200 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R240 (BY DIE DEUR) ▪ **ABSA BURGERSENTRUM**

**28 MAART 14:30 ▪ 30 MAART 18:00**

## Die siel van Eugène Marais

**MUSIEKTEATER**

MET **Daniel Anderson en Paul Ferreira** TEKS EN REGIE **Amanda Bothma** MUSIEKREGIE **Paul Ferreira** BELIGTINGSONTWERP EN VERHOOGBESTUURDER **Barry Strydom** STELONTWERP **Wilhelm Disbergen** VERVAARDIGER **Wela Kapela Productions**

’n Dramatiese reis deur die innerlike wêreld van een van Suid-Afrika se mees komplekse en tragiese literêre figure. Hierdie kabaret speel af teen die agtergrond van ’n onstuimige tydperk in die Afrikaner- en Suid-Afrikaanse geskiedenis. Marais, ’n onwaarskynlike Afrikanerheld, pas nie netjies in die boksie van die tradisionele ikoon nie – en juis dáár lê sy betekenis. Die stuk volg sy metamorfose van ’n sjarmante jong joernalis en charismatiese student in Londen tot die gebroke, verslete man in sy latere jare.

**AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN OB ▪ 65 MIN.** R150 (VOORAF) ▪ R135 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R165 (BY DIE DEUR) ▪ **LAERSKOOL WESBANK-TEATER (VREDESTRAAT)**

**28 MAART 19:30 ▪ 29 MAART 16:30 ▪ 30 MAART 12:30**

# Die Vyftigers

**KONTEMPORÊRE MUSIEK**

MET **Neil Sandilands, Schalk Joubert, Gian Groen en Abel Kraamsaal** TEKS EN MUSIEK **Neil Sandilands, Schalk Joubert, Gian Groen en Abel Kraamsaal** REGIE **Neil Sandilands en Schalk Joubert** VERVAARDIGER **Neil Sandilands**

’n Klomp talentvolle manne het in 2025 hul eie 50 jaar om die son gevier – presies die helfte so oud soos ons geliefde Moedertaal. Maak jou reg vir vier kunstenaars met vier stories wat saamkom op een verhoog vir rou, eerlike musiek en om sin te maak van die laaste 100 jaar van taal en die laaste 50 jaar van lewe.



**AFRIKAANS ▪ GESIN OB ▪ 85 MIN. ▪ R230 (VOORAF) ▪ R210 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R250 (BY DIE DEUR)**
**ABSA BURGERSENTRUM**

**31 MAART 18:00**

# Een keer om die son: Die klankbaan

**MUSIEKTEATER**

MET **Almero Welgemoed en orkes, Ivan Botha en Donnalee Roberts** TEKS **Almero Welgemoed, Ivan Botha en Donnalee Roberts** MUSIEKREGIE **Almero Welgemoed** STELONTWERP **Miné Welgemoed** VERHOOGBESTUURDER **Janke Welgemoed** VERVAARDIGERS **GoodMood Productions en 17Films**

Die klankbaan van die gewilde kykNET-drama *Een keer om die son* word na die verhoog gebring. Ervaar die musiek van albei seisoene, sowel as die stories wat hierdie reeks en musiek geïnspireer het. Ivan Botha en Donnalee Roberts vertel tussen die musiek deur waar hierdie verhaal gebore is en watter impak dié storie op hul eie lewens gehad het.

*Ondersteun deur kykNET.*



**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 90 MIN. ▪ R220 (VOORAF) ▪ R195 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R240 (BY DIE DEUR) ▪**
**ABSA BURGERSENTRUM**

**31 MAART 14:30 ▪ 1 APRIL 14:30**

# voluit FEESMARK!

## Feesmark se musiekverhoë

MET **voluit musiek deur van jou gunstelinge**

Ure se musiekvermaak vir die hele gesin wag op die Feesmark se twee verhoë. Optredes deur van Suid-Afrika se gunstelinge gaan jou hier vermaak: Deur die dag op die Checkers Kuierverhoog en vanaf laatmiddag of vroegaand op die Feesmark-verhoog. Kry die volledige program vanaf bladsy 139 en onthou ál die musiek hier is ingesluit by jou Feesmark-kaartjie! Lees ook meer oor die *Voluit Openingskonsert* (bladsy 135), *Kaktus* (bladsy 125) en *Karoo Pops* (bladsy 127). Maak gereed vir 'n voluit klankervaring en vier drie dekades van die KKNK elke dag hier saam met ons. Sien jou daar.

**VEELTALIG ▪ GESIN**
**FEESMARK-MUSIEKVERHOË**
**INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE**

**28 MAART TOT 4 APRIL VAN VROEG TOT LAAT**



## Francois van Coke: Hoe ek dit onthou

**DEBUUT ▪ MUSIEKTEATER**

MET **Francois van Coke en Richard Onraet** TEKS **Francois Badenhorst** REGIE **Francois van Coke** VERVAARDIGER **VCK Music**

Sluit aan by Francois van Coke vir 'n intieme vertoning met akoestiese verwerkings van sy bekendste liedjies en die agtergrondstories oor sy 23 jaar lange musiekloopbaan. Kitaarspeler Richard Onraet begelei hom terwyl hulle die liedjies opvoer wat Francois bekend gemaak het as hoofsanger van Fokofpolisiekar en Van Coke Kartel en as bekroonde solokunstenaar. Francois vermaak met agtergrondstories van sy tydlose treffers, waaronder "Toe vind ek jou", "Dagdrome in suburbia", "Aande" en Fokofpolisiekar-classics soos "Komma" en "Ek skyn (heilig)".

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 90 MIN. ▪ R240 (VOORAF) ▪ R220 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R260 (BY DIE DEUR) ▪ ABSA BURGERSENTRUM**

**3 APRIL 11:00**




FOTO: LIAM LYNCH

## Hoort

**KABARET**

MET **Stephanie Baartman en Janine Neethling (klavier)** TEKS **Stephanie Baartman en Johann Slabbert** REGIE **Elzabé Zietsman** VERVAARDIGER **Drama Drama**

'n Semi-outobiografiese kabaret wat jou laat lag, huil en met nuwe oë na jou eie storie laat kyk. Dit vertel die verhaal van Stephanie, die dogter van twee pastore, wat haar plek in die wêreld soek te midde van haar gemengde agtergrond en ons komplekse geskiedenis. Met humor, patos en 'n mengsel van koortjies, ghoema, jazz en oorspronklike Afrikaanse komposisies besef sy: Om in te pas is een ding, maar om te behoort, is iets heeltemal anders.
**Wenner van die Woordtrofee vir uitsonderlike bydrae tot kontemporêre musiek: klein groepe by die Toyota Stellenbosch Woordfees in 2025.**



**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 80 MIN. ▪ R200 (VOORAF) ▪ R180 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R220 (BY DIE DEUR) ▪ ABSA STUDIO (BANKETSAAL)**

**1 APRIL 10:00 ▪ 2 APRIL 16:30 ▪ 4 APRIL 20:00**

# Jak de Priester: 25 jaar van songs

**DEBUUT ▪ KONTEMPORÊRE MUSIEK**

MET **Jak de Priester en orkes**

2001 was die jaar waarin Jak de Priester sy eerste groot treffer, "Sally Williams Nougat", geskryf het. Die daaropvolgende jaar wen hy die ATKV-Crescendo-kompetisie en stel sy eerste album bekend. Dit is ook die jaar waarin hy sy eerste vertoning na die KKNK bring. Dit is nou 25 jaar later – met talle liedjies, televisieprogramme en optredes later. Liedjies soos die temalied van *Binnelanders*, wat hom 'n huishoudelike naam in Suid-Afrika gemaak het. Hierdie jaar vier hy dit met hierdie trefferbelaaide konsert en 'n boek met sy liedjies.

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 90 MIN. ▪ R240 (VOORAF) ▪ R220 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R260 (BY DIE DEUR) ▪ ABSA STUDIO (BANKETSAAL)**

**28 MAART 10:00 ▪ 29 MAART 20:00 ▪ 30 MAART 16:30**





# KLAWER

**DEBUUT ▪ KONTEMPORÊRE MUSIEK**

MET **Rocco de Villiers en Hansie Roodt (kitaar en perkussie)** TEKS **Rocco de Villiers** VERVAARDIGER **Rocco Rocco Music**

Met sy geliefde klaviertreffers, oud én nuut, en die bekendstelling van sy nuwe boek, *KLAWER*, neem Rocco de Villiers die gehoor op 'n reis deur die klein, kleiner en kleinste dorpies van Suid-Afrika. Hierdie konsert is meer as net musiek – dit is 'n eerbetoon aan die mense en plekke wat sy pad oor 27 jaar gevorm het. Elke noot vertel van stofpaaie, samesyn, eenvoud en skoonheid. *KLAWER* is Rocco se dankbare geskenk aan die hart van die land: sy dorpe, sy stories, sy mense. 'n Intieme feesviering van musiek, herinnering en inspirasie – saam met Hansie Roodt op kitaar en bastrom.

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 80 MIN.**
**R260 (VOORAF) ▪ R240 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R280 (BY DIE DEUR)**
**ABSA BURGERSENTRUM**

**29 MAART 14:30**

## Lize Beekman: Tussen hier en daar

**KONTEMPORÊRE MUSIEK**

MET **Lize Beekman, Janine Neethling, Mauritz Lotz en Anjulie Nock** TEKS EN MUSIEK **Lize Beekman** MUSIEKREGIE **Janine Neethling** VERVAARDIGER **Lize Beekman**

Sanger-liedjieskrywer Lize Beekman is terug! Met haar nuwe album en vertoning, *Tussen hier en daar*, staan sy die kollig vol met van die mooiste melodieë en lirieke in Afrikaans uit haar kenmerkende skryfpen. Omring met van ons land se topmusikante sing sy vir jou stories gebêre in lirieke wat die alledaagse inkleur soos net Lize kan. Dit is gehalte- Afrikaanse musiek en beloof 'n intieme en sielvolle ervaring wat jou lank sal bybly.

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 70 MIN.**
**R190 (VOORAF) ▪ R170 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R210 (BY DIE DEUR)**
**ABSA BURGERSENTRUM**

**1 APRIL 18:30**



## Loki en Margot Live

**KONTEMPORÊRE MUSIEK**

MET **Loki Rothman**

Loki Rothman is Suid-Afrika se voorste kitaarvirtuoos. Sy vertoning is 'n rare geleentheid om hierdie bekroonde vervaardiger en musikant se besonderse talent buite sy ateljee te siene te kry. Deel in sy passie vir die kitaar terwyl hy saam met sy suster die stories en liedjies opvoer wat hom op sy musikale reis gevorm het.

**AFRIKAANS ▪ GESIN OB ▪ 70 MIN.**
**R170 (VOORAF) ▪ R150 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R185 (BY DIE DEUR)**
**ABSA BURGERSENTRUM**

**4 APRIL 14:30**



# KAKTUS

KONTEMPORÊRE MUSIEK

MET **Francois van Coke, Early B, Van Pletzen, BlackByrd, Booshle G. en Jack and the Weatherman**

*Kaktus* is terug! Dié musiekkonsert is sedert die ontstaan van die KKNK 'n hoogtepunt vir baie feesgangers, waar verskeie musiekgenres bymekaarkom. Ou bekendes, nuwe gesigte en harde klanke gaan sorg vir 'n partytjie wat jy nie sommer gou gaan vergeet nie.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN OB ▪ 390 MIN.
INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE
FEESMARK-VERHOOG

**2 APRIL 17:00**



## Luna Paige: Die reisigers

MUSIEKTEATER

MET **Luna Paige** TEKS EN MUSIEK **Luna Paige** VERVAARDIGER **Iluminar Productions**

Luna Paige sing oor die "groot reis" en die immer ontwykende eindbestemming. Sy verken ruimtes waar beweging, stilte van gees, selfliefde en aanvaarding harmonie bring. Sy stel gehore bekend aan die musiek wat sy tydens haar Suid-Afrikaanse én Europese reise, onder meer die Spaanse Camino, geskryf en by die huis getoonset het. As anonieme voyeur het sy soms wel in gesprek getree en saam gewonder oor die groot verskille, maar, belangriker, oor die groot ooreenkomste wat alle reisigers op hierdie wonderbaarlike planeet aan mekaar bind. Benoem as beste musiekproduksie by Momentum Aardklop in 2025.

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 10 OB ▪ 75 MIN.
R170 (VOORAF) ▪ R150 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R185 (BY DIE DEUR) ▪ DIE WINDPOMP (COWLEYLAAN)

**1 APRIL 10:00 ▪ 2 APRIL 14:00 ▪ 3 APRIL 20:00**



FOTO: ANSURETTE PRETORIUS

## Mathys Roets: Songs of Leonard Cohen

KONTEMPORÊRE MUSIEK

MET **Mathys Roets** TEKS EN REGIE **Mathys Roets** MUSIEK **Leonard Cohen** VERVAARDIGER **MVA Produksies**

Mathys Roets is een van die min kunstenaars in Suid-Afrika wat reg laat geskied aan Leonard Cohen se musiek. Ingesluit is van sy gewildste liedjies, van "Famous Blue Raincoat" en "Suzanne" tot "Hallelujah" en van die laastes wat Cohen opgeneem het. 'n Meesleurende reis deur die lewe van hierdie musieklegende se musiek wat aangevul word deur Roets se stories oor elke liedjie, soos deur Cohen vertel.

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 70 MIN.
R180 (VOORAF) ▪ R160 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R200 (BY DIE DEUR)
ABSA STUDIO (BANKETSAAL)

**30 MAART 13:00 ▪ 31 MAART 10:00 ▪ 1 APRIL 20:00**



# KAROO POPS

**KONTEMPORÊRE EN KLASSIEKE MUSIEK**

MET **Karen Zoid, Emo Adams, Phoebe Mgxaji, Richard Cock en ’n simfonieorkes**

*Karoo Pops* is ’n voluit klankervaring onder leiding van maestro Richard Cock en ’n simfonieorkes. Geniet ’n aand met ’n program propvol onvergeetlike oomblikke op die verhoog onder die Klein Karoo-sterreprag.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 90 MIN.
INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE
FEESMARK-VERHOOG

**29 MAART 20:00**



# MOORDBALLADES

## En ander minder vrolike verse uit die 'Groot Vreseboek'

**MUSIEKTEATER**
MET **Chris du Plessis** TEKS **Toonsetting van verskeie digters deur Chris du Plessis**

Die bekroonde joernalis en TV-regisseur Chris du Plessis het onlangs weer vir 'n slag sy musiekvernuf afgepoets met melodieuse weergawes van Afrikaanse verse uit die vorige twee eeue, "eerder as toonsettings van die *sexy sestigers* wat so gereeld opgedis word". Die meegaande deuntjies bestaan uit van tradisionele Keltiese volksballades en Zoeloe-straatkitaarmusiek tot bluegrass en rock 'n roll. Tussendeur praat en skerts hy oor die digters en die tydperke en omstandighede waarin hulle gewerk het. Gevra hoe hy die vertoning in een sin sou opsom: "Dis baie snaakser as wat die titel voorgee."

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 16 T ▪ 75 MIN.**
**R150 (VOORAF) ▪ R130 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R165 (BY DIE DEUR)**
**DIE WINDPOMP (COWLEYLAAN)**

**28 MAART 16:30 ▪ 29 MAART 10:00**



FOTO: WILLEM MULDER

# Ommitafel

**DEBUUT ▪ MUSIEKTEATER**
MET **Steffie le Roux en Mariette Galjaard** TEKS **Steffie le Roux** REGIE **Pierre-André Viviers** MUSIEK **Steffie le Roux en Mariette Galjaard**

Kom sit. Hier waar stories nog warm is en herinneringe soos stoom oor die geregte hang. *Ommitafel* is 'n intieme musikale reis oor mense, maaltye en momente wat ons bind. Een vrou deel haar kombuis, haar lag, haar verlange. Die lewe wat was, wat steeds gebeur, 'n familierusie, begrafnistoebroodjies en bredie, 'n nuwe liefde of net koue frikkadelle en die waarheid. Hier waar brood gebreek en harte geheg word, hier is jy welkom, ommitafel.

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 70 MIN.**
**R105 (VOORAF) ▪ R95 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R115 (BY DIE DEUR)**
**DIE WINDPOMP (COWLEYLAAN)**

**3 APRIL 10:00 ▪ 4 APRIL 10:00**



## Omwentelinge, 'n papierspel

**WOORDMUSIEK**
MET **Jana Cilliers en Koos Kombuis** TEKS, REGIE EN VERVAARDIGER **Jana Cilliers** MUSIEK **Koos Kombuis** PRODUKSIEBESTUURDER **Anna Davel**

Die woord *omwenteling* is afkomstig van die Latynse *circumvolvo* wat beteken "kronkelende bewegings". Binne hul afsonderlike spiraalwêrelde oorweeg Cilliers en Kombuis wat om te skryf of wat om te lees. En waar begin mens om na iets te luister? Hul eie realiteite kom deur woord en musiek na vore. Buitelyne in prosa, ingekleur deur Kombuis se unieke musikale uitdrukkings. *Omwentelinge* is 'n viering van die binneveld waar hul patrone en prosesse mekaar ontmoet. 'n Papierspel op note tussen twee kreatiewe swerwers.

*Ondersteun deur die Het Jan Marais Nationale Fonds.*

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GEEN O. 10 OB ▪ 60 MIN. ▪ R195 (VOORAF) ▪ R175 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R215 (BY DIE DEUR) ▪ ABSA STUDIO (BANKETSAAL)

**3 APRIL 13:00 ▪ 4 APRIL 13:00**



## PLEKTRUM

**DEBUUT ▪ MUSIEKTEATER**
MET **Mauritz Lotz, Schalk Joubert, Anjulie Nock en Peter Auret** TEKS EN REGIE **Ingrid Howard** MUSIEKREGIE **Mauritz Lotz** VERVAARDIGER **Tale Be Told Productions**

Die Mauritz Lotz-verhaal. Hy is die Suid-Afrikaanse musikant met meer as 4 000 opnames op sy kerfstok. Hy spog met twee Grammy-pryse en is self 'n beoordelaar van die Grammys. Hy is 'n kitaargenie, komponis en verwerker wat plaaslik en internasionaal respek afdwing. Maar van hierdie legende se lewe weet musiekliefhebbers min. Mauritz Lotz lig vir die heel eerste keer die sluier op sy merkwaardige loopbaan en sonderlinge talent. *PLEKTRUM* is 'n intieme, persoonlike en outentieke produksie waarin hy vir die eerste keer oor sy komvandaan praat. Die verhale, beeldmateriaal en musiek is roerend, insiggewend, briljant, onthutsend eerlik en verruimend. Kom ontmoet die mens agter die kitaar en vind uit van sy ongemaklike andersheid, sy deurlopende inspirasies, eie perspektiewe, komplekse lewe, insiggewende lewensfilosofie en drome – die genie met die plektrum in die hand. Die musikante wat met hom die verhoog deel is die room van ons bedryf.

*Moontlik gemaak deur die KKNK.*

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 75 MIN. R180 (VOORAF) ▪ R160 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R200 (BY DIE DEUR) DIE WINDPOMP (COWLEYLAAN)

**30 MAART 20:00 ▪ 31 MAART 13:30 ▪ 2 APRIL 17:00**



## Skandalig

**LAATNAG-KUIER**

MET **verskeie kunstenaars**

Fees voluit tot laatnag by Skandalig. Verwag hope musiekverrassings en lekker kuier, die perfekte manier om jou feesdag af te sluit (of te begin).

**AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 180 MIN.**
**GRATIS**
**NETWERK24-FEESKAFEE**

**28 MAART TOT 4 APRIL 22:00**

## Soos ’n lafenis

**KONTEMPORÊRE MUSIEK**

MET **Koos van der Merwe en Ryno Grobbelaar**
TEKS EN VERVAARDIGER **Koos van der Merwe**

In *Soos ’n lafenis* stel Koos van der Merwe sy nuwe digbundel, *die armkant van rykdom*, bekend. Daar is groot afwagting nadat sy gedigte oor die afgelope maande deur meer as 500 000 mense op sosiale media gelees is. Saam met hom op die verhoog is ’n kitaarspeler en sanger van formaat – Ryno Grobbelaar van Rhino and the Rasta-faam. ’n Hele paar eerstes word gehoor, maar omdat Koos ook die uitreiking van sy eerste album 35 jaar gelede vier, word een of twee nostalgiese nommers van dekades gelede ook afgestof. ’n Konsert wat die hartsnare sal roer.

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 90 MIN.**
**R160 (VOORAF) ▪ R145 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R175 (BY DIE DEUR)**
**DIE WINDPOMP (COWLEYLAAN)**

**28 MAART 13:30 ▪ 29 MAART 20:00 ▪ 30 MAART 13:30**



# SOOIBRAND

**FEESDEBUUT ▪ KONTEMPORÊRE MUSIEK**

MET **Nataniël en Charl du Plessis** KOSTUUMONTWERP **Floris Louw**

Nataniël se nuwe vertoning, *SOOIBRAND* (en ander tekens), is 'n intieme en musikale huldeblyk aan ligte ongemak, diepe skuldgevoelens, mediese skokke en volgehoue ontkenning. Hy bekyk met deernis, humor en vraagtekens hedendaagse arrogansie, ongesonde erfenis en daaglikse woede. Nataniël bring 'n wye verskeidenheid van musiek, verniel tydlose melodieë, vertel splinternuwe verhale en werp lig op van die grootste historiese raaisels.

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 OB ▪ 85 MIN.**
**R275 (VOORAF) ▪ R250 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R300 (BY DIE DEUR)**
**ABSA BURGERSENTRUM**

**1 APRIL 11:00 ▪ 2 APRIL 18:00 ▪ 4 APRIL 11:00**



FOTO: CLINTON LUBBE

# Stille vuur

**DEBUUT ▪ KONTEMPORÊRE MUSIEK**

MET **Frieda van den Heever, Coenie de Villiers, Mauritz Lotz en Deon Meyer** MUSIEK **Frieda van den Heever, Coenie de Villiers en Mauritz Lotz** LIRIEKE EN TEKS **Deon Meyer, Frieda van den Heever en Coenie de Villiers** BELIGTINGSONTWERP EN INKLEDING **Pieter-Jan Kapp** VERVAARDIGER **CDV Market Ideation**

Die wêreld het – meer as ooit – vrede nodig. Elkeen van ons het 'n versugting daarna. Die enigste manier om vrede in 'n gebroke wêreld te bewerkstellig, is om dit met passie na te jaag: Om 'n stille vuur van skoonheid te skep. Vier legendariese kunstenaars steek deur middel van musiek, liriek en vertelkuns hierdie vredesvlam aan. Frieda van den Heever en Coenie de Villiers skuif agter die klawers in met nuwe komposisies en bekende musiek in 'n ander gedaante. Kitaargenie Mauritz Lotz bring as volwaardige komponis en medeskepper sy orkestrale werk na die verhoog en – les bes – Suid-Afrika se bekroonde en geliefde skrywer Deon Meyer sluit as gasverteller op die verhoog aan met nuwe werk uit sy pen. Kom beleef hoe warm 'n stille vuur kán brand.

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 70 MIN.**
**R225 (VOORAF) ▪ R205 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R250 (BY DIE DEUR)**
**ABSA BURGERSENTRUM**

**2 APRIL 11:00 ▪ 3 APRIL 14:30 ▪ 4 APRIL 18:00**



# The Scullery Quintet: Stir-Fried Sonatas

KLASSIEKE, JAZZ- EN KONTEMPORÊRE MUSIEK

MET **Hana Yim-Wahl (viool), Waldo Alexander (viool), Tiisetso Mashishi (altviool), Viwe Mkizwana (kontrabas) en Peter Auret (tromme)** MUSIEKREGIE **Peter Auret**
VERVAARDIGER **The Scullery Quintet**

Maak gereed om jou musikale sintuie te prikkel met The Scullery Quintet se genotvolle vertoning van hul veelbekroonde *Stir-Fried Sonatas*. Dit is beslis nie 'n gewone klassieke konsert nie – dis 'n aanloklike mengsel van klassieke crossover-, jazz- en populêre musiek, wat beloof om jou ore te streel én jou waardering vir die buitengewone te prikkel. Stel jou voor: Van die wêreld se grootste komposisies, herverbeel met 'n knippie flair en 'n skeut kreatiwiteit – 'n fees vir die siel én die sintuie. Bring jou vriende, jou ritme en jou aptyt vir iets vars, en beleef die musikale towerkrag wat voor jou ontvou. **Wenner van die Momentum Aardklop-prys vir beste musiekgedrewe produksie en vir grensverskuiwende werk.**

ENGELS EN AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 70 MIN.
R160 (VOORAF) ▪ R145 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R175 (BY DIE DEUR) ▪ DIE WINDPOMP (COWLEYLAAN)

**1 APRIL 20:00 ▪ 2 APRIL 10:00 ▪ 3 APRIL 16:30**



# Twee oseane

**DEBUUT ▪ KONTEMPORÊRE MUSIEK**

MET **Vernette Wessels, Helenè Bester, Marius Wessels, Charlie Botha en Gavin Young**
TEKS, MUSIEKREGIE EN VERVAARDIGER **Vernette Wessels**

*Twee oseane* is ’n samewerking tussen twee unieke musikale entiteite, die groep Coffee Snobs en Helenè Bester, met die see as kerntema. Die see met sy magiese teenwoordigheid en prag het al talle besonderse musikale werke geïnspireer en met hierdie produksie vertolk Helenè Bester en Coffee Snobs hul gunsteling- kontemporêre liedjies oor die see. Die gehoor kan uitsien na nuwe verwerkings van bekende liedjies soos “Op Blouberg se strand”, “Orinoco Flow (Sail Away)” en “Bridge Over Troubled Water”. *Twee oseane* is ’n musikale produksie geskik vir alle ouderdomme. Word meegesleur deur die klankgolwe van tydlose treffers.

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 70 MIN.**
**R180 (VOORAF) ▪ R160 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R200 (BY DIE DEUR)**
**ABSA STUDIO (BANKETSAAL)**

**29 MAART 16:30 ▪ 30 MAART 20:00**





voluit

# OPENINGS-KONSERT

KONTEMPORÊRE MUSIEK

MET **musiek deur o.a. Coenie de Villiers, Amanda Strydom, Early B, Danie Reënwolf, Lynelle Kenned, Tasché, Zaan Sonnekus, Tino, Noemwoord, Da Vinci, Frederico Fortuin, Papier Family Band, Bianca Hendricks, skoolkore van Langenhoven Gimnasium, Hoërskool Oudtshoorn, Van Reede, Fezekile Secondary School en gasverskynings van o.a. Sandra Prinsloo, Albert Pretorius, Dawid Minnaar, Dean John Smith, Antjie Krog, Nicole Holm, Frank Opperman, Figure of 8 Dance Theatre en Calitzdorp se Kalliklip Vastrappers** REGIE **Nico Scheepers** MUSIEKREGIE **Janine Neethling**

Vier saam met ons drie dekades van die kunste, kultuur en onvergeetlike oomblikke by die KKNK met die *Voluit Openingskonsert* – 'n skouspelagtige huldeblyk aan 30 jaar van die KKNK op Oudtshoorn en die perfekte afskop vir dié fees! Hierdie spesiale opelugproduksie neem jou op 'n nostalgiese reis deur die fees se ryk geskiedenis, maar kyk ook voluit vorentoe. Dis meer as net 'n konsert – dis 'n viering van alles wat die KKNK was, is en beloof om nog te wees. Almal word genooi na hierdie unieke partytjie, waar gasverskynings deur gunstelingkunstenaars én hope Oudtshoorn-talent jou vir twee uur gaan vermaak.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 120 MIN.
INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE
FEESMARK-VERHOOG

**28 MAART 20:00**






## Vrou, vrouer, vrouste

**WOORDKUNS EN MUSIEKTEATER**

MET **Lidi de Waal en Petronel Baard** TEKS **Lidi de Waal** REGIE EN MUSIEK **Petronel Baard** VERVAARDIGER **Lang Vrou Produksies**

'n Unieke en hartroerende produksie met 'n kragtige en kunsryke kombinasie van woordkuns, musiek en lewenservaring. Humor en emosie word haarfyn gebalanseer en neem die gehoor op 'n reis vol lag, trane, hoop en selfontdekking. Volgens Lidi is dit 'n "snaakse, *sad*, hopelose, hoopvolle woord-, kuns- en musiekreis na jou vredevolle self". Die twee kunstenaars bied nie net vermaak nie, maar ook diep sielsinhoud en menslike insig in 'n formaat wat eg en treffend is. *Vrou, vrouer, vrouste* – maak die borstrok los en wees deel van hierdie viering van vrouwees, kreatiwiteit en menslikheid.

*Ondersteun deur die Cordis Trust.*

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 OB, T ▪ 90 MIN.**
**R145 (VOORAF) ▪ R130 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R160 (BY DIE DEUR)**
**DIE WINDPOMP (COWLEYLAAN)**

**31 MAART 16:30 ▪ 1 APRIL 13:00**

## Wat om te doen as die wêreld brand

**DEBUUT ▪ KABARET**

MET **Elzabé Zietsman en Jody Jason Petersen** TEKS EN REGIE **Bibi Slippers** MUSIEKREGIE **Jody Jason Petersen** VERVAARDIGER **Drama Drama**

Die wêreld is aan die brand, maar die engel/orakel/demi-godin wat die kliëntedienssentrum van die kosmos eiehandig beman, is afgeboek weens uitbranding. Die groot oor van die heelal is geheel en al oor dit. Wie gaan nou na die mensdom se gesanik luister, raad gee oor verhoudings en vure doodslaan waar hulle dreig om verwoesting te saai? In hierdie kabaret vertolk Elzabé Zietsman die rol van 'n "Vra dr. Adri"-*agony aunt*, vir alles en almal in die universum, met vurige vertolkings van bekende treffers en 'n pragmatiese benadering tot oorlewing in tye wat voel soos die einde van dae.

**AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 T ▪ 70 MIN.**
**R230 (VOORAF) ▪ R205 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R255 (BY DIE DEUR) ▪ ABSA STUDIO (BANKETSAAL)**

**2 APRIL 10:00 ▪ 3 APRIL 20:00 ▪ 4 APRIL 16:30**



## Willie Strauss: Tong in die quiche

**MUSIEKTEATER**

MET **Willie Strauss en Henry-John Williams** TEKS **Willie Strauss en Henry-John Williams** REGIE **Willie Strauss en Etienne Smith** VERVAARDIGER **Willie Strauss**

*Tong in die quiche* is radiopersoonlikheid, kabaretkunstenaar en tuiskok Willie Strauss se nuutste produksie. Willie se stem is herkenbaar oor die land heen en met sy aansteeklike lag vermaak hy gehore met sy Noord-Kaapse aksent. *Tong in die quiche* is stories, musiek en kosverhale in eg Willie Strauss-styl – vol kleur en geur met 'n knippie nostalgie en 'n maatbeker vol lag.

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.**
**R150 (VOORAF) ▪ R135 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R165 (BY DIE DEUR)**
**DIE WINDPOMP (COWLEYLAAN)**

**28 MAART 10:00 ▪ 29 MAART 13:30**



## Woordenaar

**DEBUUT ▪ KABARET**

MET **Churchil Naudé, Jackie Lätti, Riku Lätti en ander** TEKS EN MUSIEK **Churchil Naudé** VERVAARDIGER **Kroeskop Produksies**

*Woordenaar* is 'n klank- en woordryke reis deur die lewe en grootwordjare van 'n seun wat van wit en swart afkomstig is. Sy begin in die velde en vlaktes van die Oos-Kaap en sy verwarrende en vreemde ervarings op die Kaapse Vlakte. Hy word letterlik gered deur die letter. Die woord in sy mooiste vorm. Hoe meer gedigte hy lees, hoe meer weet hy wie hy is. Die reis word begelei deur 'n orkes, deur sang en narratief en dra mens op vlerke tot reg aan die einde wanneer die verwarde seuntjie 'n man met 'n stem word. **Churchil Naudé het in 2025 die Neville Alexander-eerbewys ontvang.**

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

**AFRIKAANS ▪ GESIN OB ▪ 60 MIN.**
**R120 (VOORAF) ▪ R110 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R135 (BY DIE DEUR)**
**ABSA STUDIO (BANKETSAAL)**

**28 MAART 16:30 ▪ 29 MAART 13:00**




ONS VIER 30 JAAR VAN KKNK
Kuns, kos en kuier saam met
Checkers
Kom besoek ons by die fees
HOHBCL9548

# FEESMARK



# voluit FEESMARK!

## Fees voluit in die Feesmark!

**MUSIEKVERHOË ▪ KINDERTEATER ▪ BLITSTEATER ▪ STALLETJIES ▪ PRETPARK ▪ EN NÓG BAIE MEER!**

Kry ongelooflike waarde vir jou geld op die KKNK se feesterrein! Ure se vermaak en pret wag hier op die hele gesin – alles op één plek. Optredes deur van Suid-Afrika se gunstelinge op twee **musiekverhoë**, betowerende **kinderteater in die Klein KKNK-teater** (bladsy 151) en **teatervermaak met Blitsteater** (bladsy 105) se blitsvinnige teaterhappies wag hier op jou.









Stap deur die hordes **stalletjies**, maak 'n draai in die KKNK-winkel, smul by die **kosstalletjies en koel af by die kroeë en gesellige kuierplekke.** Verdere opwinding en verrassings wag by verskeie borge- en ander aktiverings, met die geesdriftiges wat die **pretpark kan aandurf.** Dit maak nie saak of jy kom vir die musiek, teater, kuns of net die atmosfeer nie – die Feesmark is die perfekte plek om drie dekades van die KKNK op Oudtshoorn te vier. 'n Dag se kuier is nie genoeg nie, jy gaan elke dag 'n draai wil maak.

## Hoeveel kos kaartjies?

Kies tussen dagkaartjies of feeskaartjies teen 'n besparing. Onthou om jou kaartjies vir die Feesmark (soos jou teaterkaartjies) vooraf te koop, want dis goedkoper as by die hekke of deure. **Jou Feesmark-kaartjie sluit toegang tot al die musiek op die Feesmark-verhoë, die Klein KKNK-teater en Blitsteater in.**

## DAGKAARTJIES

**28 MAART TOT 4 APRIL**

R150 per dag (tot 27 Maart 2026) • R175 per dag (vanaf 28 Maart 2026)

## KINDERS

**7 TOT 13 JAAR** • R75 per dag (slegs beskikbaar by die hekke op die dag)

**ONDER 7 JAAR** • Gratis (met ouerbegeleiding)

## FEESKAARTJIES • Vermaak vir al 8 dae!

**ALGEMEEN**

R840 (tot 27 Maart) • R980 (vanaf 28 Maart)

**PENSIOENARISSE EN OUDTSHOORNIETE (SLEGS BESKIKBAAR BY KKNK-KANTOOR)**

R590 (tot 27 Maart) • R690 (vanaf 28 Maart)









# OP DIE FEESMARK SE MUSIEKVERHOË

## 28 MAART

Die **Voluit Openingskonsert** is die perfekte afskop vir drie dekades van die KKNK op Oudtshoorn! Met 'n program propvol gewilde treffers en hope verrassings, saamgestel deur Janine Neethling en onder regie van Nico Scheepers, gaan jy nie 'n enkele oomblik wil misloop nie. Op die verhoog is onder andere Early B, Coenie de Villiers, Amanda Strydom en vele ander (vanaf 20:00). Nóg optredes deur die dag sluit in Vrydenk Effek (22:00), Brendan Peyper (18:30), Bernice West (17:00), Martin Bester (15:30), Posduif (13:00) en Bacchus Nel en sy Bra's (10:30).

## 29 MAART

**Karoo Pops** is 'n voluit klankervaring onder leiding van maestro Richard Cock en 'n simfonieorkes. Geniet 'n aand met 'n program propvol onvergeetlike oomblikke, met Karen Zoid, Emo Adams en Phoebe Mgxaji op die verhoog onder die Klein Karoo-sterreprag (vanaf 20:00). Nóg optredes deur die dag sluit in Jo Black (18:30), Karlien van Jaarsveld (17:00), Rubber Duc (15:30), The Rocketzz New Generation (13:00) en Kruger & Tutu (10:30).

*Program onderhewig aan verandering.*



## 30 MAART

Eloff (20:45), Majozi (19:30), Karin Kortje (18:15), Robin Pieters (18:15), G-Minor (18:15), Jodi Jantjies (17:00), Christia Visser (15:30), Prop (13:00) en Tino (10:30).

## 31 MAART

YoungstaCPT (20:45), Zaan Sonnekus (19:30), Monark (18:15), Rooksein (17:00), Juanita du Plessis (15:30), Leah (13:00) en ADAM (10:30).

## 1 APRIL

Dr. Victor & The Rasta Rebels (20:45), Riaan Benadé (19:30), Craig Lucas (18:15), Droomsindroom (17:00), The Muses (15:30), Andriëtte Norman (13:00) en Millennium (10:30).

## 2 APRIL

**Kaktus** is terug! Dié musiekkonsert is sedert die ontstaan van die KKNK 'n hoogtepunt vir baie feesgangers, waar verskeie musiekgenres bymekaarkom. Ou bekendes, nuwe gesigte en harde klanke gaan sorg vir 'n partytjie wat jy nie sommer gou gaan vergeet nie. Op die verhoog is Van Pletzen (22:30), Francois van Coke (21:15), Early B (20:15), BlackByrd (19:00), Booshle G. (18:00) en Jack and the Weatherman (17:00). Nóg optredes deur die dag sluit in Seuns van Vlug (15:30), ONS (13:00) en Zoé (10:30).

## 3 APRIL

Die Heuwels Fantasties (21:45), Die Piesangskille (20:45), Springbok Nude Girls (19:30), Refentse (18:15), Robbie Wessels (17:00), Barto Swiegers (15:30), Van Der Aven (13:00) en Shaza (10:30).

## 4 APRIL

Early B (22:00), Demi Lee Moore (20:45), Appel (19:30), Elandré (18:15), Kurt Darren (17:00), Chris Steyn (15:30), Dodo Nyoka (13:00) en Don Vino (10:30).











## Absa Kuierkamer in die Feesmark

Kom vier drie dekades van kuns, kultuur en klank by die KKNK se 30ste verjaarsdag – in die hart van die fees, by die Absa Kuierkamer. Hier, tussen die stof van die Klein Karoo en die ritme van stories wat nog lank sal eggo, wag 'n ruimte waar verbeelding, samekoms en musiek mekaar vind. Die Absa Kuierkamer is méér as net 'n kuierplek vir kultuurdiere – dis 'n ontmoetingspunt vir geeste wat leef vir teater, liriek, lag en laataand-gesprekke.

Moenie hierdie fees-binne-die-fees misloop nie.
Ons wil jou daar sien – want sonder jóú is die storie nie volledig nie.

**INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE**

**28 MAART TOT 4 APRIL 10:00 TOT 16:00**

### Wat wag hier op jou?

- 'n Stylvolle, ontspanne kuierarea waar jy kan asemhaal tussen vertonings en nuwe inspirasie kan vind.
- 'n Voertuiguitstalling met karakter en klas.
- 'n Kreatiewe hoekie waar jou verbeelding vlerke kry.
- 'n Kinderkreatiwiteitshoekie vir die jong kunstenaars in wording.
- Lewende musiekoptredes deur van Suid-Afrika se mees geliefde kunstenaars – oud en jonk.
- Intieme rooibanksessies saam met Hannes van Wyk – waar gesprekke dieper delf as die verhoogligte.

## KOM KUIER. KOM LUISTER. KOM VIER. KOM LEEF VOLUIT!










## Klein Karoo Agri is opgewonde om in 2026 by die KKNK betrokke te wees.

Kom kuier by ons en neem 'n foto by die CASE- en die Suzuki-uitstalling! Of kom sit rustig en geniet Vida e Caffè se koffies en lekkernye.

Die Klein Karoo Agri Ekspo sluit onder meer die volgende in:

- CASE- en Suzuki-uitstalling met kenners in die veld.
- Vida e Caffè "op wiele".
- Kampeer- en buiteleweprodukte.
- Wye reeks Ingco-gereedskap wat die manne sal besig hou.
- Jonsson Workwear en ander klere.
- Iets vir die jongspan.

Besoek dié area vir hope pret!

**TOEGANG IS INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE.**

**28 MAART TOT 4 APRIL VANAF 10:00 IN DIE FEESMARK**

KLEIN KAROO A • G • R • I
HANDEL • MEGANISASIE • DIENSTE
jou eie!








# Aan tafel met Checkers en vriende!

## Maak 'n draai by die Checkers Kuierverhoog!

In die hart van die Klein Karoo, waar stories opreg vertel word en lag maklik kom, wag die Checkers Kuierverhoog op jou. As deel van KKNK se 30-jarige viering, nooi Checkers jou om nader te skuif en rustig te word om die kospotte.

Elke dag ontvou twee kuieroomblikke, waar welbekende Suid-Afrikaners by die Checkers-kombuistafel aansluit vir vermaaklike gesprekke oor hartskos en lewensreise.

Tussen die stories deur sal jy ook meer te wete kom oor Checkers se geliefde produkreekse – Forage and Feast, Simple Truth, Odd Bins en meer – elk met sorg gekies en met hul eiesoortige verhaal.

**KOM SIT GERUS AAN.**

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 40 MIN. ▪ **CHECKERS KUIERVERHOOG IN DIE FEESMARK** ▪ INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE

**28 MAART TOT 4 APRIL 11:45 EN 14:15**

# WANNEER?

**Stalletjies: 28 Maart tot 4 April 10:00 tot 18:00**
**Feesmark-verhoogarea: 28 Maart tot 4 April 10:00 tot laat**

# WAAR?

In die area rondom die De Jager-sportsentrum in Voortrekkerweg, tussen Voortrekkerweg en Kerkstraat.

# NEEM KENNIS

Geen troeteldiere word op die KKNK se terreine, insluitend die Feesmark, toegelaat nie. Slegs amptelike gidshonde word toegelaat. Program onderhewig aan verandering. Reg van toegang voorbehou.
















FOTO'S: HANS VAN DER VEEN EN CARLI MUNRO



KKNK

Ons loop al baie jare lank die pad Klein Karoo toe saam. Want dis maklik om by mekaar se pas in te val as jy dieselfde stories, dieselfde drome en (amper) dieselfde letters deel.


**Maar dit was net die begin. Ons kan nie wag om te sien waar ons oor die volgende klomp dekades saam gaan opeindig nie.**

**MAG ONS PAAIE LANK NOG KRUIS**

kykNET

KKNK 30

# KINDER-
# VERMAAK





## Jakob

**DEBUUT ▪ GESINSTEATER**

MET **Bryan Hiles** TEKS, REGIE, STEL- EN BELIGTINGSONTWERP **Michael Taylor-Broderick** VERTALING **Barry Strydom** MUSIEK **Nick Pitman** CHOREOGRAFIE **David Gouldie** VERHOOGBESTUURDER **Cara Roberts** VERVAARDIGER **Theatresmiths**

*Jakob* is 'n meesleurende verhaal oor 'n vreemde klein seuntjie – en oor liefde, lig en alles wat daar tussenin weerkaats. Dit is die verhaal van 'n kind wat anders gebore is en verstoot word deur die gemeenskap waarin hy leef. Die stuk verken hoe Jakob leer om met sy uitsluiting om te gaan. Deur die gebruik van liriese prosa en tegniese teatervernuf betree die werk die wêreld van die magiese realisme. *Jakob* is 'n kragtoer van treffende visuele beelde, pragtige taalgebruik en fyn, sensitiewe storievertelling. Die Engelse weergawe van *Jakob* het 'n Ovation-prys by die Nasionale Kunstefees ontvang en aan Bryan Hiles die prys as beste akteur in 'n solovertoning by die Durban Theatre Awards besorg.

*Moontlik gemaak deur die KKNK.*

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 10 ▪ 55 MIN.
R100 (VOORAF) ▪ R90 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R110 (BY DIE DEUR)
LAERSKOOL WESBANK-TEATER (VREDESTRAAT)

**28 MAART 13:30 ▪ 30 MAART 16:00 ▪ 31 MAART 16:30 ▪ 1 APRIL 16:30**



## Liewe Heksie word 'gescam'

**DEBUUT ▪ GESINSTEATER**

MET **Eldon van der Merwe en Mia van der Merwe** TEKS EN REGIE **Margit Meyer-Rödenbeck** MUSIEK **Luca Human** KOSTUUMONTWERP **Karon Botes** DEKOR EN STELONTWERP **Gerrit Snyman** VERHOOGBESTUURDER **Erynn Troup** VERVAARDIGER **Start the Conversation**

Liewe Heksie het 'n prys in 'n talentkompetisie gewen. Karel Kat wil haar leer om mooi na haar prysgeld te kyk. Haai oe, maar groot woorde soos finansies, rente en begrotings, of is dit nou bekleinings, laat Levinia se kop draai. Karel begin deur vir Levinia 'n spaarvarkie te gee, maar die nare Geelheks is altyd in die omtrek en wil haar kloutjies op die geld kry. Karel besluit dat 'n bankrekening met 'n bankkaart veiliger sal wees, maar dalk nie vir Liewe Heksie nie. Want o wee, Levinia kan nie altyd so mooi onthou nie en syfers en tel tel nie onder haar talente nie en laat haar uitgelewer aan *scammers*.

*Ondersteun deur Human & Rousseau, 'n druknaam van Jonathan Ball Uitgewers.*

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.
R110 (VOORAF) ▪ R100 (VRIENDE VAN DIE KKNK) ▪ R120 (BY DIE DEUR)
KYKNET HOËRSKOOL OUDTSHOORNSAAL (JAN VAN RIEBEECKWEG)

**30 MAART 09:30 ▪ 31 MAART 12:30 ▪ 1 APRIL 16:30**





## Welkom by die Klein KKNK-teater

Veels geluk liewe KKNK, omdat jy verjaar! Jy is 30 jaar jonk en die **Klein KKNK-teater** gaan vir ’n derde keer op die Feesmark pronk! Liewe maats, al het jy nog nie eers een kersie op jou verjaardagkoek nie, is die teater ook vir jou, want dit is híér waar jou liefde vir teater ontvou.

By die Klein KKNK-teater is daar **komedie** wat jou lagspiere kielie, teater met **tjokkerakteurs, dansteater** om saam mee in die rondte te draai**, poppeteater, storievertelling** wat jou bekoor**, klassieke musiek** wat jy eenvoudig móét hoor en – maak vas daardie veters – daar is selfs **teater vir babas en kleuters**. Kom **fees voluit** tot jy **voos** is!

’n Feesmark-kaartjie vir kinders tussen sewe en 13 jaar oud kos slegs R75 per dag en gee aan jou toegang tot drie topproduksies in dié **teatertent.** Is daar ’n maatjie jonger as sewe jaar oud? Saam met ’n volwassene is dit vir jou verniet! **Hiep-hiep? Hoera!** Die partytjie is by die **Klein KKNK-teater!** Vertel nou jou pa en ma!

FOTO'S: HANS VAN DER VEEN EN CARLI MUNRO

KLEIN KKNK TEATER







## Hou die wêreld vas

**KINDERTEATER**

MET **Zachary Esau** TEKS, BELIGTINGSONTWERP EN VERHOOGBESTUURDER **Juliette Rose-Innes** VERTALING **Henu Baden** OORSPRONKLIKE WERK **How to Hold the World** REGIE EN STELONTWERP **Juliette Rose-Innes en James Stoffberg** VERVAARDIGER **How to Hold Productions**

'n Jong seuntjie moet die hele wêreld vashou. En al is hy bang, is hy bereid om alles van grootword te leer. Op sy kleurvolle avontuur leer hy die belang van verbeelding, vriendskap en braaf wees. Kom kyk hoe ons met die maan dans, en wegkruipertjie met die sterre speel – en een reusevoël. Ná die vertoning nooi ons almal na die verhoog om met die poppe en stel te speel.

**AFRIKAANS ▪ GESIN (3 TOT 10 JAAR) ▪ 45 MIN.**
**INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE**
**KLEIN KKNK-TEATER**

**28 MAART 10:30 ▪ 29 MAART 15:30 ▪ 31 MAART 13:00 ▪ 1 APRIL 15:30**



## Kaskenades!

**KOMEDIE**

MET **Caeli Aggenbach, Heinrich Wentzel, Jeanne-Marié Koekemoer, Frances van Rooyen, Zoë Oosthuizen, Zara West en Angelique Filter** TEKS EN REGIE **Jeanne-Marié Koekemoer** CHOREOGRAFIE **Frances van Rooyen** VERHOOGBESTUURDER **Jean Retief**

Wat word van al jou verlore sokkies? Vir elke liewe kas in die hele wye wêreld is daar 'n Kasmannetjie wat jou kas mooi netjies hou. Kasper, 'n trotse kaskadet, tesame met die sewe-en-'n-half-jarige rolskaatsende Blommie, waag haar kas binne. Kan Blommie en haar dapper hart die gierige Monsokster verslaan en die ware monster – ons onblusbare dors na nóg en nóg en *nog* – ontmasker? Hou vas aan jou sokkies en duik saam in 'n borrelende, fantastiese, onderstebo-reis deur Kraakburg-kaswêreld, wat oud en jonk gaan betower!

*Ondersteun deur die Universiteit Stellenbosch-dramadepartement.*

**AFRIKAANS ▪ GESIN (9 TOT 13 JAAR) ▪ 45 MIN.**
**INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE**
**KLEIN KKNK-TEATER**

**28 MAART 13:00 ▪ 30 MAART 15:30 ▪ 31 MAART 15:30**






## Kattekwaad en Koekeloer

**DEBUUT ▪ BEWEGINGSTEATER**

MET **Mia Groenewald en Ané Lourens** TEKS **Mia Groenewald, Ané Lourens en Estelle Olivier** REGIE EN CHOREOGRAFIE **Estelle Olivier** VERHOOGBESTUURDER **Jana du Pisani**

Dis heeltyd speeltyd in 'n wêreld van kattekwaad en koekeloer. Woeps en Waps is onwaarskynlike maats. Waps kruip weg in haar verbeeldingswêreld en Woeps is 'n beterweterige babbelbekkie. Terg en pret om elke hoek en draai ontwikkel in 'n eindelose verbeeldingsreis vol speel, deel en verken. Met brabbeltaal, koddige gebare en dans, herinner hierdie bewegingsteaterstuk ons aan die kosbare hart van 'n kind. Oud en jonk se voete gaan jeuk om saam met Woeps en Waps te baljaar in hul wêreld van kattekwaad en koekeloer!

*Ondersteun deur die Universiteit Stellenbosch-dramadepartement.*

**BRABBELTAAL ▪ GESIN (5 TOT 9 JAAR) ▪ 30 MIN.**
**INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE**
**KLEIN KKNK-TEATER**

**1 APRIL 13:00 ▪ 2 APRIL 15:30 ▪ 3 APRIL 13:00**



## Opera Blocks: Under the Sea

**KINDERTEATER MET KLASSIEKE MUSIEK**

MET **Cape Town Opera se Judith Neilson Young Artists** REGIE, TEKS EN CHOREOGRAFIE **Elizma Badenhorst** MUSIEKREGIE **Nathan Lewis** VERHOOGBESTUURDER **Fundiswa Mrali** VERVAARDIGER **Cape Town Opera**

Kaapstad Opera se betowerende *Opera Blocks: Under the Sea* is ideaal om babas, peuters en jong kinders bekend te stel aan die wêreld van opera en klassieke musiek. Met talentvolle lede van die Judith Neilson Young Artists-program, is hierdie stuk ontwerp om jong gehore weg te voer na 'n onderwaterwonderwêreld met die kombinasie van boeiende storievertelling, musiek en beweging. Met toeganklike verhale, prettige rekwisiete en kleurvolle kostuums bied *Opera Blocks: Under the Sea* 'n stimulerende ontwikkelingsreis aan, wat terselfdertyd vermaaklik én verrykend is. Moenie hierdie geleentheid misloop om die jongspan op 'n speelse manier aan die wonder van opera bekend te stel nie.

*Ondersteun deur Judith Nelson, Kaapstad-metro en die National Arts Council.*

**VEELTALIG ▪ GESIN (0 TOT 5 JAAR) ▪ 45 MIN. ▪ INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE▪ KLEIN KKNK-TEATER**

**1 TOT 3 APRIL 10:30**



## Potloodsakkie: Agter die zip

**KOMEDIE**

MET **Liani Jacobs, Zoë van Zyl, Fleur Bruwer, Amy Rose Watson, Nava Koen, Sophia Lourens, Emma Carstens, Lize Coetzee, JP de Wet, Maya Visagie, Alexander Koen, Nina Pienaar, Ava Nolte en Jani Pienaar** TEKS **Christie van Niekerk** REGIE, KOSTUUMS, REKWISIETE, BELIGTINGS- EN KLANKONTWERP **Veronica Geldenhuys** STELONTWERP **Marieke Carstens en Juan Geldenhuys** HULPAFRIGTER EN GRIMERING **Caeli Aggenbach** VERHOOGBESTUURDER **Juan Geldenhuys** VERVAARDIGER **Laerskool Durbanville**

Al ooit gewonder wat gebeur agter die zip van 'n potloodsakkie in 'n skooltas van 'n gr. 7-leerling op die eerste dag van 'n nuwe skooljaar? Kom ontmoet die ou skryfbehoefte-maats en sien hoe die toevoeging van nuwe, vreemde skooltoebehore die dinamika in die sakkie verander. 'n Krisis-oomblik is egter die katalisator, waar die skryfbehoeftes besef dat hulle mekaar nodig het en dat slegs samewerking 'n tragedie kan help voorkom. Kan Penny, die Bic Smooth Roller, gered word en kan die skryfbehoeftes mekaar vertrou en as 'n span funksioneer? *Potloodsakkie* was een van ses laerskoolproduksies wat gekies is om deel te neem aan die ATKV-Tjokkertoneelfinaal by die Baxter-teater in 2025.

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 25 MIN.**
**INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE**
**KLEIN KKNK-TEATER**

**3 APRIL 15:30 ▪ 4 APRIL 13:00**



FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

## Skoenlapperhart / Serurubele

**KINDERTEATER**

MET **Lalu Mokuku** TEKS **Lalu Mokuku** REGIE **Makhaola Ndebele** CHOREOGRAFIE **Ashwin May** VERHOOGBESTUURDER **Lebohang Ntsane** STELONTWERP **Angelinah Maponya** BELIGTINGSONTWERP **Tersia du Plessis** KOSTUUMONTWERP **Nomsa Mavuka** VERVAARDIGER **Ubom! Eastern Cape**

Mosa en Neo is beste maats wat mal daaroor is om saam *kgati* (touspring) te speel. Wanneer een van hulle skielik nie meer daar is nie, bly die ander een agter met gevoelens van hartseer, verwarring en onsekerheid oor hoe om sonder haar vriendin aan te gaan. *Skoenlapperhart / Serurubele* is 'n produksie oor vriendskap en verlies binne families. Met min dialoog en hoofsaaklik speletjies wat die storie aandryf, skep dit 'n veilige ruimte vir kinders om oorweldigende gevoelens te verstaan. Want selfs wanneer iemand vir wie ons lief is nie meer by ons is nie, kan ons steeds troos in mekaar – en in die stories wat ons saamdra – vind.

**ENGELS, SOTHO EN GEBARETAAL ▪ GESIN (5 TOT 9 JAAR) ▪ 45 MIN.**
**INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE**
**KLEIN KKNK-TEATER**

**28 MAART 15:30 ▪**
**29 MAART 13:00 ▪**
**30 MAART 10:30**



## Trieng!

**DEBUUT • TEATER VIR BABAS EN KLEUTERS**

MET **Schoemé Steenkamp** REGIE **Schoemé Steenkamp** MUSIEK **Gertjie Gert Besselsen** VERVAARDIGER **PuppeTrix**

Trieng-trieng! Hallo? Praat jy oor jou slimfoon? Of oor 'n skoen? Dit maak nie saak nie. Bel as jy verlang, dit is tog dieselfde sterre wat bo ons almal hang. *Trieng!* is 'n ode aan die landlyn, maar ook 'n storie van verbintenis. Die produksie is spesiaal vir babas (vanaf vier maande oud) en kleuters, geïnspireer deur jong kinders se verbeelding om enige tyd, enige plek en met enigiets te kan bel. Van kleins af is daar 'n diepgewortelde behoefte om te kommunikeer in ons ingeweef. Die teater is die ideale plek, vir enige ouderdom, om dit verder te verken.

NIEVERBAAL • GESIN (4 MAANDE TOT 5 JAAR) • 35 MIN.
INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE
KLEIN KKNK-TEATER

**31 MAART 10:30 • 4 APRIL 10:30**



## Zonkie en die laaste boomhuis

**KINDERTEATER**

MET **Cindy Swanepoel** TEKS EN REGIE **Anel Wood** CHOREOGRAFIE **Cindy Swanepoel** VERVAARDIGER **ATKV en Swan Dive Collective** STELONTWERP **Imile Wepener**


Met toeters en fluitjies en 'n gesig so mooi geverf, trap Zonkie 'n fiets vol fieterjasies en bederf. Daar is skoenlappers wat fladder in die wolke bo haar kop en 'n boomhuis vol stories wat oopmaak as sy stop! Dan vertel sy in rym terwyl goeters verskyn. Goggas en diere en plante en papiere! Liedjies en poppe en prentjies op stokke! Zonkie se vriende wil stories en geheime deel, met die hoop dat grootmense weer sal speel en verbeel, en dat kinders sal leer om die ganse natuur te aanskou – asof elke tak, web en tentakel die wêreld van môre behou!

AFRIKAANS • GESIN • 35 MIN.
INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE
KLEIN KKNK-TEATER

**29 MAART 10:30 • 30 MAART 13:00 • 2 APRIL 13:00 • 4 APRIL 15:30**



FOTO: @LLEWELLYN_PHOTO



Wees ook op die uitkyk vir 'n historiese wandeltoer. Lees meer op bl. 225.

## Historiese skattejag en skets

**SKATTEJAG**

MET **Roydin Engelbrecht van RJ Tours**

Ontdek die geheime van die volstruishoofstad in hierdie skattejag-avontuur waar jong ontdekkers die ryk geskiedenis en van die argitektoniese skatte van Oudtshoorn kan ontrafel. Elke leidraad het 'n nuwe storie, 'n nuwe raaisel en 'n kans vir jou span om te wen. Bring jou verbeelding, jou nuuskierigheid en jou avontuurlus, want net die skerpste oë gaan al die versteekte skatte vind. Kinders moet deur een betalende ouer vergesel word. Maksimum vier kinders per groep.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN (5 TOT 16 JAAR) ▪ 120 MIN. ▪ **R80** ▪ ST. JUDE'S ANGLIKAANSE KERK

**30 MAART 08:00 ▪ 1 APRIL 08:00 ▪ 3 APRIL 08:00**

## LAPA Lekkerleesminuut

**VOORLESING**

MET **Mel die Storieverteller, Kabous Meiring, Neil Sandilands, Rolanda Marais, Christie van Niekerk en ander** AANGEBIED DEUR **LAPA Uitgewers en Penguin Random House**

Kuier elke dag om 11:30 saam by die Klein KKNK-teater. Bekendes in die vermaaklikheidsbedryf lees voor uit van LAPA se bekendste kinderboeke en lekker boekpryse kan gewen word.

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 15 MIN. ▪ **INGESLUIT BY FEESMARK-KAARTJIE** ▪ BY DIE KLEIN KKNK-TEATER

**28 MAART TOT 4 APRIL 11:30**



FOTO: CARLI MUNRO

# VISUELE KUNS



# GRENSLOSE GESPREKKE

DEUR **Liza Grobler (kurator)**

**Visuele kuns praat met almal. Oud en jonk. Enige taal. Enige geloof. Enige kultuur. En dis ALLES gratis!**

Vir die 30ste bestaansjaar van die KKNK is die mikpunt om 'n visuelekunste-aanbod saam te stel wat die geskiedkundige aspekte van die dorp en fees huldig, terwyl dit ook na die toekoms reik.

*Grenslose gesprekke*, oftewel *Dialogues Across Place and Time*, is die onderwerp van 2026 se visuelekunste-program. Ons leef in interessante tye van intense sosio-politieke uitdagings. Al hoe meer grense word geskep vir oënskynlike veiligheid, maar dit is meestal gedryf deur vrees vir die onbekende. Partykeer lei dit tot oorloë en byna altyd tot verhoogde wantroue en onmin.

*Grenslose gesprekke* is 'n strewe na 'n meer genuanseerde verhaal, een van veelvuldige perspektiewe waar nie al die rolspelers hoef saam te stem nie, maar waar almal aangemoedig word om saam te praat. Deur gesprekvoering en interaksie leer ken ons mekaar oor taal-, kultuur- en landsgrense heen, en meningsverskille dra by tot nuwe perspektiewe.

Een van die groot hoogtepunte is die uitstalling *PLEK*, wat al die vorige feeskunstenaars, van die tweede fees (in 1996) tot nou, terugbring na Oudtshoorn in 'n ongeëwenaarde visuele smorgasbord. Dit is 'n mylpaal-uitstalling met 'n indrukwekkende aantal kunssterre op die lys.

FOTO: HANS VAN DER VEEN

Vanjaar se feeskunstenaar, nomThunzi Mashalaba, is 'n kunstenaar wat die wêreld stil-stil oopbreek en van naderby bekyk, om dit dan weer stuk-stuk en op haar eie manier aanmekaar te sit. Die titel van haar uitstalling is *So, I Let Silence Explain*. Sy is 'n helder stem in die Suid-Afrikaanse kunswêreld en dit is 'n voorreg om 'n omvangryke uitstalling van haar werk by die KKNK te kan sien. Haar sensitiewe abstrakte werke is meditatiewe kleurvelde van tekstuur. Haar media wissel van tekstiel tot teken en installasie en dit skep ruimtes wat sagkens met die kyker onderhandel.

Daar is 'n groot visuelekunste-aanbod met baie plaaslike deelnemers, onder meer 'n omvattende skilderkunstentoonstelling, *Praatland*, onder kuratorskap van Juria le Roux en Brahm van Zyl van die buurdorp De Rust.

Aangesien die fokus op gesprekke is oor tyd en ruimte heen, is dit wonderlik dat daar ook verskeie aanbiedings



van internasionale kunstenaars in samewerking met Suid-Afrikaners is. Deelnemers is onder meer van Duitsland, België, die Demokratiese Republiek die Kongo, Nigerië, Frankryk, Portugal en Denemarke. Daar is ook uitstallings wat saamgestel word uit die dorp se ryk argief, gesprekke tussen die verlede en hede – soos *Karoo Kaarte* se fotografie-uitstalling en *Stof tot verhaal* – 'n projek wat letterlik werk met die stof van die C.P. Nel-museum. Die aanbod sluit ook 'n dokumentêr, *Doornkraal*, uit die streek se geskiedenis in en 'n dansportret by die Taalmonument wat beweging gebruik as voertaal vir 'n gesprek oor geskiedenis, taal en argitektuur.

Skuif jou persoonlike oortuigings en vooroordele opsy, laat nuuskierigheid seëvier en kom kyk, kom voel en kom gesels saam.

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
VERSKEIE VENUES

**28 MAART VANAF 12:00 ▪ 29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**

**charlie bravo kom in**
een aand op colesberg ek was sewe
ons was op pad kaapstad toe sien ons twee
laaities in telefoonhokkies met mekaar sit en gesels
die ou soort hokkie wat oranje was en uitgehol
en verbasend baie soos 'n eier hulle lywe was ten volle
in dié doppe ingetrek soos kuikens of dalk ruimtevaarders
hulle het gelag en was vir 'n wyle ontsettend ver van hier
en terwyl ek luister hoe hulle woorde in colesberg se lug
verdubbel soos in 'n badkamer se spieël het alles
volledig vir my sin gemaak ook vir my suster
net my pa was deurmekaar hulle praat
dan met mekáár het hy aanhou sê
en presies het ek aanhou antwoord

– Tom Dreyer in 'n parallelle kreatiewe heelal (*Nou in infrarooi*)


FOTO: HANS VAN DER VEEN

# PLEK / PLACE

**’N GEOGRAFIESE OF EMOSIONELE RUIMTE**

MET **Theo Kleynhans (kunstenaar en ’n voormalige feeskurator), Sandra Hanekom (kunstenaar en ’n voormalige feeskurator), Jan Vermeiren (1996), Hardy Botha (1997), Willie Bester (1998), Erik Laubscher (1999), Wendy Malan (2000), Piet Grobler (2001), Wim Botha (2002), Claudette Schreuders (2003), Lien Botha (2004), Minnette Vári (2005), André Naude (2006), Judy Woodborne (2007), Lawrence Lemaoana (2008), Hylton Nel (2009), Lucas Thobejane (2010), Michaella Janse van Vuuren (2010), Helena Hugo (2011), Handspring Puppet Company (2012), Diane Victor (2013), Gordon Froud (2014), Louis Janse van Vuuren (2014), Willem Boshoff (2014), Berni Searle (2015), Hanneke Benadé (2016), Johannes Maswanganyi (2018), Collen Maswanganyi (2018), Barbara Wildenboer (2020), Mary Sibande (2022), Liza Grobler (2023), Colbert Mashile (2024) en Henk Serfontein (2025)**

*PLEK* is die hoofuitstalling met nuwe werke deur elkeen van die KKNK se vorige feeskunstenaars, asook werke deur twee voormalige feeskurators vanaf 1996 tot nou. Hierdie omvangryke uitstalling bring ’n ongelooflike groep kunstenaars byeen in hierdie plek, die Klein Karoo, en is ’n uitsonderlike wyse om die 30ste fees te vier! Die uitstalling is in die geskiedkundige Prince Vintcent-gebou en strek oor verskeie uitstalruimtes en twee verdiepings.

Plek kan verwys na ’n spesifieke ligging in die wêreld, byvoorbeeld Oudtshoorn: ’n Baken met fisieke eienskappe en meetbare ruimtelike proporsies, maar terselfdertyd kan dit ’n plekhouer wees. Dit hou ruimte – vir kulturele, geografiese en sosiale kontekste.

Plek en identiteit is verweef en verwys na hoe mense hulself in verhouding met die omgewing sien.

Dus word ’n blote ligging ’n plek deur geleefde ondervindings en herinneringe.

Ligging en plek is verbind, maar as “ligging” gedefinieer kan word as die “wat en waar”, kan “plek” omskryf word as die “hoe en hoekom”.

**Plek is die wyse waarop ons betekenis heg aan ligging.**

Soms kan die spanning tussen ’n psigologiese sin van plek en die konkrete aspekte van ’n fisieke plek teenstrydighede op geografiese, emosionele, kulturele, sosiale, psigologiese, filosofiese of virtuele vlakke tot gevolg hê, maar meer dikwels is heelwat van hierdie teenstrydighede gelyktydig teenwoordig.

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
PRINCE VINTCENT-GEBOU

**28 MAART VANAF 12:00 ▪**
**29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**



"Die situasie was soos volg: Die doel van die teken was om 'n plek te merk, maar terselfdertyd het dit beteken dat daar in daardie plek dus 'n teken was (iets by verre meer belangrik, want daar was verskeie plekke, maar daar was net een teken) en ook, tegelykertyd was die teken myne, 'n teken van my, want dit was die enigste teken wat ek ooit gemaak het en ek was die enigste een wat al ooit tekens gemaak het ... Meegevoer deur die kante van die sterrestelsel, het ons wêreld koers gehou deur verafgeleë ruimtes en die teken het gebly waar ek dit gelaat het om die plek te merk, en op dieselfde tyd het dit my gemerk, dit het my bewoon ..." – Italo Calvino, *The Complete Cosmicomics*




*Moedertong* deur Barbara Wildenboer

# PLEK / PLACE

**’N GEOGRAFIESE OF EMOSIONELE RUIMTE**

*The Long Walk* deur Minnette Vári



Uit die *Sugar Girls*-reeks deur Berni Searle







*Nelson Mandela, Prison Sentence, GKCP 15227* deur Willem Boshoff

Deur Theo Kleynhans



Deur Johannes Maswanganyi





# So, I Let Silence Explain

MET **nomThunzi Mashalaba (feeskunstenaar)**

nomThunzi Mashalaba se interdissiplinêre kunsproses wentel rondom haar eie verhaal. Die skoonheid van die bladsy van ’n boek en die taal van ’n getekende lyn vorm die grondslag van haar werk. Sy skep visuele stories gegrond op persoonlike ervarings en onthul intieme oomblikke wat terselfdertyd universele menslike ervarings oproep.

Haar outobiografiese benadering bepaal die aard van elke werk wat sy aanpak, hetsy of sy met verf, tekstiel of ander media werk. Haar kleurpalet is sag, dog herkenbaar, en die opvallende kleurgebruik is die werktuig waarmee sy haarself binne die wêreld plaas. Deur verskeie kunsvlyttegnieke aan te pas, dekonstrueer en omskep sy prosesse soos brei, weef en merkmaak in emotiewe kleurvlakke waar geheue, tydsverloop en die begrip van “self” verweef is tot nuwe wêrelde. Die werke vereis dat die kyker stil word en ’n wyle vertoef. Sy moedig die kyker aan om hulself te begeef in ’n wêreld anderkant taal.

Stilte word ’n ruimte vir onderhandeling: Tussen wat onthou word en wat vergete is, wat gesê word en wat ongesê bly. Op hierdie manier omskep sy persoonlike herinneringe in gedeelde ervarings en word fragmente uit die verlede tasbare opdrifsels van die hede.

*So, I Let Silence Explain* bring nuwe werke en historiese werke byeen en word ’n persoonlike dialoog wat die grense van tyd en ruimte oorskry.

nomThunzi Mashalaba is ’n Suid-Afrikaanse kunstenaar wat tans in Mthatha woon. Sy behaal haar BTech-graad in skone kunste in 2006 aan die Tshwane-Universiteit van Tegnologie. Haar werk is plaaslik en internasionaal uitgestal, onder meer as deel van Map of the New Art (Venesië), *Crossing Boundaries* (Katar) en *The Art of Humanity* (Pratt-Instituut, New York). Haar onlangse solo-uitstalling, *Pretend*, by die Kaapstad Internasionale Kunsmark met die Everard Read-galery (2024) is met groot lof ontvang.

GESIN ▪ 540 MIN. ▪ **GRATIS**
PRINCE VINTCENT-GEBOU

**28 MAART VANAF 12:00 ▪**
**29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**



# After De Jongh



*After De Jongh* is ’n visueel-ryk uitstalling van skilderye en werke in gemengde media deur Hentie van der Merwe.

Hierin fokus hy op die Nederlands-Suid-Afrikaanse kunstenaar Tinus de Jongh (1885-1942). De Jongh se skilderye, aldus Van der Merwe, is “tekenend van daardie hele genre van kitscherige landskapkuns waarmee ek grootgeword het en waaraan generasies van Afrikaners steeds verknog is”.

Sy kinderjare in Namibië is ’n belangrike invloed en hy noem “die landskap as onderwerp was nog altyd op my wenslysie, gegewe my grootwordjare in die berge van Namibië as die seun van grondeienaars. Ek het deur die jare sporadies gewerk met die tema, maar nog nooit so uitvoerig en deurlopend soos met die *After De Jongh*-reeks nie. In my weergawes van die De Jongh-landskappe ondersoek en worstel ek met aspekte soos die bemeestering van die landskap, land en grondbesit, grondbesetting, grondbewerking, die erfenis, onteiening en ontneming, vernietiging en veldbrande. Kortliks, die landskap as die terrein van my herkoms en emosies en hoe dit met my oorsprong verband hou. Behalwe vir hierdie aspekte, is De Jongh se werk bloot ook ’n vertrekpunt waardeur ek die eiesoortige eienskappe van olieverf as ’n medium verder kan ontgin.”

Van der Merwe se benadering benadruk die verband tussen teken en skilder. Hy verwys na die teoretikus W.J.T. Mitchell se beskrywing van landskapskilderwerk as ’n “werkwoord”. Wat hy daarmee benadruk, is dat landskapskilderwerk ’n genre van realistiese skilderkuns is, wat aandadig is aan die skep van sekere sosiale identiteite: Dit vervul dus ’n sosiaal-politieke rol. Artistieke invloede speel ook ’n rol: De Jongh se styl is ontleen aan die Barbizon-skool – ’n groep skilders van Fontainebleau, Frankryk (1830-1870), wat voorstanders was van die bevordering van Realisme in kuns in die Romantiese tydperk.

Tinus de Jongh is gebore in Amsterdam in 1885 en het homself in 1921 in Suid-Afrika gevestig.

GESIN ▪ 540 MIN. ▪ **GRATIS** ▪ ST. JUDE’S ANGLIKAANSE KERK

**28 MAART VANAF 12:00 ▪ 29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**

# Being Here for You

MET **Rita Hoofwijk en Hannah Loewenthal**

jy is daar
en ek is hier
maar wat as jy hier was
en ek kon daar wees

*Being Here for You* is 'n uitreik oor 'n fisieke afstand heen. Dit is 'n samewerking tussen die Nederlandse kunstenaar Rita Hoofwijk en die Suid-Afrikaanse kunstenaar Hannah Loewenthal wat in 2020 begin het.


Aangesien Hannah op die platteland woon en Rita nou in Brussel (België) gevestig is, was hulle gewoond daaraan om oor 'n groot afstand te kommunikeer. Dit was eers toe die wêreld getref is deur die Covid-19-pandemie en inperkings, dat hulle spesifiek begin werk het met die afstand tussen hulle. Die skeiding tussen hulle het 'n bron van inspirasie geword, 'n manier om dit wat moontlik was uit te daag. Hulle het die vraag gestel: Kan ons mekaar se oë, ore en hande word? Is dit moontlik om iets namens iemand anders te beleef – en om die wêreld deur 'n ander liggaam, of 'n ander wese te ervaar?

Betree dié dialoog met behulp van oorfone en 'n oudio-opname, waartydens een kyker Rita se stem hoor en die ander kyker Hannah se stem. Sodoende word die kyker deel van die oorspronklike interaksies.

*In samewerking met SoAP en IN SITU Platform.*

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
PRINCE VINTCENT-GEBOU

**28 MAART VANAF 12:00 ▪ 29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**




you are there

and i am here

but what if you were
here

and i could be there

# Creative Block

MET **verskeie kunstenaars**

Die Spier Creative Block-versameling het oor die afgelope 21 jaar 30 000 oorspronklike kunswerke van meer as 400 opkomende en middelloopbaan-kunstenaars verkry. As 'n loopbaanontwikkelingsprogram ontvang kunstenaars regstreekse terugvoering op elke kunswerk en word hulle aangemoedig om hul kreatiewe grense te verskuif en hul tegniese vaardighede te verfyn. Elke stuk sluit die kunstenaar se biografie op die agterkant in – perfek vir nuwe én gevestigde versamelaars om opkomende talent en waagmoedige, vars stemme te ondersteun.

*Moontlik gemaak deur die Spier Arts Trust.*

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
PRINCE VINTCENT-GEBOU

**28 MAART VANAF 12:00 ▪ 29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**





## Doornkraal

DEUR **Jonathan Pinkard**

Hierdie dokumentêr vertel die verhaal van Doornkraal, 'n werkende plaas in die Klein Karoo, deur die standhoudende verhouding tussen die grond, sy perde en die vroue wat dit nog te perd bestuur.

Die rolprent is meer as 'n plaasportret, dit is 'n verkenning van 'n plek waar geskiedenis steeds geleef word en waar die ritmes van die verlede saamsmelt met die werk en wysheid van vandag.

Pleks om 'n volledige geskiedkundige oorsig te gee, gebruik die prent Doornkraal se 140-jarige nalatenskap van boerdery, gemeenskap en gesinsverbondenheid as vertrekpunt vir 'n verhaal wat in die hede afspeel.

Die Le Roux-familie het 'n bepalende rol gespeel in die ontwikkeling van landbou in die Klein Karoo, en Doornkraal is die baken wat staan as getuienis van dié bydrae. Wat dit vandag besonders maak, is dat hierdie familie-erfenis nou in die hande van vroue voortleef, 'n natuurlike oorgang wat nie net strukture verander nie, maar ook perspektiewe verdiep.

Hierdie dokumentêr ondersoek hoe die grond en sy diere benader word deur vroulike leierskap en hoe hierdie nuwe stemme die storie van 'n ou plaas herskryf. Die verhaal ontvou deur die stemme van sy kernkarakters.

GESIN ▪ 540 MIN. ▪ **GRATIS** ▪ PRINCE VINTCENT-GEBOU

**28 MAART VANAF 12:00 ▪ 29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**

## Heinde en ver

MET **Frans Smit (Suid-Afrika) en Lasse Thorst (Denemarke)**

In hierdie evokatiewe uitstalling onderneem Frans Smit en Lasse Thorst ’n visuele en konseptuele uitruiling wat oor vastelande heen strek en artistieke tradisies uitdaag.

Smit, bekend vir sy kragtige herinterpretasies van klassieke portretstudies, ontleen ’n intuïtiewe energie aan die menslike gesig – gefragmenteerd, ekspressief en gelaai met historiese spanning. Thorst, wat dikwels die stil drama ontgin wat in Noorse landskappe opgesluit is, bied ’n teenpool, waar die natuur ’n spieël word vir emosionele en kulturele diepte.

Vir *Heinde en ver* skep hulle ’n reeks werke in dialoog – een werk geskep in direkte antwoord op ’n ander. Hierdie werke is nie slegs in gesprek wat betref formele aspekte soos vorm en tegniek nie, maar ook in onderwerp en filosofie.

Wat beteken dit om ’n persoon voor te stel, teenoor ’n plek? Hoe kan landskappe draers word van herinneringe, en kan portretstudies meer as blote identiteit onthul? Die uitstalling nooi die kyker om te beweeg tussen Smit se gerekonstrueerde gesigte en Thorst se atmosferiese terreine, en onverwagse ooreenkomste te ontdek. Beide kunstenaars daag die grense van hul genres uit deur die gebruik van tekstuur, kleur en komposisie, om aspekte van teenwoordigheid en afwesigheid, geskiedenis en verbeelding te belig.

Uiteindelik is die dialoog ’n besinning oor hoe ons sien – hoe ons ander, onsself en die ruimtes wat ons bewoon beskou. Deur hulself uit te daag en uit te styg bó die geografie, word ’n ryk ervaring geskep waarin portretstudies en landskapskilderye ’n gesamentlike narratief betree.

GESIN ▪ 540 MIN. ▪ **GRATIS** ▪ PRINCE VINTCENT-GEBOU

**28 MAART VANAF 12:00 ▪**
**29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**









# Kans Karoo

MET **Hannah Paton en Barrydale Hand Weavers**

*Kans Karoo* herinner ons aan die skaars kans dat ons almal op dieselfde tyd lewendig is.

Dit is 'n interaktiewe projek met fotografie, klank en tekstiel deur Hannah Paton, in samewerking met die Barrydale Hand Weavers.

Die tradisionele, soms kliniese fotografie-ateljee, met sy agtergrond met 'n oneindige kurwe, word hier herverbeel as 'n sagte, gevoelvolle ruimte wat elke feesganger nooi om deel van 'n kansportret te word. Die fotograaf fokus op elke deelnemer, soos die kans uitspeel, om erkenning te gee aan elke lewe, nou.

In 'n tyd waarin ons daagliks met groot verskille saamleef, nooi hierdie werk ons om die kans te vat, om te staan teen 'n beweegbare agtergrond, en onsself te herinner dat ons almal dieselfde ruimte deel. Ons stemme is verweef.

Kyk mooi: In en om elkeen van ons is die heelal se oneindige kurwe.

Vat die kans en skep jou foto saam met *Kans Karoo* by die KKNK in 2026.

GESIN ▪ 540 MIN. ▪ **GRATIS** ▪ PRESBITERIAANSE KERK

**28 MAART VANAF 12:00 ▪ 29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**



FOTO: HANNAH PATON

# Kiekies

**FOTO-UITSTALLING**

MET **deelnemers van *Karoo Kaarte***
KURATOR **Vaughn Sadie**

KAROO KAARTE

Die uitstalling verken die merkwaardige samevloeiing van drie fotoversamelings en hoe dit insig bied in Oudtshoorn se sosiale, kulturele en ruimtelike geskiedenis tussen 1950 en 2010.

Die Gibson Photographic Studio (1954 tot 1994) was 'n kommersiële familie-ateljee. Hierdie plattelandse fotografie-ateljee het twee generasies van die Gibson-familie onderhou en wys hoe dit nie net as 'n besigheid gefunksioneer het nie, maar ook as 'n belangrike plek om herinneringe vas te vang. In die proses het dit onwetend 'n drasties veranderende Suid-Afrikaanse politieke landskap en die impak daarvan op Oudtshoorn en sy mense vasgevang en gedokumenteer.

Die Jonker-familieversameling, beskikbaar gestel deur Hazel Jonker, 'n voormalige onderwyseres en sakevrou van Bridgton, strek oor 'n soortgelyke tydperk en bied 'n intieme blik op die lewe in Oudtshoorn se Wesbank en Noordeinde, voor die gedwonge verskuiwings, asook die herinneringe aan dit wat daarna gebeur het. Deur portrette, familiebyeenkomste en gemeenskapsoomblikke, vang die versameling veerkragtigheid, heropbou en voortbestaan te midde van onteiening vas. Dit dien as 'n persoonlike rekord én as 'n belangrike getuienis van plaaslike geheue en uithouvermoë.

Die *Saamstaan*-versameling (1984 tot 1995) kom van 'n struggle-koerant wat op Oudtshoorn gesetel was. Die koerant se gemeenskapsjoernalistiek het die daaglikse stryd en oorwinnings van bruin en swart gemeenskappe in die Groter Oudtshoorn-gebied tydens en ná apartheid gedokumenteer. Foto's in hierdie versameling is verskaf deur Derrick Jackson, Albert Jozaffe, Andile Jaxa, Patrick Nyuka, Zathu Hanse, Pat Sambo, Ian Avontuur en Tommy Johnson.

Saam onthul hierdie drie versamelings hoe plattelandse sowel as persoonlike fotografie kollektiewe geskiedenisse vasvang, en wys dit hoe mense, plekke en gemeenskappe oor tyd onthou, voorgestel en verander word.

GESIN ▪ 540 MIN. ▪ **GRATIS** ▪ KAROO KAARTE-GALERY (LANGS OUDTSHOORN TOERISMEKANTOOR)

**28 MAART TOT 4 APRIL 09:00**

Rondleiding van 30 Maart tot 4 April om 12:30 by die galery.



# Lacuna

DEUR **Darkroom Contemporary** REGIE **Louise Coetzer** CHOREOGRAFIE **Mthuthuzeli November** VIDEOGRAAF **Oscar O'Ryan**

'n Verfilmde dans of 'n dansportret. "Lacuna" beteken "leemte" en sny spoor deur die ongevulde ruimtes van die brutalistiese argitektuur wat die danser omvou. Dit is 'n kinematografiese studie van lig en donker, sigbaar en onsigbaar.

Darkroom Contemporary skep sedert 2010 interdissiplinêre uitvoerings, dansprente en interaktiewe werke. *Lacuna* is al verskeie kere oor die wêreld heen aangebied, waaronder in Duitsland, Switserland en Rwanda.

"Darkroom Contemporary has found a way to transform contemporary dance into an experience that captures the zeitgeist." – David Fick, BroadwayWorld

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
PRESBITERIAANSE KERK

**28 MAART VANAF 12:00 ▪**
**29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**



# Lay of the Land

’n Visuele gesprek tussen die Suid-Afrikaanse skilder Wonder Marthinus en die vrouekunstenaars Cendres Delort (Frankryk) en Sonia Martins Mateus (Frankryk en Portugal).

Die uitstalling ondersoek verskeie aspekte oor die begrip van landskap as ’n fisieke teenwoordigheid, die argitektoniese elemente teenwoordig in ’n bepaalde landskap en die onderliggende strukture van die menslike liggaam as landskap. Die uitstalling druk hierdie visuele tale uit deur middel van fotografie, video-installasie en skilderkuns.


Die artistieke proses sluit in bepeinsings oor en rondom landskap, die konseptuele strekking en dimensies daarvan en dit fokus in die  besonder ook op die organiese elemente waaruit die ruimte opgebou is.

Die uitstalling tree spesifiek in dialoog met die Klein Karoo-streek en verbind geografiese ruimtes (Frankryk met Suid-Afrika) deur werke wat vrae stel oor die herinneringe wat opgesluit lê in ’n landskap en die liggaam as ’n grondgebied.

GESIN ▪ 540 MIN. ▪ **GRATIS** ▪ PRINCE VINTCENT-GEBOU

**28 MAART VANAF 12:00 ▪ 29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**

Cendres Delort










Sonia Martins Mateus







Wonder Marthinus





# Luxolo Witvoet: Kunstenaarsverblyf

GO Kunstenaarsverblyf: Batho Ba Style

Elke jaar word ’n jong visuele kunstenaar genooi om tyd op Oudtshoorn deur te bring by die GO Kunstenaarsverblyf en werk te skep in dialoog met die plaaslike geskiedenis en landskap. Luxolo Witvoet, ’n Kaapse kunstenaar, is vanjaar hiervoor gekies.

Luxolo sê: “Ek is onlangs terug in Kaapstad ná twee weke op Oudtshoorn. In my werk wil ek die goue jare van die volstruisbedryf se bloeitydperk herbesoek. Ek het ’n interessante foto in die argiewe van die C.P. Nel-museum gevind van ’n Khoekhoe-man in Europese kleredrag, met ’n volstruisveer in sy hoed. Ek het dit baie treffend gevind.


“Ek herverbeel die mans en vroue van verskillende kulture en etniese groepe en werk met geskiedkundige verwysings om nuwe beelde te skep. Baie van my huidige werk toon figure wat tabak rook, ’n universele tydverdryf wat aansluit by die dorp se tabakbedryf.

“My werk verwys na jazz en elemente van Sophiatown-modes, wat deur Europese neigings beïnvloed is. Ek is gefassineer met hoe kulture ontwikkel en oorvleuel. Ek bring ’n nuwe invalshoek en ’n humorsin na hierdie inhoud.”

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
PRESBITERIAANSE KERKSAAL

**28 MAART VANAF 12:00 ▪**
**29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**





## LV/xi

DEUR **Léon D Snyman**

’n Klankinstallasie met talle luidsprekers, digitale stemme en elektronika. Hierdie projek bestaan uit twee afsonderlike dele: Die omvattende klankinstrument wat geskep word en die ouditiewe werk self waarby ’n diepgaande element gevoeg word weens die omringende klank wat ’n mens omvou.

Die teks is ’n vertaling in die 11 amptelike hoorbare Suid-Afrikaanse tale van ’n kort uittreksel uit die Latynse gedig “Metamorphoses” deur Publius Ovidius Naso. Die uittreksel is uit boek 15, reëls 199 tot 213 van die gedig en vergelyk die vier seisoene met die stadiums van die menslike lewensduur.

Die klank bestaan in totaal uit 66 afsonderlike strome, wat elk na ’n enkele luidspreker gelei word. Nie al 66 luidsprekers is egter regdeur die werk aktief nie.

Die werk is ’n viering van die diversiteit en kulturele rykdom van die mensdom, soos vergestalt deur die Suid-Afrikaanse tale. Te veel stemme probeer mense uitmekaar dryf – ons vier nie meer ons krag deur diversiteit in die land nie – indien nie die wêreld nie. En tog ... diversiteit is wat spesies, kulture, stelsels toelaat om te oorleef, aan te pas en te floreer: Die werk is ’n viering van diversiteit.

Bykomend ondersoek dit ook die konsep van ontwrigting: Die kanse (die aleatoriese speel ook ’n rol in die proses) is goed dat byna alle luisteraars nie vertroud met al die tale is nie, of die teks wat gebruik word nie – en die beperkings van die digitale stemme (gekoppel aan die gebruik van hul uitgebreide vokale omvang) ontwrig selfs die tale waarmee die luisteraar vertroud sou kon wees.

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
PRINCE VINTCENT-GEBOU

**28 MAART VANAF 12:00 ▪**
**29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**

# Mite-masjien

Hoe val die lig op dit waarna ons kyk en waar lê die skaduwees? Waar bevind ons ons in die realiteit? Waar begin ons wanneer ons probeer om die wêreld te verstaan?

Hoe vorm ons persepsies van realiteit, wat ons dan inspan om sin te maak van die aard van realiteit, ook deur mites en subjektiewe bespiegeling? Op watter stories val die kollig en waarom moet ander alleenlik in die skemer of donkerte bestaan?


Met dié vrae as beweegrede, pak Kobus la Grange die maak van *Mite-masjien* aan. Hy verplaas die allegorie van Plato se grot vanuit 'n stowwerige argief na 'n voorstedelike motorhuis. Gekerfde houtfigure, eenvoudige meganika en 'n projektor as ligbron, skep 'n skaduspel op doek, plafon en muur.

Siklusse van aankoms, opmars en vertrek speel uit soos die skadu's krimp en swel – as weerspieëling van die natuur en geskiedenis, 'n refrein van ewige verandering teen die agtergrond van kosmiese tyd.

Die werk nooi die kyker uit om kortliks deel te wees van 'n veelvlakkige ondervinding waar elkeen aan hul eie verhaal vorm kan gee, deur hul skadu te laat val. 'n Kans om hul eie mites te kan teëkom, of om self te transformeer terwyl hulle wandel deur die *Mite-masjien*.

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
PRESBITERIAANSE KERK

**28 MAART VANAF 12:00 ▪ 29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**



# Passage – a song.

*Passage – a song.* bring die Berlyn-gesetelde kunstenaars Akinbode Akinbiyi (Nigerië) en Abrie Fourie (Suid-Afrika) byeen in 'n dialoog waarin hulle oor plek, herinnering en luister besin. Die projek het ontstaan in Desember 2021 tydens hul kunstenaarsverblyf te Operndorf Afrika – die operadorpie gekonseptualiseer deur Christoph Schlingensief en ontwerp deur Francis Kéré, naby Ziniaré, Burkina Faso. Hul verblyf het oorvleuel met toenemende politieke onstabiliteit in die aanloop tot die 2022-staatsgreep. Dit het die agtergrond geskep vir hul artistieke ondersoek – hoe beelde stilte, 'n gemor, teenstand en herinnering kan vasvang.

Die twee kunstenaars het beide onafhanklik van mekaar en in 'n parallelle verhouding gewerk in die streke Oubritenga en Ouagadougou. Hul fokus was nie op spesifieke stories nie, maar eerder op die atmosfeer en die drempels waardeur ervarings vasgevang kon word. Die foto's wat hieruit vloei, bestaan in 'n ruimte tussen teenwoordigheid en afwesigheid, tussen struktuur en abstraktheid. Ons hoor sagte eggo's van Thomas Sankara se ideale: Fragmente van die daaglikse lewe en spore van beboude ruimtes "praat" in die stilte. Die uitstalling stel die vraag: Is dit moontlik om te luister deur na visuele beelde te kyk? As ons kyk, wat hoor ons in werklikheid?

Dit is eerder 'n uitnodiging as 'n optekening. *Passage – a song.* verbeel fotografie as 'n vorm van ontvanklike luister – 'n reis deur stede, herinneringe en geografiese lae. Saam bou Akinbiyi en Fourie 'n register van aandagtigheid en herinnering, wat die alledaagse omskep in 'n klankbaan wat die onuitspreekbare tasbaar maak.

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
ST. JUDE'S ANGLIKAANSE KERK

**28 MAART VANAF 12:00 ▪ 29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**






# Praatland

*In gesprek met 'n swygende landskap.*

MET **Alet Swarts, Anton Karstel, Benjamin Coutouvidis, Brahm van Zyl, Catherine Ocholla, Cobus van Bosch, Desmond Mnyila, Diane McLean, Diane Johnson-Ackerman, Erika van Zyl, Estelle Marais, Heidi Botha, Hermann Niebuhr, Jacobus Kloppers, Johann Louw, Johan Coetzee, John Kramer, Juria le Roux, Luan Nel, Lisl Barry, Mpho Machate, Nhlanhla Nhlapo, Merle de Jager, Susan Grundlingh, Sue Hoppe, Robyn Pretorius en Willie Bester**

Kurators Juria le Roux en Brahm van Zyl nooi gesoute landskapskilders om in gesprek te tree met die Karoo. Die visuele word gebruik as taal ... is taal.

Hierdie landskap staan juis bekend vir sy stilte – die uitdaging is dus om die enigmatiese toeganklik te maak en te ontsluit. Die kunstenaar is regstreeks in gesprek met die landskap en tree op as visuele tolk vir die kyker.

Elke kunstenaar beskik oor sy of haar eie unieke visuele taal, elke skildery ontbloot 'n gedeelte van 'n groter gesprek. 'n Intieme en persoonlike waarneming tussen die kunstenaar en die landskap word gedeel met die kyker en só ontstaan daar 'n uitnodiging om aan die gesprek deel te neem, om die landskap te verstaan en te geniet deur die vertolking of vertelling van ander. Om dieper te delf, om die "gees" van die grond beter te begryp.

"The longer I sat, the more I noticed; the white lichen encrusting my boulder, a beetle negotiating a crack in the rock, a tiny pink flower nodding in the wind. The pulse of blood in my ears." – Justin Fox, *Place*

GESIN ▪ 540 MIN. ▪ **GRATIS** ▪ OU RAADSAAL

**28 MAART VANAF 12:00 ▪**
**29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**






# Rond en bont

## Dubbelpunt

MET **Tafadzwa Tega**

Zimbabwiese kunstenaar Tafadzwa Tega, wat nou in Kaapstad woon, het twee kunswerke spesiaal vir die fees geskep: Een monumentale afdruk wat by die RSG en ATKV-Kuierkol in Baron van Reedestraat te sien is, asook ’n olieverfkunswerk onder by die trappe van die Kerkstraat-ingang tot die Prince Vintcent-gebou.

GESIN ▪ 540 MIN. ▪ **GRATIS** ▪ BARON VAN REEDE- EN KERKSTRAAT

**28 MAART TOT 4 APRIL**





## Rond en bont

### Polisiekantoormuur

MET **Luzamba Zemba**

’n Plekspesifieke werk deur die Kongolese skilder Luzamba Zemba, wat nou in Kaapstad woon.

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
DIE POLISIESTASIE (BARON VAN REEDESTRAAT)

**28 MAART TOT 4 APRIL**



Rond en bont

# Iris

MET **Richard John Forbes**

*Iris* deur Richard John Forbes is 'n skildery in film, 'n huldeblyk aan die bewerkbare, 'n waarneming van tembaarheid, 'n eerbetoon aan die primordiale, wat staatmaak op instink, intense spiergeheue en 'n diep respek vir oorgeërfde kennis.

Die iris verander soos die woestynson opkom. 'n Skerp ligskyf beweeg deur die oog se lensopening. Teen sonsopkoms maak dit wyd oop, rou en blootgestel, neem dit die flou gloed in oor die klipperige heuwels, vlymskerp. In die middag vernou dit tot 'n skrefie, om die son se brutale aanslag te vermy, 'n meganiese knip teen die fel lig. Wanneer die sonsondergang rooi bloei oor die plat aarde, rek die iris weer om die lig op te vang voor die nag toesak. Dis 'n masjien, sekuur, wat die son se trajek volg oor die onwrikbare uitgestrektheid van die woestyn.

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
C.P. NEL-MUSEUMTORING

**28 MAART VANAF 12:00 ▪ 29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**



Rond en bont

## Stof tot verhaal

Lucas Heinen en Marisa Maré werk saam aan 'n plekspesifieke installasie in die C.P. Nel-museum se kloktoring, wat digitale en fisieke kunswerke met interaktiewe klanklandskappe kombineer. Deur hul onderskeie agtergronde in musiek en visuele kunste te benut, ondersoek die projek die kommunikasie tussen klank, beeld en wesenlikheid binne die sosiohistoriese landskap van die Klein Karoo.

Uit respek vir die komplekse geskiedenis van die C.P. Nel-museum se sandsteengebou, wat 'n erfenisterrein is, versamel die kunstenaars stof van die oppervlakte as beginpunt vir die vervaardiging van Scanning Electron Microscope (SEM)-beelde. Tot 5 000 keer vergroot, onthul hierdie beelde teksture en abstrakte vorme waar spore van mense, die natuurlike wêreld en die geboude omgewing saamvloei, wat fragmente van 'n wêreld skep wat tegelyk mikroskopies en monumentaal is.

Besoekers word genooi om deel te word van die uitstalling deur aan 'n tafel te sit, laaie oop te maak, of deur 'n boek te blaai. Elke interaksie aktiveer klanklandskappe wat historiese landskappe oproep, herverbeel deur 'n hedendaagse lens, en wat nuuskierigheid en verwondering uitlok.

Stof word die stil draad wat al hierdie elemente aan mekaar bind. Anders as die sandsteen waaruit die gebou gemaak is, of die geweld wat die omliggende landskap in beide koloniale en hedendaagse tye aanskou het, tree stof op as 'n aktiewe agent in die werk. Dit bestaan op verskeie maniere: Dit is gelyktydig 'n gebeurtenis en 'n oorskot, 'n proses en 'n samevoeging. Dit versamel tyd en versprei dit weer. In sy onstabiliteit en beweging verskuif stof die grense tussen voorwerp en omgewing, mens en niemens, lewe en verval. Dit dui op verganklikheid terwyl dit die volharding van materie buite ons onmiddellike bestaan bevestig.

Op hierdie manier stel *Stof tot verhaal* stof voor as 'n aktiewe deelnemer in die verhaal, nie net as 'n oorblywende spoor van geskiedenis nie. Deur vergroting, klank en interaktiewe betrokkenheid nooi die werk besoekers uit om stof as 'n lewende krag te ervaar, een wat beide vorm en gevorm word deur die verweefde invloede van plek, tyd en menslike teenwoordigheid.

GESIN ▪ 540 MIN. ▪ **GRATIS**
C.P. NEL-MUSEUMTORING

**28 MAART VANAF 12:00 ▪**
**29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**



# Rond en bont

## Skeepsvraghouers

MET **Conrad Botes**

*The Wilderness* is 'n grafiese plekspesifieke werk deur Conrad Botes, spesiaal geskep vir die 30ste KKNK.

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
C.P. NEL-MUSEUM

**28 MAART TOT 4 APRIL**





## Rond en bont

# Wolk 2026

MET **Elgin Rust, Jane Appleby en Sage Botanicas**

*Wolk* is 'n reisende installasie wat oorspronklik geskep is vir die Spier Ligfees en nou te sien is in die wolklose Karoo. Hierdie innoverende kunswerk hergebruik plastiek-waterbottels in 'n interaktiewe beeldhouwerk.

Die installasie bestaan uit vier LED-ligbande, 'n klankstelsel, rekenaarbeheerders en radiofrekwensie-sensors wat dinamies reageer op toeskouers binne 'n bepaalde radius vanaf die wolk. Dit skep 'n sin van teenwoordigheid wat die toeskouer aantrek, terwyl die presiese dinamika daarvan mens prikkelend ontwyk.

*Wolk* se omgewingsboodskap is een oor plastiekbesoedeling. Dis 'n wekroep om ons waterbronne te bewaar. Deur weggegooide waterbottels in te span as die hoofmateriaal, verwys die kunswerk na die wêreldwye krisis om toegang tot skoon water, sowel as na die potensiaal om rommel te herwin en te vernuwe.

Creative Vision is 'n samewerking tussen Elgin Rust, Jane Appleby en Sage Botanicas. Hulle daag die toeskouer uit om 'n meer volhoubare toekoms voor te stel.

Die projek is 'n toonbeeld van hoe tegnologie en kreatiwiteit saamgevoeg kan word om omgewingskwessies te takel.

GESIN ▪ 540 MIN. ▪ **GRATIS** ▪ VOOR DIE ABSA BURGERSENTRUM

**28 MAART TOT 4 APRIL**

# Transitory Homes

Die projek ondersoek die verplasing van mense, diere en water. Hierdie entiteite wat gewoonlik vrylik kan beweeg, word dikwels beperk, herlei of gekommodifiseer deur geskepte grense. Dit takel sowel mitiese narratiewe as werklike infrastrukture en speel met die dubbelsinnigheid tussen die dokumentêre en die verbeeldingswêreld. Hierdie spanning tussen feit en fiksie manifesteer in vorms wat verwys na heilige plekke, nywerheidstelsels en antieke rituele en skep ruimtes waar die toeskouer hulself moet afvra, wat is werklik, wat is verlore en wat is gekonstrueer.

Kathy Robins skep beeldhouwerke in gesprek met die omgewing en inkorporeer hout, koper en gemengde media.

GESIN ▪ 540 MIN.
**GRATIS**
BINNEHOF VAN PRESBITERIAANSE KERK

**28 MAART VANAF 12:00 ▪ 29 MAART TOT 4 APRIL VANAF 09:00**



# KKNK 2026 Visuele-kuns-rondleidings

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.
GRATIS ▪ VERSKEIE VENUES

28 MAART TOT 4 APRIL



**SATERDAG 28 MAART**
*Grenslose gesprekke* se kunsuitstallings is oop vir die publiek vanaf 12:00. Meeste van die kunstenaars is van 13:00 tot 15:00 teenwoordig by hul uitstallings om informeel met kykers te gesels.

**SONDAG 29 MAART 11:00**
Grenslose gesprekke wat tyd en plek oorskry: rondleiding van *PLEK* en *So, I Let Silence Explain* in die Prince Vintcent-gebou, deur Liza Grobler, nomThunzi Mashalaba en voormalige feeskunstenaars.

**MAANDAG 30 MAART 11:00**
Grenslose gesprekke: *Passage – a song.* en *After De Jongh* by die St. Jude's Anglikaanse kerksaal, 'n rondleiding deur Abrie Fourie en Hentie van der Merwe.

**DINSDAG 31 MAART 11:00**
Grenslose gesprekke: *Praatland* by die Absa Burgersentrum, 'n rondleiding deur kurators Juria le Roux en Brahm van Zyl.

**WOENSDAG 1 APRIL 11:00**
Grenslose gesprekke: 'n Interaksie met *Kans Karoo* (Hannah Paton), *Mite-masjien* (Kobus la Grange) en die jong stem Luxolo Witvoet in die Presbiteriaanse kerksaal.

**DONDERDAG 2 APRIL 11:00**
Grenslose gesprekke: *Rond en bont*. Hierdie rondleiding vertrek vanaf die grondverdieping van die Prince Vintcent-gebou. Bring jou stapskoene, hierdie een is vir die fikser kunsliefhebbers! Rondleiding aangebied deur Liza Grobler en Seretse Moletsane.

**VRYDAG 3 APRIL 11:00**
Grenslose gesprekke met ander lande: *Lay of the Land*, *Being Here for You* en *Heinde en ver* in die Prince Vintcent-gebou.

**SATERDAG 4 APRIL 11:00**
Grenslose gesprekke wat tyd en plek oorskry: 'n Oorsig oor al die feesuitstallings in die Klein Karoo. Rondleiding aangebied deur Liza Grobler en Seretse Moletsane.

# KUNSKWARTIER

## Annie's Art bied aan: Die Karoo is 'n gedig sonder woorde

**KUNSKWARTIER**

Ek wil ry tot waar dit reën ... stap deur strate met huise wat nog nooit gesluit was nie, ek wil met jou sit en gesels oor Bach in Afrikaans, oor die statige Audrey en ek wil weet dat jy weet dat dit reg is om waarde aan die goeie in die lewe te heg ... en dan wil ek hê dat jy ook saam met my wonder hoe Ingrid die see kon inloop, terwyl haar kind lê en slaap ... My taal, my wese ...

QUEEN'S HOTEL SE KONFERENSIESAAL (BARON VAN REEDESTRAAT) ▪ **084 666 0777**

**28 MAART TOT 4 APRIL**
**08:30 TOT 20:30**






## Bottega Kunsgalery

**KUNSKWARTIER**

Besoek die galery vir 'n keurversameling kuns met 'n verskeidenheid bekende kunstenaars, onder wie Johan Coetzer, Hannetjie de Clercq, Glendine, Theo Kleynhans, Frieda van Zyl, Van Wessels en die juwelierswarekunstenaar Adele van Vuuren.

ORANJESTRAAT 46 (H.V. ORANJE-STRAAT EN JAN VAN RIEBEECKWEG) ▪ **072 321 7802**

**28 MAART TOT 4 APRIL**
**09:00 TOT 18:00**






# Friends & I

**KUNSKWARTIER**

’n Uitstalling van ons reis na behoort, deur kleur. Ons is ’n groep vriende van die Tuinroete, wat vreugde vind om saam uit te stal, as ’n kollektiewe geheel. Ons gesamentlike liefde vir kuns het ons paaie oor tyd verweef, wat ons beter maak. Ons doel en sin van behoort kom uit die eenheid wat ons as vriende het – ons doen die lewe saam, op ’n kleurvolle en opregte manier. Ons glo dat inspirasie (en pret) eksponensieel verbeter wanneer ons in die teenwoordigheid van ander werk. Die definisie van “kleur” is die lig wat deur ’n objek weerkaats word. Ons voel gedefinieer en gewaardeer deur hoe ons mekaar weerspieël. Dit is ons, dit is ons kuns, en dit is ons reis na behoort, deur kleur.

C.P NEL-MUSEUM (BARON VAN REEDESTRAAT)

**28 MAART TOT 4 APRIL 09:00 TOT 18:00**

# Onthou jy? en Hier, nou

**KUNSKWARTIER**

UITSTALLINGS DEUR **Hans Blignaut en Janet Dixon**

Ontdek Oudtshoorn se nuwe uitstalruimte in ’n historiese sandsteengebou. In *Onthou jy?* vang Hans Blignaut alledaagse, spontane oomblikke vas in tyd. In *Hier, nou* besin Janet Dixon visueel oor die broosheid en die mooi van die lewe, oor die onstuitbare verbrokkeling van die fisieke en die gelyktydige vrywording van gees.

BARON VAN REEDESTRAAT 43
(LANGS KAROO ANTIQUES)
**HANS: ARTBYHANS.COM • 064 904 6653**
**JANET: @JANET__DIXON • 084 359 4544**

**28 MAART TOT 4 APRIL**
**09:00 TOT 17:00**





Collections from Janet Dixon | Artwork Archive
www.artworkarchive.com




SOUTH AFRICA BE SHARP, NOT FOR PERSONS UNDER THE AGE OF 18.

18+ SABSHARP

BUFFELSDRIFT

GAME LODGE

★★★★

## OOP VIR DAGBESOEKERS

Restaurant | Spa | Bos-safari | Nagritte | Meerkat-safari |
Leeu-ervaring | Olifant-ervarings |
Vrylopende Jagluiperd-ervaring

*Suid-Afrikaanse besoekers kry 20% afslag op ons aktiwiteite!*

Neem 'n blaaskans van die feesgedruis en kom geniet die rustige natuurskoon en die prentjiemooi Swartberge vanaf ons restaurantdek.

Ontsnap die warm Karoo-son met iets verfrissends om te drink terwyl jy die klanke van die natuur waardeer.

Buffelsdrift Game Lodge is slegs 6.5 km buite Oudtshoorn, op pad na die Kango-grotte.




www.buffelsdrift.com | (044) 272 0000 | info@buffelsdrift.com

# RSG – Trots deel van die KKNK se 30-jaar reis.

Kom kuier saam met jou gunsteling-omroepers en geniet die lekkerste konserte by die RSG en ATKV Kuierkol.




Luister jy?
Luister jy?
Luister jy?

rsg.co.za

RSG 100-104 fm
DIS DIE EEN

# GESPREKKE



*Moontlik gemaak deur die*
*Het Jan Marais Nationale Fonds.*

# NETWERK24 EN DIE BURGER PRAAT SAAM

**AANGEBIED DEUR** Netwerk24 en Die Burger


Met die plaaslike verkiesing op hande, tree **Jody Hendricks** van RSG in gesprek met plaaslike politici oor politieke kwessies in die Klein Karoo. Gewilde TV-aanbieder **Kabous Meiring** gesels daarna met kenners en rolspelers oor verskeie ander brandpunte en sake van die dag, waaronder belangrike landskwessies en sport. Kom praat saam by hierdie gewilde gespreksreeks in die Netwerk24-feeskafee. Spasie vir die gesprekke is beperk. Vermy teleurstelling deur vroeg 'n sitplek te kry.

NETWERK24 DIE BURGER

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 60 MIN. ▪ GRATIS ▪ NETWERK24-FEESKAFEE

## Vir wie moet Oudtshoorn in 2026 stem?

MET **onder andere Zoe Tyatya (ANC-lid en waarnemende burgemeester), Johan Allers (VF Plus-lid), Suzane Jansen (PA-lid en speaker van Oudtshoorn), Chris Macpherson (DA) en Chad Louw (People's Prosperity Movement)**
GESPREKSLEIER **Jody Hendricks**



Met die plaaslike verkiesing wat later vanjaar gehou word, vra ons wat bied politieke partye vir dié Klein Karoo-dorp in 2026? Het die koalisieregering van die afgelope vyf jaar dienslewering op die dorp verbeter, of sal 'n eenpartyregering beter wees vir Oudtshoorn en sy mense?

**28 MAART 08:30** 90 MIN.

## Munisipale dienslewering – of eerder diensontbering?

MET **onder andere Grant Riddles (Hessequa-burgemeester) en Petrus van Eeden (besproeiingsboer van Harrismith en medestigter van Water Heroes)** GESPREKSLEIER **Kabous Meiring**

Die woord "munisipaliteit" is vir baie sinoniem met 'n moedelose gesug. Wat baat dit inwoners maak slaggate reg en die munisipale swembad word herstel ... as die oudits steeds nie skoon is nie? Waar lê die éintlike probleme, en kan tussenverkiesings regtig 'n verskil maak as die kandidate verbeeldinglose selfverrykers bly? En wie moet hierdie kandidate dan eerder wees?

**29 MAART 08:30**

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 60 MIN. ▪ GRATIS ▪ NETWERK24-FEESKAFEE**

## Is dit 'The Godfather' of eerder 'Die kadervader'?

MET **onder andere Jeremy Vearey (oud-generaal-majoor en voormalige Wes-Kaapse speurhoof)** GESPREKSLEIER **Kabous Meiring**

Korrupsie in die môre, korrupsie in die aand, korrupsie oral om ons, hoe moet ons dit verstaan? Daar is ongerymdhede in die privaat sektor en in die regering. Deesdae praat ons oor Suid-Afrikaanse mafianetwerke. Kan ons daarvan ontslae raak? En hoe?

**30 MAART 09:00**



## Sal Afrikaans nog die skoolbus haal of is die taal eerder finaal 'n skoolverlater?

MET **dr. Jaco Deacon (uitvoerende hoof van Fedsas), prof. Marné Pienaar (hoogleraar in taalkunde, UJ) en Pieter Rademeyer (hoof van Hoërskool Jan van Riebeeck)** GESPREKSLEIER **Kabous Meiring**

Afrikaans haal kort-kort die nuus. In die noorde oor skolewetgewing, in die suide oor die omstredenheid oor Standaardafrikaans en streekstale. Help hierdie debatte om die taal te onderhou of te laat floreer? Moedertaalonderrig bly onontbeerlik, dit weet ons. Maar waar staan Afrikaans in die politieke landskap? En sal dit ooit 'n merk op die internasionale mark maak?

**31 MAART 09:00**

## 'n Verdeelde wêreld met verdelende leiers

MET **ds. Rudi Swanepoel (leraar van Aan-die-Berg-gemeente), dr. Ruhan Fourie (Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie) en prof. Nomalanga Mkhize (hoogleraar in geskiedenis, NMU)** GESPREKSLEIER **Kabous Meiring**

Leierskap is lankal nie meer 'n gesogte karaktereienskap nie; dáárvoor het ons hopeloos te min goeie voorbeelde. Om die waarheid te sê, van die groot wêreldleiers is verdelend, gierig, gewelddadig. Waar is ons Churchills en Roosevelts? Ons gesels oor die geskiedenis en die toekoms aan die hand van bekende leiers.

**1 APRIL 09:00**

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 60 MIN. ▪ GRATIS ▪ NETWERK24-FEESKAFEE**

## Ponzi-skemas: Is die skelms te slim, is ons dom – of dalk net gierig?

MET **onder andere Luricka Fick (sielkundige)** GESPREKSLEIER **Kabous Meiring**

Is die skelms net te slim, of ons te onnosel? Jaar ná jaar word nog 'n Ponzi-skema blootgelê, en verdwyn nóg mense se geld in die niet. Hoekom hou mense aan om daarin te belê? As dit te goed lyk om waar te wees, dan is dit waarskynlik. Ons verken die fenomeen verder in 'n gesprek.

**2 APRIL 09:00**

## Popsielkunde en geestesgesondheid

MET **Luricka Fick (sielkundige) en Danie Marais (digter en joernalis)** GESPREKSLEIER **Kabous Meiring**

Om dagboek te hou is deesdae vreeslik in die mode. Dit help blykbaar die psigiese bedrading. Skryf vir terapie is so oud soos die berge. Waarom dan nou maak asof Chat of Claude baanbrekers op dié gebied is? En dan is daar die kwessie van elke tweede Jan Rap wat terapieraad op TikTok uitdeel. Daar is sekerlik voordele hieraan – maar tog ook nadele. Hoe maak 'n mens sin hiervan?

**3 APRIL 09:00**

## Transformasie én prestasie

MET **onder andere Stephen Nell (Netwerk24-sportjoernalis)** GESPREKSLEIER **Kabous Meiring**

Wanneer daar van sport en transformasie gepraat word in dieselfde asem, kry party mense sommer sooibrand. Kan ons nie maar aanbeweeg nie? Die vraag bly egter: Hoe kry 'n mens 'n rugbyspan van wêreldklasgehalte ten spyte van 'n geskiedenis wat allesbehalwe regverdig was? Hóé het Rassie Erasmus, Springbok-hoofafrigter, dit reggekry om 'n span met só 'n vlak van gelykheid en broederskap op die wêreldverhoog te laat seëvier, tot so 'n mate dat ons dalk-dalk al kan sê ons is al aan die ander kant van divers, en nader aan werklike Suid-Afrikanerskap? En kan ons Rassie se strategie ook in ander sfere toepas?

**4 APRIL 09:00**



# Die Onderhoud met Wicus Pretorius

MET **Wicus Pretorius en verskeie gaste**

Die aktualiteitsprogram *Wie's Nuus? met Netwerk24* op kykNET bring 'n gespreksreeks na die KKNK wat gratis aangebied word. Wicus Pretorius, wat tans waarneem as aanbieder (in Mia Spies se plek), lei dié gesprekke in die Netwerk24-feeskafee. Wicus sal met nuusmakers gesels oor enigiets van politieke kwessies soos infrastruktuuruitdagings in disfunksionele munisipaliteite tot met ikoniese akteurs oor die kultuurlandskap – wat ook al die onderwerp, dit beloof om insiggewend en vermaaklik te wees. As jy met insig wil saampraat by die braaivleisvuur, woon dié gesprekke by. Die name van die gaste vir elke dag is aanlyn beskikbaar by kknk.co.za, of op sosiale media. Skandeer dié QR-kode as jy wil sien wie wanneer op die verhoog is. Jy is genooi, kom gesels saam!

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 60 MIN. ▪ **GRATIS** ▪ NETWERK24-FEESKAFEE

**30 MAART 12:00 ▪ 31 MAART 12:00 ▪ 1 APRIL 12:00 ▪ 4 APRIL 12:00**

Skandeer vir meer inligting.



# ATKV-BOEKE-OASE BY EXCLUSIVE BOOKS

ATKV

EXCLUSIVE BOOKS



## ATKV-Boeke-oase by Exclusive Books

Kom kuier in die ATKV-Boeke-oase by Exclusive Books, waar daar nie net daagliks insiggewende Boekstories met skrywers en uitgewers aangebied word nie, maar ook talle winskopies in dié boekeparadys te koop is. Dit is die ideale manier om meer oor die skrywers en hulle denkprosesse te leer.

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 45 MIN. ▪ GRATIS**

**28 MAART TOT 4 APRIL 10:30 ▪ 12:00 ▪ 14:30 ▪ 16:00**

As jy enige vrae of voorstelle het, maak 'n draai by die inligtingspunt op die hoek van Baron van Reedestraat. Kaartjies vir die Feesmark en teaterproduksies, asook die pendeldiens, is ook hier te koop.






# VIER DIE STORIE!

**Nataniël en Anna-Mart van der Merwe in gesprek**

Saam met die KKNK se drie dekades vier **Nataniël** die afgelope 30 jaar as skrywer, sy meer as 25 topverkopers en ook sy loopbaan as storieverteller. Hy gesels met sy vriendin en medekunstenaar **Anna-Mart van der Merwe** oor die kuns van stories vertel, die vele maniere om verhale te deel en die ontdek van nuwe kulture.

’n Eerste (openbare) keer saam vir hierdie twee kunstenaars! ’n Beperkte aantal sitplekke is beskikbaar – moet dit nie misloop nie! ’n Feesmark-kaartjie bied jou toegang, solank jy ook enigeen van Nataniël se boeke by die deur kan toon.

Nataniël se mees onlangse boeke is te koop by die geleentheid, insluitend *Sweetie*, sy nuutste bundel. Sy unieke *BLOEI + BLOM*-koffietafelboek is ook teen afslag beskikbaar.

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.
**ABSA KUIERKAMER (IN DIE FEESMARK)**
INGESLUIT BY JOU FEESMARK-KAARTJIE (MET ENIGE BOEK VAN NATANIËL IN DIE HAND)

**3 APRIL 11:00**



FOTO: SARIE / MARIJKE WILLEMS

# BOEKSTORIES

SAAMGESTEL DEUR **Eben Pienaar**

Die KKNK se Boekstories bied daagliks insig in die skryfprosesse en denkwyses van verskeie skrywers. Kom leer meer van en ontmoet jou gunstelingskrywers hier.

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 45 MIN.**
**GRATIS**
**ATKV-BOEKE-OASE BY EXCLUSIVE BOOKS**






## Klein konings


**FIKSIE**

MET **Theo Kemp (skrywer) en Daniel Hugo (gespreksleier)**

Min weet die staatsamptenare Pixley en Joubert wat op hulle wag toe Minister hulle na ’n vergadering genaamd “Removal of Monuments” ontbied. Dié twee amptenare se agtergrond is so uiteenlopend soos kan kom: Pixley is afkomstig van die Zoeloe-adelstand, terwyl Joubert glo van sy betoorgrootmoeder se kant afstam van generaal Piet Joubert. Minister se opdrag: Al die apartheid- en koloniale standbeelde, simbole en monumente moet verskuif word. Pixley en Joubert moet deur die land reis en die ongewenste monumente besoek, die situasie evalueer, en dan met ’n plan vorendag kom oor hoe dit gedoen sal word. Soos wat Pixley en Joubert vorder met hulle toer op soek na ’n geskiedenis waarvan sommige eerder wil vergeet, kom besoek hulle persoonlike geskiedenisse hulle ook.

*Aangebied deur Protea.*

**28 MAART 10:30**




## Van 'n afstand af

**NIEFIKSIE** • MET **Koos van der Merwe (skrywer) en Reggie Peace (gespreksleier)**

*Van 'n afstand af* is 'n versameling van memoires, verhale, sketse en vertellings as deel van 'n terugskouing oor 'n leeftyd. Van die skrywes is oor 'n tydperk in Afrikaanse koerante onder Koos van die Waterberge geplaas. Daar is ses afdelings: vertellings oor vriende, die gesin, musiek, 'n plaas in die Waterberge, alles en nog wat, en kommentaar oor aktuele en politieke aangeleenthede. Die boek bring 'n boodskap oor die diverse fasette van ons bestaan: van menslikheid en medemenslikheid, humor binne ligter oomblikke, uitdagings, van die belangrikheid van persoonlike oopstelling van ander mense se interessanthede, van mooi en aangrypende oomblikke op ons lewenspad en, natuurlik, die kompleksiteite en ernstiger sy van ons bestaan.

*Aangebied deur Naledi.*

**28 MAART 12:00**




## Vredemaker

**NIEFIKSIE** • MET **Reggie Peace (skrywer) en Jody Hendricks (gespreksleier)**

Reggie Peace was 13 toe hy by die kinderhuis se voordeur gaan aanklop het. Hier kry hy stabiliteit en gou begin Reggie presteer. Maar hy bly ontevrede met homself – hy hunker na erkenning en aanvaarding. Tot hy besef dat hy 'n keuse het: Kies die lewe, óf kies 'n stadige dood. Reggie se verhaal is een van hoop. Sy storie is een van swaarkry, maar ook van veerkragtigheid, aanpasbaarheid en die aangryp van elke geleentheid. In sy aangrypende memoires beklemtoon Reggie die waarde van selfliefde, positiewe verandering, en hoe om met Christus aan jou sy sterker anderkant uit te kom.

*Aangebied deur Lux Verbi.*

**28 MAART 14:30**

## Eerlike digkuns

MET **Antjie Krog, Bibi Slippers en Danie Marais**

Kom vind meer uit oor hoe om eerlik oor die self en jou omgewing te dig. In hierdie sessie met drie bekroonde digters gesels Antjie Krog oor *Plunder* wat 'n ontroerende, maar ook komiese blik gee op die ouderdom en die aftakeling van die lyf. Bibi Slippers se verse in *Soekenjin* ondersoek die lewe in die tyd van die internet. In *Ek en jy bestaan nie* praat Danie Marais oor die menslike middelklastoestand en waag dit om te praat oor dinge waaroor mense liefs stilbly. Die drama *Ek is nie Danie* is gebaseer op Danie se digbundels.

**28 MAART 16:00**










## The Shadow State


**NIEFIKSIE: POLITIEK**


MET **Jeff Wicks (skrywer) en Heindrich Wyngaard (gespreksleier)**

Op 23 Augustus 2021 op pad huis toe sterf 'n hardwerkende, stil enkelma in 'n koeëlreën. Haar naam was Babita Deokaran, hoofrekenmeester by die Gautengse departement van gesondheid. Jeff Wicks doen verslag oor die arrestasie van die *izinkabi* wat betaal is om haar te vermoor. Hoekom moes sy sterf? Jeff se soektog na dié antwoord sou sy lewe vir altyd verander – en selfs in gevaar stel. 'n Spanningsverhaal vol aksie, uitstekend geskryf, oor die soeke na geregtigheid.

*Aangebied deur Tafelberg.*

**29 MAART 10:30**






## Vere langs die pad

**NIEFIKSIE: RUBRIEKE**

MET **Stephan Henrico (skrywer) en Daniel Hugo (gespreksleier)**

Ná *Verhale uit Volstruisville* volg Stephan Henrico se tweede bundel met vertellings, rubrieke, sketse en waarnemings. *Vere langs die pad* is biografiese kortverhale wat die skrywer se beskouing oor die lewe blootlê. Ons almal word gevorm deur ervarings, indrukke en gebeurtenisse, maar nie almal kan, soos Stephan, van 'n afstand perspektief daarop gee nie. In sy geval is dit sy grootwordjare, sy loopbaan as weermagoffisier, sy rol as gesinsman, maar ook plek, tyd en omgewing, wat die grootste rolle in sy lewe speel.

*Aangebied deur Turksvy.*

**29 MAART 12:00**

## Moederboeke en sustertale

**Antjie Krog en Tom Lanoye in gesprek**

Antjie Krog en Tom Lanoye is twee gevierde skrywers uit verskillende wêrelddele wat vrylik tussen genres beweeg. Die vertrekpunt van die gesprek is onder meer ouers en spesifiek moeders, na aanleiding van hul boeke *Binnerym van bloed en Sprakeloos*, asook die Suid-Afrikaanse verhoogdebuut van *Atropa: Die wraak van vrede by die KKNK*. Lanoye het self sy bekroonde Belgiese drama na Afrikaans vertaal, terwyl Krog voorheen die vertalings van *Mamma Medea en Koningin Lear gedoen het*. In 'n tydperk wat uit wans voel, besin die twee denkers, vriende en kollegas oor die kunste, literatuur, taal en miskien die wêreld.

*Ondersteun deur Literatuur Vlaanderen.*

**AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.**
**GRATIS ▪ NETWERK24-FEESKAFEE**

**29 MAART 10:00**



FOTO: BRENDA VELDTMAN

FOTO: ARTHUR LOS FOTOGRAFIE

## Die skuld wat bloed betaal

**FIKSIE** • MET **Sandra Skinner (skrywer) en Marliza van den Berg (gespreksleier)**

Twee kinders – een wit, een bruin – beur die lewe in en word gedurende die apartheidsjare in dieselfde plattelandse omgewing groot. Onder dié grond voed die bloed en beendere van voorsate die DNS van die landskap. Vernietigende gedragspatrone vloei soos kanker deur die are van een geslag na die volgende. Wanneer die noodlot hulle wêrelde in botsing bring, keep dit diep wonde. Hulle bly die skuld van bloed betaal. Met hierdie sterk en boeiende debuut hou Sandra Skinner 'n spieël van die hede op en dwing sy die leser om skokkende wreedhede van ons verlede in die gesig te staar.

*Aangebied deur Naledi.*

**29 MAART 14:30**





## Valskermbataljon-verhale

**KORTVERHALE** • MET **Mike Bolhuis (skrywer) en Hannes Visser (gespreksleier)**

*Valskermbataljon-verhale* vat jou saam met die Parabats – die elite-valskermsoldate wat deur die lug geval en op die grond geveg het. Dis regte stories deur regte manne oor oomblikke wat hulle nooit sal vergeet nie. Van die opwinding en vrees voor 'n sprong tot die kameraadskap wat net in die hitte van aksie gesmee kan word – hierdie is stories van moed, deursettingsvermoë, gevaar, humor, vasbyt en verlies. Party sal jou laat regop sit, ander sal jou diep laat nadink. Maar elkeen wys hoe dit regtig was om 'n Parabat te wees. Eerlik. Rou. Reguit. *Valskermbataljon-verhale* bring hulle ervarings tot lewe, net soos hulle dit onthou.

*Aangebied deur Naledi.*

**29 MAART 16:00**




## Riviere in die wildernis

**NIEFIKSIE** • MET **Karlien van Jaarsveld (skrywer) en Nadine Petrick (gespreksleier)**

In die oop ruimtes tussen sterre en swaartekrag sal jy Karlien van Jaarsveld vind waar sy kaalvoet en sonder pretensie by die Here sit. Daar waar sy met Hom kan gesels oor haar soeke en seer, want sy weet dat Hy gewillig en met deernis luister. Karlien vertel van haar kronkelpaaie van pyn en verlies en hoe sy deur die jare daardie paaie, ineengevleg met haar onwrikbare geloof, gestap het. In hierdie poëtiese teks vol beeldspraak en vloeiende kreatiwiteit gesels sy oor grepe uit haar lewe in kwesbare tye. Sy deel met die leser haar ondersoeke in die Woord, die suiwer leringe van Jesus, sielvolle gedigte, lirieke en diep persoonlike gewaarwordinge. In haar arms het sy al lewe, siekte en dood vasgehou en geleer hoe om, of die Here nou gee óf neem, steeds 'n halleluja te sing.

*Aangebied deur Penguin.*

**30 MAART 10:30**





## Lyfluister: Jou innerlike kompas in donker tye


**NIEFIKSIE: SIELKUNDE** • MET **Gretha van der Merwe (skrywer) en Marlene Malan (gespreksleier)**

Leierskap- en lewensafrigter Gretha van der Merwe is self deur skokterapie en Stikland. Totdat sy na haar lyf begin luister het. In hierdie boek deel sy haar reis – van spirituele ontwaking, van emosioneel volwasse word, van die taal van haar lyf wat sy moes leer vertrou – om nie net te oorleef nie, maar werklik te leef. *Lyfluister* is 'n ontdekkingstog deur die sielkunde, meditasie, joga en Oosterse filosofieë. Dit bevat die praktiese raad en oefeninge van 'n ervare afrigter vir diegene wat nadink oor die lewe se grootste vrae: Wie is ek? Wat is die lewe? Wat is liefde? Wie is die Goddelike? Wat is my doel op aarde?

*Aangebied deur Turksvy.*

**30 MAART 12:00**







## Dharma-dwaas in Doodloopstraat

**FIKSIE** • MET **Sjaka S. Septembir (skrywer) en Daniel Hugo (gespreksleier)**

In *Dharma-dwaas in Doodloopstraat* is die randfiguur Biko April op soek na sy eie stem in die mededingende wêreld van kunstenaarskap. Enersyds vrees hy eensaamheid en andersyds vrees hy groepdenke en 'n gebrek aan uniekheid wat met eendersheid gepaardgaan. Sy verskeurdheid neem hom op 'n swerftog na die ontdekking van sy eie kreatiwiteit. Waar hoort hy as skrywer? Het sy woorde bestaansreg? Watter verskil maak dit? Septembir is een van die oorspronklikste stemme in die Afrikaanse letterkunde. Dié vervolg op *Die bardo van Biko April* daag jou uit om dieper te dink en die kompleksiteite van ons tyd in oënskou te neem.

*Aangebied deur Turksvy.*

**30 MAART 14:30**





## Klawer

**NIEFIKSIE: GESKIEDENIS** • MET **Rocco de Villiers (skrywer) en Coenie de Villiers (gespreksleier)**

In Migdol was daar nog nooit 'n klavier-show nie. Ook nie op Baardskeerdersbos nie. Of op Zastron of Vrede nie. Ook nie op Op-die-Berg nie. Totdat Rocco de Villiers 'n konsert soontoe geneem het. Sy duisende besoeke aan dorpe in Suid-Afrika het hom geleer dat elke gehoorlid 'n verhaal het. En elkeen se verhaal het waarde. Ons dink so maklik geskiedenis word net deur bekendes geskryf, sê hy. Maar stories, grappe en kwinkslae word van die een generasie na die ander oorgedra deur gewone mense ... húlle skryf die ware geskiedenis van 'n kultuur. *Klawer* is nie net 'n dokument en argiefstuk van sy besoeke aan dorpe nie, maar ook 'n geskenk en dankie aan dié gemeenskappe en mense wat hom al dekades lank 'n loopbaan, 'n platform en verhoog gee om sy musiek te maak en met hulle te deel.

*Aangebied deur Turksvy.*

**30 MAART 16:00**




## Biltong en Dior

**NIEFIKSIE** • MET **Louis Jansen van Vuuren (skrywer) en Hanlie Retief (gespreksleier)**

*Biltong en Dior* is 'n uitbundige relaas oor die kunstenaar en skrywer Louis Jansen van Vuuren se kleurvolle ervarings as Suid-Afrikaner wat al langer as 25 jaar 'n liefdesverhouding het met alles wat Frans is en vir minstens die helfte van elke jaar in Frankryk woon en werk. Hy en sy lewensmaat, Hardy Olivier, het meer as twee dekades gelede 'n vervalle château in Boussac gekoop en in 'n luukse boetiekhotel omskep waar Louis in later jare kunsklasse en kostoere vir Suid-Afrikaanse vroue aangebied het. Danksy Louis en Hardy se pioniersgees, het meer as 35 Suid-Afrikaanse families sedertdien hul eie "petit château" in dieselfde omgewing op die Franse platteland gekoop.

*Aangebied deur Tafelberg.*

**31 MAART 10:30**




## Een keer om die son

**FIKSIE** • MET **François Bloemhof (skrywer) en Riaan Grobler (gespreksleier)**

Dit neem 'n jaar vir die aarde om een keer om die son te wentel. In dié tyd kan geweldig baie gebeur, bitter én soet. Die aangrypende verhaal van 'n gesin wat op die oog af gelukkig is … Maar dan vind 'n tragedie plaas wat tergende vrae tot gevolg het, en alles verander oornag. Want menseverhoudinge is kompleks, en dié verhaal beeld dit in volle geskakeerdheid uit. Die bekroonde skrywer François Bloemhof het hierdie aangrypende TV-reeks verwerk tot 'n roman wat wyd byval sal vind.

*Aangebied deur Queillerie.*

**31 MAART 12:00**

## Waar bloed kruip

**FIKSIE** • MET **Marieta Carrick (skrywer) en Marliza van den Berg (gespreksleier)**

Met haar aankoms by Noordeberg Hospitaal is Lola Anley aangenaam verras om aangewys te word as een van die top- mediese studente wat blyplek in die gesogte Straumann Huis kry. Maar haar opgewondenheid is van korte duur wanneer sy uitvind dat sy in die kamer gaan bly van 'n student wat 'n jaar gelede op die kampus vermoor is. In die Straumann Huis begin vreemde dinge gebeur. Boonop word Lola se slaap versteur deur drome oor haar oorlede tweelingsuster. Om al die spoke ter ruste te lê, móét sy die geheim oor die moord ontrafel – sónder dat iemand die waarheid oor haar eie verlede te wete kom. *Waar bloed kruip* is Marieta Carrick se debuutroman, nou heruitgegee. Die gebeure vind plaas vóór dié van haar gewilde *Bloed van 'n vlinder*.

*Aangebied deur Queillerie.*

**31 MAART 14:30**




## Malema: Money. Power. Patronage.

**NIEFIKSIE: POLITIEK** • MET **Pauli van Wyk (skrywer) en Heindrich Wyngaard (gespreksleier)**

Julius Malema het sy groeiende politieke mag misbruik om sy party te befonds en om 'n eie persoonlike fortuin op te bou, ten koste van die arm Suid-Afrikaners vir wie hy na bewering veg. Bekroonde joernalis Pauli van Wyk gesels oor die verstommende besonderhede van Malema se Limpopo-skandale wat wys hoe geldgierigheid Suid-Afrikaanse politiek vergiftig. In hulle boek het Pauli en haar medeskrywer, Micah Reddy, onthul hoe Malema oor die jare sy modus operandi verfyn het, wat dit vir die regstelsel moeilik maak om hom aanspreeklik te hou.

*Aangebied deur Tafelberg.*

**31 MAART 16:00**






## Déjà vu

**FIKSIE** • MET **Chanette Paul (skrywer) en Marieta Carrick (gespreksleier)**

Zabeth Meyer beland op Kronkelrivier om navorsing vir die krimiskrywer Wilbur Sheldon te doen. In sy skatryk familie se Victoriaanse herehuis, Sheldon Manor, kom sy al hulle vreemde tragedies en intriges teë: Eers verdrink die oudste Sheldon-kleinkind, en ’n paar jaar later sterf sewe Sheldons op een dag. Net een erfgenaam van die Sheldon-fortuin bly oor: die onbekwame Keith. En Ethel, die matriarg, is al in haar tagtigs. Kort ná Zabeth se aankoms gebeur daar nog ’n ongeluk by Sheldon Manor en skielik lyk gebeure van 25 jaar gelede heel anders ... Tussen Zabeth, Wilbur en die aantreklike Liam Sheldon moet hulle die dinastie se donker geheime en elkeen se eie verlede ontrafel voordat nog iemand seerkry.

*Aangebied deur Penguin.*

**1 APRIL 10:30**




## Die vuur huil

**FIKSIE** • MET **Allen Grootboom (skrywer) en Julian Jansen (gespreksleier)**

In die vroeë 1970’s onderneem die 21-jarige Jakob Koetaan ’n lewensveranderende reis van die Baai na Kaapstad – ’n stad wat hom sedert sy kinderjare gelok het. Wanneer ’n toevallige ontmoeting by die OK Bazaars hom saam met PAC-aktiviste in die tronk laat beland, raak Jakob bevriend met Sipho, ’n charismatiese leier wat sy oë oopmaak vir die stryd om vryheid. Want Jakob wéét hoe dit is om nie vry te wees nie. Sy familie het immers hulle plaas Towerwater weens apartheid se Groepsgebiedewet verloor, en hy moes ophou skoolgaan om vir sy jonger suster te help sorg. Maar die prys van ontwaking is swaar. Soos boikotte tot geweld oorgaan, word alles wat Jakob glo oor lojaliteit, liefde en die betekenis van tuiste getoets. ’n Kragtige struggleverhaal deur die oë van ’n jong man wat sy plek tussen sy mense in die stryd om vryheid ontdek.

*Aangebied deur Tafelberg.*

**1 APRIL 12:00**

## Die avonture van Helga Roets

**FIKSIE** • MET **Riaan Grobler (skrywer) en François Bloemhof (gespreksleier)**




Helga Roets is dalk aan die verkeerde kant van 80, maar jy kan haar steeds deur 'n ring trek, elke dag van die week. Sy woon nou al amper vyf jaar in die Silwerhare-aftreeoord in Pretoria, en hoewel die aanpassing swaar was, voel sy deesdae tuis in haar blyplekkie. Sy het darem nog haar motortjie waarmee sy gereeld winkel toe ry. Soms besoek sy vriendinne of gaan sit by 'n koffiewinkel om die mense om haar te bekyk. Dit kom dus as 'n groot skok wanneer die oogarts makulêre degenerasie in albei haar oë diagnoseer. Ten spyte van haar kinders se teenkanting, glip Helga Dinsdag suutjies uit by die aftreeoord, bagasie gepak, reg om haar reisavontuur te begin. Maar wie wag onder die lamppaal? Niemand anders nie as Stefaans de Wet, so ewe van plan om haar op haar tog te vergesel – net omdat sy nie mooi kan sién nie.

*Aangebied deur Human & Rousseau.*

**1 APRIL 14:30**

## Skorpio

**FIKSIE** • MET **Deon Meyer (skrywer) en Riaan Grobler (gespreksleier)**




Bennie Griessel en Vaughn Cupido ontvang die blye tyding dat hulle uiteindelik weer bevorder is tot die rang van kaptein. Maar hulle vreugde is van korte duur. Die vergruisde liggaam van een van Cupido se beste vriende is gevind onder die motor waaraan hy in sy motorhuis gewerk het ... was dit 'n ongeluk, of koelbloedige moord? En op 'n imposante plaas buite Stellenbosch ontplof 'n woonwa. Onverklaarbaar. Nadat die vuur geblus is, word 'n liggaam in die wrak gevind ...

*Aangebied deur Human & Rousseau.*

**1 APRIL 16:00**




## Die spoegvanger

**OUTOFIKSIE** • MET **Stefanus S. Vivier (skrywer) en Hannes Visser (gespreksleier)**

*Die spoegvanger* is die ontstellende, maar roerende vertelling van 'n jong, wit seun wat grootword op 'n plaas aan die Vaalrivier. Hy is 'n kind met 'n fyn waarnemingsvermoë, vasgevang in 'n wêreld van stilte, geheime en harde waarhede. Sy pa is 'n onderwyser, 'n politikus-in-wording, en die draer van 'n ideologie wat sy wêreld inkleur. Dis egter in die vriendskap met 'n Xhosa-seun dat die kind iets van 'n ander waarheid begin raaksien waarvoor daar in sy huis, en sy land, min plek is. Teen die agtergrond van apartheid se hoogbloei en godsdiens as geregverdigde wapen, probeer hy verstaan, verwerk, vergewe – en praat. Met iemand wat deurentyd stilbly ... Totdat die stilte aan die einde self begin praat. *Die spoegvanger* is 'n diep menslike verhaal van groei, verlies en ontwaking, 'n stem uit die verlede wat lank ná die laaste bladsy jou bybly.

*Aangebied deur Naledi.*

**2 APRIL 10:30**




## Spanje: Reise in 'n palimpses

**NIEFIKSIE** • MET **André Pretorius (skrywer) en Hannes Visser (gespreksleier)**

In 1992 loop 'n 17-jarige André Pretorius op sy eentjie in Barcelona rond. Onder die Olimpiese vlam ontbrand 'n hartstog wat hom vir die volgende drie dekades keer op keer terugneem na Spanje. In hierdie boek – 'n onbedoelde tweeluik met sy hoog aangeskrewe Italiaanse intermezzi – beskryf hy daardie Spaanse reise. Op die perkament van 'n ou Spanje met sy eggo's van drie operas – van kerk en staat, van sensualiteit, van spoke van die verlede – vind hy die rolprentmaker Pedro Almodóvar se skets van die nuwe Spanje van ons leeftyd.

*Aangebied deur Naledi.*

**2 APRIL 12:00**

## Op die spoor van die Stasiemoordenaar

**NIEFIKSIE** • MET **Julian Jansen (skrywer) en Jody Hendricks (gespreksleier)**

In die laat 1980's en vroeë 90's raak 22 jong seuns tussen tien en 14 jaar vermis, almal binne 'n 30 km-radius van mekaar. Die bruin gemeenskap word tot stilstand geruk elke keer wanneer daar nóg 'n seun verdwyn. Sommiges se lyke word later op sandduine gevind, met hulle hande agter die rug gebind. Maar die meeste van die misdade is nooit opgelos nie en talle ouers soek steeds na antwoorde. 'n Man is destyds skuldig bevind aan moord op een van die seuns en is onlangs op parool vrygelaat. Daar is egter steeds talle onbeantwoorde vrae. Waarom het ooggetuies 'n ander man beskryf? Aan wie behoort die DNS wat op tonele gevind is? Die gesoute joernalis en skrywer Julian Jansen volg die spoor van die seuns en die destydse polisieondersoeke om te probeer uitpluis wat gebeur het en of al hierdie misdade wel met mekaar verbind kan word.

*Aangebied deur Tafelberg.*

**2 APRIL 14:30**




## Vandagsedag

**NIEFIKSIE** • MET **Lanie van Reenen (skrywer) en Michèle Meyer (gespreksleier)**

Ná *C'est la vie* (2013) en *Net mooi fine* (2019) is Lanie van Reenen terug met *Vandagsedag;* die vertelling van 'n kleiner, onder-die-radar-lewe; die huis wat sy liefderik restoureer in die plattelandse dorpie waar sy land, hoe sy, ten spyte van die beperkinge wat met die ouderdom saamkom, steeds ja sê vir avonture. Sy beleef die laaste jare van haar ma se lewe intens en bring haar eie gedagtes oor oud word in perspektief. Sy verlustig haar in die klein detail van 'n vervullende alleenlewe, besef dat sy dit tot 'n kunsvorm kan verhef in die wete dat al wat ons het, is inderdaad vandag se dag.

*Aangebied deur Naledi.*

**3 APRIL 10:30**



# Drie digters delf diep

**DIGKUNS** • MET **digters Wium van Zyl, Marthé McLoud en Jennifer Pape, onder leiding van Daniel Hugo**










*Poëme* is 'n taalreis rondom Wium van Zyl se stamboom. Die leser ontdek die taal van die digter se jeugwêreld, die Overberg, en reste van 'n ouer Afrikaans waarin vergete en amper verlore woorde teruggeroep word. *Ontbloot* is 'n memoires-digbundel. Dit handel oor Marthé McLoud se persoonlike ervaringe in familie- en gesinsverband, maar is ook universeel relevant. Dit is 'n intieme verhaal wat strek van haar kinderdae en studentejare tot getroude vrou in die werksplek, waar die verhouding tussen ouer en kind ook 'n deurslaggewende rol speel. Die gedigte in *waar daar eens 'n see was* is ingebed in die Vrystaat van Jennifer Pape se jeug, waar sy bewus geword het van radiogolwe waarmee jy die buitenste ruim en selfs gestorwe geliefdes kan afluister. Dié opgeleide geoloog sien nie net verborge fossiele raak nie, maar ook die gode in ons aardse bestaan.

*Aangebied deur Turksvy.*

**2 APRIL 16:00**




# Einde en begin

**FIKSIE** • MET **Michèle Meyer (skrywer) en Marliza van den Berg (gespreksleier)**

Op 'n sendingstasie in die destydse Rhodesië beleef die kind Marié die wêreld om haar met verwondering, humor, nuuskierigheid en, soos sy ouer word, met groeiende ontnugtering. Daar is die onderliggende politieke spanninge van die 1970's waarvan sy net skrams bewus is en die geboorte van haar boetie wat haar noodgedwonge in die rol van dogter en "vrou-in-wording" plaas. Wanneer Marié en haar vriendin Hanneke 'n omstrede dokument beetkry en lees, begin Marié se kinderlike illusies verder kraak.


*Aangebied deur Queillerie.*

**3 APRIL 14:30**

















## Seisoen van Steyn

**NIEFIKSIE** • MET **Martin Steyn (skrywer) en Nadine Petrick (gespreksleier)**

Dit is die "Seisoen van Steyn" en die meester van spanning het weer lesers aan die wonder. *Skimme en spoorsoekers* is 'n versameling kortverhale – 'n interessante mengsel van raaisel, misdaad en meer. Die lesers sien sommer gou waarom Martin Steyn so gek is oor die skryfwerk van Stephen King. Splinternuwe uitgawes van Steyn se topverkopers *Donker spoor*, *Losprys*, *Skuldig* en *Swartval* is nou beskikbaar.

*Aangebied deur Penguin.*

**3 APRIL 12:00**




## Al die swendelaars

**FIKSIE** • MET **Chris Karsten (skrywer) en Marliza van den Berg (gespreksleier)**

Op die vooraand van speurder Arrie Dogh se aftrede beland 'n oënskynlik doodgewone inbraaksaak op sy lessenaar. En wanneer hy begin ondersoek instel na die inbrekers op Louis Jooste se perdeplaas neffens Wildernis, besef hy daar skuil 'n slinkse slang in die gras. Waar begin die storie wat Arrie eindelik oorvertel? By die Turkse perdekopers? By Jooste se Ponzi wat Bertie en vriend Diek se neseiers ingesluk het? Of begin als by die miljoene wat uit 'n rusbank op Jooste se stoetplaas verdwyn het?

*Aangebied deur Human & Rousseau.*

**4 APRIL 10:30**

# Waterman, Prins en 'n Brief op veertigduisend voet




**DIGKUNS**

MET **Herman Wasserman, Tom Dreyer en Ryan Pedro**

*Waterman* van Herman Wasserman is 'n toeganklike bundel waarin die digter in soepel taal sy persoonlike ervarings verwoord én in gesprek tree met digters wat hom voorafgegaan het. Tom Dreyer se *Brief op veertigduisend voet* sluit natuurgedigte en reisgedigte in wat die mens se interaksie met sy omgewing belig. In hierdie bundel dui ooptes en ongekarteerde gebiede op die onsekerheid en prekêre avontuur van die post-postmoderne mens, en menslike verhoudinge word in roerende liefdesgedigte verbeeld. In *Prins* ontleed Ryan Pedro die kompleksiteit van manlikheid; die oomblikke van teerheid word gevier en die vernietigende word gekritiseer. Die liminale, plofbare ruimte waarin die verteller homself as digter en as coloured man bevind, word weerspieël.

*Aangebied deur Queillerie en Kwela.*

**3 APRIL 16:00**




# Wanneer die krieke stil word

**LEWENSVERHAAL**

MET **Petro Kotze-Odendaal (skrywer) en Marliza van den Berg (gespreksleier)**

Vir ons vroue maak drie goed saak. Dit bepaal wat jy sien en voel wanneer jy in die spieël kyk. Is jy jou pa se prinses? Is jou eerste liefde jou ridder op 'n wit perd? Is jou huwelik in die hemel gemaak? Vir Petro Kotze-Odendaal word die krieke reeds vroegtydig stil: Van donkernag vlug onder die hand van 'n alkoholis-pa en later in die greep van 'n gewelddadige man. Sy en haar vierjarige seuntjie moes vroeg op die stormwaters van die lewe loop. Is dit moontlik dat een mens soveel hardheid kan beleef en steeds haar geloof behou?

*Aangebied deur Naledi.*

**4 APRIL 14:30**

## Voor dit te laat is

**FIKSIE** • MET **Quintus van der Merwe en Jody Hendricks (gespreksleier)**

Ná ’n geheimsinnige operasie in Simonstad word ’n Suid-Afrikaanse akademikus in België opdrag gegee om betrokke te raak by ’n joernalis uit Belarus. Sy is mooi, briljant, en waarskynlik ’n spioen. By die Europese parlement kruis Lex de Lange se pad ook met dié van Alina, ’n tolk uit Oekraïne. Hulle raak verstrengel in ’n dodelike spel van geheime, verraad en begeerte. Met oorlogswolke wat saampak en toenemende konflik tussen Rusland en Navo, is die wêreldorde op ’n mespunt gebalanseer. Moeilike keuses oor lojaliteit, liefde en die lewe moet gemaak word. Voor dit te laat is.

*Aangebied deur Naledi.*

**4 APRIL 12:00**





## Historiese almanak

**NIEFIKSIE: GESKIEDENIS** • MET **Albé Grobbelaar (skrywer) en Gert Coetzee (gespreksleier)**

Albé Grobbelaar is ’n oudradioman en meesterjoernalis wat sy eie genre geskep het. *Historiese almanak* is ’n keur uit Albé se radiopraatjies en koerantrubrieke, ’n versameling van sy jare lange belangstelling in die gebeure van die verlede, sedert hy in Februarie 1982 sy eerste radioprogram opgeneem het ... in ’n era voordat internetnavorsing moontlik was. Dié geskiedenisflitse is ’n moet-lees en moet-luister, en soos die beste sjokolade, is elke brokkie ’n meesterstuk om aan te smul.

*Aangebied deur Turksvy.*

**4 APRIL 16:00**



# GREATER-OUDTSHOORN:
# WHERE OPPORTUNITIES ARE ENDLESS

The town's economic future lies in improving and expanding on current initiatives in learning and teaching, agriculture, tourism and industrial development. With firms already concentrating on the above key economic sectors, our longer-term Vision 2030 strategy must be adjusted to build on the foundation provided by the town's current strengths.

*"Our goal is simple: to make Greater Oudtshoorn the first choice for residents, investors, and developers alike." – Municipal Manager.*






**INVESTMENTS IN MOTION**

Numerous development projects are already underway:
Satellite University Precinct – Klapperbosrant/Palms Area (±200 ha)

A vision for a modern academic and lifestyle hub adjacent to Palms and Klapperbosrant. This municipal land is earmarked for higher education, residential units, and commercial spaces.

A new mall opened its doors in Oudtshoorn with various shops that immensely contributed to full time job opportunities and will help with poverty alleviation. Council will also assist with business incentives injections for new commercial or residential investment.



## Kiekies: ’n Dorp in foto’s

**ZINE**
ONTWERP EN UITLEG **Vaughn Sadie en Ferron Booysen**
KURATOR **Vaughn Sadie**

Dié gedrukte publikasie brei die uitstalling uit tot ’n zine, wat as ’n versamelstuk dien. Met saamgestelde beelde en uittreksels uit mondelinge onderhoude oor die geskiedenis, bied die zine ’n bykomende laag toegang tot die drie merkwaardige fotografiese versamelings wat lig op Oudtshoorn se sosiale, kulturele en ruimtelike geskiedenis vanaf die 1950’s tot die 2010’s werp. Dit belig persoonlike besinnings, argiefoomblikke en historiese kommentaar wat tydens die fotografiese navorsing versamel is.

GESIN ▪ **GRATIS** ▪ BESKIKBAAR BY *KAROO KAARTE*-GALERY (LANGS DIE OUDTSHOORN TOERISMEKANTOOR) EN VOOR ELKE OPTREDE VAN *SPOEL*

**28 MAART TOT 4 APRIL 09:00**

## Elise en Petra: ’n Grafiese roman

**GRAFIESE ROMAN**
TEKS **Tiffany Witbooi, Neil Coppen en Hannes Visser** ILLUSTRASIES **Blake Lubbe, Ferron Booysen, Colin Meyer, Constance Jonkers en Jade Barry** ONTWERP EN UITLEG **Vaughn Sadie en Ferron Booysen**

Ná die sukses van *Queen* (2025) en *Domino Gents* (2024), keer *Karoo Kaarte* in 2026 terug met ’n derde grafiese roman: *Elise en Petra*. Teen die pragtige agtergrond van die Klein Karoo word die verhaal vertel van Elise Joubert, ’n oudwordende botaniese illustreerder wat worstel met die verlies aan haar onafhanklikheid, en Petra Tarentaal, haar lewenslustige tuisversorger. Elise dra lewende herinneringe van haar oupa se volstruisplaas, wat tydens haar kinderjare afgebrand het, en ’n diep liefde vir die veerkragtige proteas wat ná die brand weer uitgeloop het – simbole van hoop en hernuwing in ’n brose landskap. Sy deel ook haar sterk menings oor hoe volstruise die omgewing beïnvloed het, en verweef omgewingsinsig met persoonlike en gesamentlike herinnerings. Ten spyte van generasie- en kultuurverskille ontvou ’n diep ontroerende vriendskap tussen Elise en Petra, gewortel in humor, sorg en gedeelde stories.

AFRIKAANS ▪ GEEN O. 13 OB ▪ **R120**
BESKIKBAAR SAAM MET ALLE VORIGE PUBLIKASIES VAN *KAROO KAARTE* BY DIE *KAROO KAARTE*-GALERY (LANGS DIE OUDTSHOORN TOERISMEKANTOOR) EN VOOR ELKE OPTREDE VAN *SPOEL*






*Karoo Kaarte is ’n KKNK-projek, ondersteun deur die Jannie Mouton-stigting, Het Jan Marais Nationale Fonds, Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport en Oudtshoorn-munisipaliteit.*

# KAROO KAARTE PANEELGESPREKKE

As deel van die herdenkingsprogram, word die implikasies van interkulturele geheuewerk in plattelandse kontekste in twee paneelgesprekke ondersoek.

## Nabeeld: Vyf jaar van *Karoo Kaarte*

MET **Poem Mooney, Glenisha Tarentaal, Neil Coppen, Olga Wyngaard** en **Linda Marques** MODERATOR **Vaughn Sadie**

Die paneel herbesoek die projek se reis oor vyf jaar en verken die ontwikkeling, metodologieë, uitkomste en impak daarvan. Paneellede besin oor hoe die projek sy plattelandse konteks gevorm het – en self daardeur gevorm is – met spesifieke fokus op sy verbintenis tot gemeenskapsgeleide argiewe. Die gesprek belig ook hoe plaaslik gegenereerde kennis en storievertelling alternatiewe perspektiewe bied wat heersende geskiedkundige narratiewe bevraagteken, alles binne die raamwerk van ’n nasionale kunstefees.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.
**GRATIS**
NETWERK24-FEESKAFEE

**2 APRIL 14:00**

## Om te onthou: Plaaslike geskiedenis deur die lens van fotografie

MET **Hans van der Veen, Hazel Jonker** en **Derrick Jackson** MODERATOR **Tiffany Witbooi**

Die paneel bring navorsingsdeelnemers byeen om te besin oor hul ervarings om gefotografeer te word, beelde te versamel en dat hul stories die openbare domein betree. Die gesprek verken fotografie nie net as ’n werktuig om iets te dokumenteer nie, maar ook as ’n persoonlike, verhoudings- en politieke handeling – een wat beïnvloed hoe plaaslike geskiedenisse opgeteken, verstaan en sigbaar gemaak word.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.
**GRATIS**
NETWERK24-FEESKAFEE

**3 APRIL 14:00**





*Karoo Kaarte is ’n KKNK-projek, ondersteun deur die Jannie Mouton-stigting, Het Jan Marais Nationale Fonds, Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport en Oudtshoorn-munisipaliteit.*

# TEATERGESPREKKE

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

AFRIKAANS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.
GRATIS
KYKNET-LEEFAREA

## Van komedie tot digkuns: Lizz Meiring, Chris van Niekerk en Joanie Combrink

Teater-ikone Lizz Meiring, Chris van Niekerk en Joanie Combrink gesels oor hul produksies by vanjaar se fees en kyk terug oor ’n lewe in die teater. Chris en Joanie is te sien in *Hortjies dig: Die storie van digter Peter Blum* (bladsy 79) en Lizz in *Die ‘Real Housewife’* (bladsy 72).

**29 MAART 12:30**

## ‘Atropa’: Tom Lanoye, Marthinus Basson en die geselskap in gesprek

Marthinus Basson (regisseur), Tom Lanoye (skrywer en vertaler) en lede van die geselskap van *Atropa: Die wraak van vrede* (bladsy 60 tot 61) gesels oor die produksie, teater as ’n weerspieëling van die wêreld en waar hul inspirasie vandaan kom.

*Ondersteun deur Literatuur Vlaanderen.*

**30 MAART 12:30**

## Kultuursake: Minister Ricardo Mackenzie

Cornelia Faasen (uitvoerende hoof van NATi) gesels met Ricardo Mackenzie (Wes-Kaapse minister van kultuursake en sport) oor kuns en kultuur in die provinsie en hoe hy die pad vorentoe sien ten opsigte van samewerking tussen die staat en die kunstebedryf.

**31 MAART 16:00**

## Die invloed van tegnologie op die samelewing

Die produksies *CRYBABY* (bladsy 67) en *Lemoene, Lemoene, Lemoene, Lemoene, Lemoene* (bladsy 85) ondersoek beide die invloed van tegnologie op die samelewing. Die geselskappe van die twee produksies bespreek die kwellende temas wat in die dramas aangeroer word. Met onder andere Carla Smith, Kanya Viljoen, Dean John Smith, Mienke Ehlers, Nicole Holm en Frank Opperman.

**1 APRIL 12:30**

## Legendes: Sandra Prinsloo en Nic de Jager

Sandra Prinsloo en Nic de Jager het al diep spore getrap. Sandra is vanjaar te sien in ’n nuwe eenvrouvertoning, *Die ander dogter* (bladsy 69), en Nic in die drama *ge-gebergtes* (bladsy 76). Die twee legendes gesels oor hul onderskeie produksies, maar ook oor hul ongelooflike loopbane en wat nog voorlê.

**2 APRIL 12:30**



## Breyten Breytenbach se teaternalatenskap

Feesgangers het vanjaar as deel van die viering van drie dekades van die KKNK nie net die geleentheid om die herlewingsproduksie van *Boklied* (bladsy 64) te sien nie, maar ook sy laaste drama, *Verwelkingslied* (bladsy 64). Die twee dramas vorm die boekomslag van Breytenbach se werk vir teater. Hy het op 24 November 2024 in Parys, Frankryk, gesterf. *Boklied* debuteer op 2 April 1998 by die KKNK. Wat as 'n omstrede première begin het, het gou in 'n uitverkoopte sensasie verander toe die toneelstuk 'n nasionale gesprek oor kunsvryheid, eksperimentele vorme en die rol van die kunste in politiek en politiek in die kunste ontketen het. Marthinus Basson, wat meeste van Breytenbach se teaterwerk geregisseer het, en Dawid Minnaar en Antoinette Kellermann, wat te sien is in *Verwelkingslied* maar ook deel was van die oorspronklike geselskap van *Boklied*, en lede van die geselskap van die herlewingsproduksie van *Boklied* gesels oor Breytenbach se teaterwerk en nalatenskap.

**2 APRIL 14:00**

## Die opwinding en uitdagings van plekspesifieke teater: Nicola Hanekom se 'Die gebed van 'n halfmens'

Nicola Hanekom en die geselskap van haar nuwe plekspesifieke drama, *Die gebed van 'n halfmens* (bladsy 70 tot 71), gesels oor die uitdagings van plekspesifieke teater, maar waarom 'n nietradisionele ruimte vir teater ingespan word. Hulle gesels oor die toekoms en wat KI en tegnologie op ons as mense kan hê. Nicola kyk ook terug na al die vorige ikoniese plekspesifieke produksies wat sy oor die afgelope dekades by die KKNK aangebied het. Met onder andere Nicola Hanekom, Tobie Cronjé, Annelisa Weiland, Brendon Daniels, Marlo Minnaar, Gretha Brazelle, Alyssa Dionne en Grant Swanby.

**3 APRIL 12:30**

## Voluit fees en voluit vorentoe: Feesgangers deel hul KKNK-stories en ervarings

Feesgangers word genooi om saam met die feesbestuur 'n glasie wyn te klink en hul hoogtepunte van die 30ste fees te deel, en ook sommer hoogtepunte van die afgelope drie dekades. Die kuiergesprek is ook 'n geleentheid om vorentoe te kyk en te hoor wat feesgangers se drome vir die volgende dekade is. Sluit by ons aan vir 'n tikkie nostalgie en 'n heerlike kuier.

**4 APRIL 16:00**

# STORIEVERTEL

*Ondersteun deur die Wes-Kaapse regering.*

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 60 MIN.
GRATIS ▪ KYKNET-LEEFAREA

## Stories onnerie DAK

MET **onder andere Elias P. Nel, André Boezak, Willem Fransman jr. en Poem Mooney**

Hierdie unieke interaktiewe storievertel-ervaring bring gesoute storievertellers byeen, en gehoorlede kry ook 'n beurt – inderwaarheid verskaf hulle die eerste vonk. Die gehoor gooi woorde na twee spanne vertellers wat dan 'n storie uit die woord moet optower! Maar daar is 'n tydsbeperking op elke storie. Soos regte kokke word daar kluitjies gebak. Die erfenis van storievertel is diep gewortel in Suid-Afrikaanse kultuur.

**3 APRIL 12:30 ▪ 4 APRIL 12:30**

## Die spoor van 'n storie

MET **Pietman Geldenhuys en gaste**

Met Pietman Geldenhuys – sanger, storieverteller, skerpskertser en TV-aanbieder van *Oppiestoep*-faam – aan die stuur, is hierdie 'n program vol lag en lewenslus. Pietman en sy uitverkorenes van storievertellers bring hul beste staaltjies en kleurvolle stories. 'n Heerlike viering van 'n erfenis van stories.

**28 MAART 16:00 ▪ 29 MAART 16:00 ▪ 30 MAART 16:00**

## Wonderlike waarhede

**PLAYBACK-TEATER**

MET **Angelique Filter, Matthew Gray, Shannon Hendry, Sonja Louw, Jasmine Maduna, Kgahlisho Matloga en Cole Wessels** SPELLEIER **Nolan Africa** FASILITEERDERS **Mmatumisang Motsisi en Amelda Brand**


Playback-teatertegnieke word ingespan om stories uit te speel wat deur 'n genooide gas en gehoorlede vertel word. Poem Mooney, bekende storieverteller en mitologie-kenner, werk vir hierdie optredes saam met studente en alumni van die Universiteit Stellenbosch se dramadepartement. Magiese stories en wonderverhale wat te make het met ons natuur (landskap en waterbronne) word opgediep, oorvertel en deur 'n jong geselskap uitgebeeld. In die aard van Playback-teater word gebruik gemaak van improvisasie, en die span spelers en musikante moet op hul voete dink terwyl hulle 'n waardevolle bydrae lewer om 'n ryk storienalatenskap lewendig te hou.

*Aangebied in samewerking met die Universiteit Stellenbosch-dramadepartement.*

**31 MAART 12:30 ▪ 1 APRIL 16:00 ▪ 2 APRIL 16:30**



# KLEIN KAROO-ERVARINGS + LEEFSTYL





## Brousels en baksels

**PROE-ERVARING**

AANGEBIED DEUR **Ena Barnard van Grundheim Craft Distillers**

Die storie van ’n ongenaakbare, maar vrugbare land – spiritualieë gebore uit die hart van die Karoo en gevorm deur die karakter van sy mense. Gemaak met ’n spesiaal geskepte basis, drie maal gedistilleer oor ’n houtvuur in ’n tradisionele Kaapse potketel en deurdrenk met die beste Karoo-bestanddele, wat die essensie van die oorsprong vasvang. Geniet vier jenewers, elk met ’n perfekte bypassende klein kolwyntjie van verskillende geure, sorgvuldig deur Nostalgie Restaurant gebak.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GEEN O. 18 ▪ 45 MIN. ▪ **R120**
GRUNDHEIM (16 KM BUITE OUDTSHOORN OP DIE R62)

**28 MAART 11:00 EN 15:00 ▪ 30 MAART TOT 4 APRIL 11:00 EN 15:00**






## Die Wynmeester: Kom proe saam

**PROE-ERVARING**

MET **Danie van der Merwe**

Die aanbieder van die gewilde VIA-reeks *Die Wynmeester*, Danie van der Merwe, kuier saam met ses onafhanklike wynmakers by die KKNK. Die wynmakers vertel meer oor die kuns van wynmaak, die uitdagings in die bedryf en deel ’n paar staaltjies. Kom proe saam terwyl die wynmakers hul wyne saam met ’n heerlike bypassende happie aanbied.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GEEN O. 18 ▪ 120 MIN.
**R450**
BEANS CAFÉ (KERKSTRAAT)

**2 APRIL 18:30 ▪ 3 APRIL 18:30**

## Historiese wandeltoer

**STAPTOER**

MET **Roydin Engelbrecht van RJ Tours**

Begin hierdie wandeltoeravontuur in die pragtige Le Roux-volstruisveerpaleis, gebou in 1907, waar jy deur die luukse kamers stap en die hartroerende stories hoor van die Le Roux-familie en Rose van Niekerk, ’n besonderse vrou wie se styl en persoonlikheid kleur gegee het aan die bloeitydperk van die volstruisveerbedryf.  Daarna neem die toer jou op ’n rustige wandeling deur Oudtshoorn se historiese strate, vol sandsteen-juwele, statige kerke en geliefde bakens wat die Klein Karoo se karakter vorm. Met elke tree kry die verlede lewe met hartlike stories en interessante feite, wat meer raakpunte insluit as wat jy sal verwag.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 120 MIN. ▪ **R150** ▪ VERTREK VANAF LE ROUX DORPSHUIS (H.V. HOOG- EN LOOPSTRAAT) EN EINDIG BY BEANS CAFÉ (KERKSTRAAT)

**28 MAART 08:00 ▪ 29 MAART 08:00 ▪ 31 MAART 08:00 ▪ 2 APRIL 08:00 ▪ 4 APRIL 08:00**



Bring die jongspan vir ’n historiese skattejag. Lees meer op bl. 156.

## Miniatuur-herinneringe: ’n Borsspeld-werksessie

**WERKSESSIE**

AANGEBIED DEUR **Yvette Hess**

Elke borsspeld dra ’n storie, joune ook. In hierdie kreatiewe werksessie maak deelnemers twee miniatuur-kunswerke: Een teks-gebaseerde borsspeld (’n woord, kort sin of frase) en een beeld-gebaseerde borsspeld, soos ’n klein landskap, portret of abstrakte vorm. Met eenvoudige tegnieke, kleurkeuses en vormspel ontdek deelnemers hoe om emosie, identiteit en speelsheid in twee unieke, draagbare kunswerke te omskep. Die sessie is lig, toeganklik en ideaal vir enigiemand wat wil skep, uit asem, dink of net ’n bietjie mooi wil maak.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 120 MIN. ▪ **R250** ▪ EBONY & IVORY RESTAURANT (BARON VAN REEDESTRAAT 89)

**28 MAART 10:00 ▪ 29 MAART 14:30 ▪ 30 MAART 10:00 ▪ 31 MAART 14:30 ▪ 1 APRIL 10:00 ▪ 2 APRIL 14:30 ▪ 3 APRIL 10:00 ▪ 4 APRIL 14:30**



## Olifant-en-ontbyt-ervaring



**ERVARING MET ONTBYT**
AANGEBIED DEUR **Buffelsdrift Game Lodge**

Geniet 'n buffet-ontbyt in die restaurant en beleef 'n wonderlike ervaring saam met die drie grootpote, Malaika, Bulelo en Jabari. Word meegevoer deur die aangrypende verhaal van drie wees-Afrika-olifante wat 'n gelukkige tuiste by Buffelsdrift Game Lodge gevind het. Persoonlike interaksie met die olifante en hope fotogeleenthede is deel van hierdie ervaring. Deelnemers kan kies tussen 'n kontinentale of warm ontbyt, met sap en filterkoffie wat ingesluit is.

**AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 120 MIN. ▪ R500 ▪ BUFFELSDRIFT GAME LODGE**

**28 MAART TOT 4 APRIL 07:30**

## Olyf tot olyfolie

**TOER EN PROE**
AANGEBIED DEUR **De Rustica**

"Jy sal nooit weet hoe 'n slegte olyfolie proe voordat jy 'n goeie een geproe het nie." De Rustica se enkelkultivar-Coratina-olyfolie is in 2023 aangewys as die wêreld se beste, in 2025 die tweede beste en vir die afgelope vyf jaar onder die top-10 gesondste olyfolies in die wêreld, by die Evooleum-kompetisie in Spanje. Hierdie toer en proe bied 'n warm, vriendelike en leersame ervaring waar deelnemers leer hoe olywe geoes en olyfolie verbou en vervaardig word. Of jy nou 'n fynproewer van olyfolie is of nie – dit is 'n fantastiese toer vir elkeen wat meer van die bekende De Rustica Olive Estate wil sien. 'n Kort video bied insig in die geskiedenis van die olyfbedryf in Suid-Afrika, waarna 'n professionele en ervare toergids die groep vergesel na die olyfboord en meer inligting verskaf oor die landgoed, die olyfbome en verskillende kultivars. Gaste besoek ook die olyfmeule, wat 'n insiggewende toer van die Alfa Laval-pers insluit. 'n Unieke proe-ervaring van olyfolie is iets wat jy nie gou sal vergeet nie. Verskillende style van olyfolie van verskillende oesjare en variëteite word geproe. Daar is nie 'n beter manier om meer oor die geheime van olyfolie te leer as by De Rustica Olive Estate nie.

**AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 60 MIN. ▪ R150**
**DE RUSTICA OLIVE ESTATE, OUDEMURAGIE-PAD, DE RUST (35 KM BUITE OUDTSHOORN)**

**28 MAART TOT 4 APRIL 11:00 EN 14:00**






## Sterrekyk in die Klein Karoo

**STERRETOER**
AANGEBIED DEUR **Leonardo Oosthuizen van Night Sky Tours**

Ervaar die betowerende skoonheid van die Klein Karoo-naghemel saam met Night Sky Tours. Stap onder die uitgestrekte, sterverligte hemel en ontdek 'n wêreld van stilte, helderheid en kosmiese verwondering. Leonardo Oosthuizen, van Night Sky Tours, lei deelnemers op 'n unieke reis deur die heelal en deel insiggewende stories oor die sterre, konstellasies en planete wat in die Suidelike Halfrond se hemel sigbaar is. Hierdie sterretoer is geskik vir beide beginners en ervare sterrekykers en bied kykers die kans om hemelliggame soos Omega Centauri, die Suiderkruis en die uitgestrekte Melkweg van naby te beleef. Elke aand is 'n uitnodiging om die stories te ontdek wat in die sterre geskryf staan – van die antieke konstellasies wat reisigers al eeue lank gelei het tot die geheime van verre sterrestelsels. Maak gereed vir 'n ervaring wat verwondering inspireer, stilte laat spreek en jou nader aan die kosmos bring. Neem kennis dat die toer afhanklik is van die weer en nie op bewolkte aande aangebied kan word nie.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GEEN O. 10 ▪ 90 MIN.
R400 ▪ SURVAL BOUTIQUE OLIVE ESTATE

**28 MAART TOT 4 APRIL 20:00**

## Suikerkoekie-versier-klasse

**WERKSESSIE**
AANGEBIED DEUR **Marita Lamprecht**

Wou jy nog altyd leer om suikerkoekies kreatief te versier en jouself 'n bietjie uit te daag? Hier is jou kans. Leer die basiese tegnieke van "flooding", "wet on wet" en "wet on dry" onder leiding van Marita Lamprecht. Sluit aan by ander versier-entoesiaste en geniet 'n dag van suikerpret. Die tema van die sessies is Paasfees en elkeen ontvang 'n aantal koekies wat die tema uitbeeld, waaronder voëltjiehuise, hasies, paaseiers, kruise en blomme. Toerusting wat benodig word, word verskaf. Dit sluit 'n resepteboekie, spuitsak, verskillende kleure aangemaakte versiersel en versierings in. Bykomende pakkies met koekies, asook houers met vooraf-bereide versiersel, word te koop aangebied en ligte verversing word bedien.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪
150 MIN. ▪ R500 ▪ PALMOORD 375
(PAULINE SMITH-STRAAT)

**30 MAART 09:30 ▪ 31 MAART 14:30 ▪
1 APRIL 09:30 ▪ 2 APRIL 09:30 ▪
3 APRIL 14:30**





## Te Heerlik: Tee-en-smaak-ervaring

**PROE-ERVARING**

AANGEBIED DEUR **Christo Smit en Carl Coetzer van Te Heerlik**

’n Intieme smaak-ervaring in die hart van Oudtshoorn, waar die verhale en geure van die Klein Karoo ontmoet. Ontdek die ryk geskiedenis van rooibostee en ervaar vyf unieke tee-proeë wat perfek gepaard gaan met vyf handgemaakte smake uit Te Heerlik se winkel. Hierdie sensoriese reis laat die deelnemer die kultuur, teksture en geure van die streek opnuut ervaar. ’n Huldeblyk aan erfenis, oorsprong en smaak.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN OB ▪ 60 MIN.
R120 ▪ TE HEERLIK TASTING ROOM AND STORE (LANGENHOVENWEG 86)

**28 MAART TOT 1 APRIL 12:30**

## Wildehondekloof: Fynbos-fynproe

**TOER EN PROE**

AANGEBIED DEUR **Wildehondekloof Private Game Reserve**

Wildehondekloof se gewilde fynbos-toer-en-proe word vir die tweede keer tydens die KKNK aangebied. Ervaar die wonder van die Klein Karoo se fynbos in kos. Ná ’n kort stappie in die veld om te kyk na die plante, keer deelnemers terug na die hoofhuis waar fynbos-gegeurde soute, asyn en tee geproe word. Hierna word ’n ligte ete aangebied waarin fynbosgeure koning kraai. Tydens dié uitstappie leer deelnemers meer oor die medisinale waarde van die plaaslike fynbos, asook hoe om dit as ’n natuurlike alternatief te gebruik. Wildehondekloof is ongeveer 60 km buite Oudtshoorn geleë, waarvan die laaste 8 km grondpad is. Laat tussen 70 en 90 minute reistyd toe.

AFRIKAANS EN ENGELS ▪ GESIN ▪ 180 MIN.
R495 ▪ WILDEHONDEKLOOF PRIVATE GAME RESERVE (59 KM BUITE OUDTSHOORN VIA DIE R328, PRINS ALBERT-PAD, MATJIES-RIVIER-PAD EN LATEGANSVLEI-PAD)

**28 MAART TOT 4 APRIL 11:00**



## Karoo Kaarte-app

Stap in die lewende stories van Oudtshoorn in deur die *Karoo Kaarte*-app. Die app is 'n interaktiewe, mobiele argief wat die dorp omskep in 'n plek van geheue, stem en verwondering, gewortel in plek. Ontwikkel as deel van *Karoo Kaarte* se gemeenskapsgeleide navorsing, bied die app selfbegeleide staproetes wat mondelinge geskiedenisse, persoonlike verhale en erfenisterreine verweef – alles direk uit *Karoo Kaarte* se argief.

Skandeer dié QR-kode om die *Karoo Kaarte*-app af te laai.

*'n KKNK-projek, ondersteun deur die Jannie Mouton-stigting, Het Jan Marais Nationale Fonds en die Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport.*

KAROO KAARTE




# Kry die beste Better Rewards



Laai ons toep af en vind uit hoe om nóg meer te spaar.




Dis-Chem Better Rewards™

THE NEL FAMILY SINCE 1880 CALITZDORP
BOPLAAS




BESTE SA GRAAN WHISKY BY WORLD WHISKY AWARDS 2026

Seleksie van wyn, port, whiskey en brandewyn te proe. Geniet 'n Stoepsit platter in nuut opgedateerde proelokaal.

Besoek ons in Calitzdorp - slegs 30 minute se ry vanaf Oudtshoorn

044 213 3326 www.boplaas.co.za
Boplaas Family Vineyards boplaaswines

Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

Die Wes-Kaapse regering is trots om die 30ste mylpaal van die KKNK, een van die Wes-Kaap se jaarlikse vernaamste kulturele geleenthede, saam te vier!

Om hierdie mylpaal te vier, bied die Wes-Kaapse Regering 'n dinamiese program van aktiwiteite in Oudtshoorn aan.

Maak 'n draai by Vonkprop, ondersteun deur die Wes-Kaapse regering, by die ATKV-Griesselsaal. Verskeie opkomende jong kunstenaars uit die Wes-Kaap stel hul talente in die amptelike tale van die provinsie ten toon in opwindende produksies, wat drama en komedie insluit. Die wenners van 2025 se DCAS-dramafees is ook deel van die program in die opwindende nuwe venue.

Daar is dwarsdeur die fees vermaaklike storievertel-sessies, wat die erfenis en stories van die provinsie vier – die sessies word gratis by die kykNET-leefarea aangebied. Verskeie teatergesprekke delf dieper in die produksies by die fees, en ander aktuele onderwerpe oor kuns en kultuursake kom ook onder die loep. Insiggewende landbougesprekke wat landboukwessies in die Wes-Kaap belig en waarby belangstellendes interaktief betrek word, word ook deur die Wes-Kaapse regering ondersteun.

Opwip-optredes maak oraloor 'n verskyning, wat gratis aangebied word en feesgangers gaan verras met verskeie kulturele ervarings. Musiektalent uit die Tuinroete- en Eden-distrik word aangebied, met ondersteuning van die Wes-Kaapse regering. Almal word genooi na die gratis sessies by die RSG en ATKV-Kuierkol in Baron van Reedestraat – van vroeg- tot laataand en 'n ware viering van die talent wat ons streek bied.

Wees op die uitkyk vir die spesiale kunswerke wat deur plaaslike kunstenaars geskep word om Oudtshoorn en die terreine van die fees te verfraai.

Die teenwoordigheid van senior verteenwoordigers van die Wes-Kaapse regering sal sinvolle betrokkenheid met feesgangers oor 'n verskeidenheid kwessies moontlik maak.


Alle skedulering en besonderhede van die geleenthede is beskikbaar op die KKNK se webblad, skandeer dié QR-kode vir opgedateerde inligting.

Skandeer vir meer inligting.

DRYLAND

**TROTSE VENNOOT**
LOGISTIEK EN OPERASIONEEL

KKNK 30



www.dryland.co.za
info@dryland.co.za | 044 279 1013

DRYLAND | KKNK


7 TOT 9 AUG. 2026 • OUDTSHOORN
KLEIN KAROO
Klassique
RUPERT-MUSIEKSTIGTING
ATKV
klassique.co.za
KLASSIQUE MUSIEK • GESPREKKE • KUNS • KOS • WYN

KLEIN KAROO A•G•R•I
HANDEL • MEGANISASIE • DIENSTE
jou eie!



PARKWEG 145
OUDTSHOORN

044 203 5700 • KLEINKAROOAGRI.CO.ZA

SUPERSPAR • TOPS • CLICKS • ABSA • VIDA E CAFFÈ • IT BRILLIANCE • KFC • CYCLE ADDICT • TYREMART • KAROOTUIN • KAROOBROU • KARWAS • JONSSONS • KLEIN KAROO AGRI • KLEIN KAROO FUELS • SUZUKI • MEGANISASIE EN BESPROEIING

| MODERN TOEGERUS | VEILIGE PARKERING | GERIEFLIKE INKOPIES | VINNIGE DIENS | ALLES OP EEN PLEK | SAKPAS-PRYSE |
| --- | --- | --- | --- | --- | --- |








GAS EN HERVUL • JAG EN BUITELEWE • BRANDSTOF EN KIOSK • VELLIES • BILTONG EN DROËWORS • KLERE • MICA • WYN • EN VELE MEER

# BESOEK ONS GERUS!











# AGTER DIE SKERMS • PERSONEEL

## Kunste Onbeperk NPC

**Hugo Theart** | Uitvoerende hoof en artistieke direkteur
**Lizané Basson** | Algemene bestuurder
**J.C. Aucamp** | Bemarkingsbestuurder
**Daventia Kennedy** | Marktekoördineerder
**Nicolette van der Merwe** | Inligtingskoördineerder
**Colleen Swartz** | Finansiële beampte

## Ondersteuningspersoneel

**Adrian Patrick** | Administratiewe beampte
**Ashlene Rittels** | Administratiewe beampte
**Astrid van Ster** | Administratiewe beampte
**Cole Wessels** | Produksie-en-projekbestuurder
**Cornis Serfontein** | Bestuurder: Terreininrigting
**Daleen Witbooi** | Administratiewe beampte
**Doret Vlok** | Logistieke beampte
**Enverino Swartz** | Assistent: Voorportaal
**Francisca Deck** | Tydelike restaurante en depot
**Jan Brits** | Koördineerder: Feesvervoer
**J.K. van Wyk** | Hyskraanoperateur
**Laretha Blom** | Bemarkingsassistent
**Lana Steyn** | Assistent: Markte
**Marguerite Robinson** | Taalversorging
**Melanie Botha** | Kantoorassistent
**Naudé van der Merwe** | Sameroeper: Kannapaneel
**Pieter-Jan Kapp** | Bestuurder: Tegnies
**Reagan Afrika** | Bestuurder: Voorportaal
**The Makery** | Feesgids: Grafiese ontwerp en webblad
**Thomas Theron** | Koördineerder: Akkreditasie
**William de Bruin** | Bestuurder: GOS

## Dryland Africa

**Bernard le Roux** | Logistiek
**Afrika Tarentaal** | Logistiek
**Amanda Duvenage** | Logistiek en gasvryheid
**Henco Rademeyer** | Logistiek
**Yolandi Ellis** | Administratiewe beampte

## Programkoördineerders

**Liza Grobler** | Kurator: Visuele kuns
**Eben Pienaar** | KKNK Boekstories
**Kabous Meiring** | Netwerk24 en Die Burger Praat Saam-diskoersreeks
**Llandi Beeslaar en Stephanie Gericke** | Blitsteater
**Schoemé Steenkamp** | Kinderteater
**Sentient Creative** | Bemarkingsveldtog

## Verskaffers

**Acker & Maloney Ing.** | Geoktrooieerde rekenmeesters
**Alert Patrol Sekuriteit** | Sekuriteitsdienste
**Blond Productions** | Tegnies vir teaterproduksies
**Eden Events EMS** | Mediese dienste
**Daisy Business Solutions** | Drukkers
**Distinctive Choice** | Tente en drapering
**Dryland Africa** | Bedryfsvennoot
**Eben en Theo Barnard Elektries** | Elektries
**Hans van der Veen** | KKNK-fotograaf
**Herotel** | WiFi-gebiede
**J&E Communication** | Radio's
**Merl Structures** | Verhoë en takelwerk
**Nation Events** | Tegnies: Feesmarkmusiekverhoë
**Oudtshoorn-munisipaliteit** | Venues en logistieke ondersteuning
**Philip Goets Versekeringsmakelaars** | Versekering
**Premier Air and Power Solutions** | Lugverkoeling en kragopwekkers
**ProWorx Signs** | Drukwerk, kentekens en naamborde
**PSP Timbers** | Grondbedekking
**Split Transport** | Stelvervoer
**Super Rent** | Swaarvoertuie
**Avis Van Rental** | Motors
**Bidvest Prestige Toilet Hire** | Chemiese toilette
**Van der Berg Vervoer** | Toerusting
**W. Heuer Musikhaus** | Klaviere en stemwerk
**Webtickets** | Kaartjieverkope
**William de Bruin** | Kroegmeubels
**Haudio** | Tegnies: RSG-verhoog
**Winston Linford Motors** | Brandstof en ys

## Direkteure

Christo van der Rheede (voorsitter) • Olga Wyngaard (visevoorsitter) • Charlene Lackay • Denver Moses • Theresa Olivier • Cristal Peterson • Mariné van Brakel • Hugo Theart (uitvoerende hoof en artistieke direkteur)

## Beskermhere

Ton Vosloo • Christo Wiese • Patrice Motsepe

## Ere-direkteure

Nic Barrow • Crispin Sonn • Laetitia van Dyk




Coca-Cola®

Coke, Coca-Cola and The Red Disk Icon are registered trademarks of The Coca-cola Company © 2021SF21

ico Goosen • Anele Kose • Anton Treurnich • Atandwa Kani • Augusta Zietsman • Ayden Kruger • Basil Appollis • Bauke Snyman • Beyers
Slippers • Braam van der Vyver • Brent Palmer • Caitlin Wiggill • Carlo Daniels • Casper Lourens • Chad Baai • Christo Davids • Clare Stop
ey Pitt • D.J. Kruger • Danie Marais • Darryl Nel • Denver Breda • Devon Delmar • Deon Maas • Dianne du Toit Albertze • Elana-Marié Sny
ha Zeeman-Knoesen • Elsa Tirsa • Ethan Bester • Fabian Rainers • Fikile M. Kani • Frances Bruwer • Garth Mason • Gavin Werner • Ger
ie • Gita Fourie • Grant Jefthas • Heloïne Armstrong • Henque Heymans • Henriëtta Gryffenberg • Henry Jacobs • Herschelle Benjamin
er • Ilne Fourie • Ilse van Niekerk • Imaan Latif • Ingrid Winterbach • Jaime Montgomery • Jane Mpholo • Jason Jacobs • Jeani Heyns •
e Lesch • Johann Smith • Jolyn Phillips • Joshua Carstens • Kanya Viljoen • Karla Cloete • Klara van Rooyen • Lee Doubell • Lezanne Steen
e-Marié Richardson • Llandi Beeslaar • Loryn Dyan Thomas • Louis Roux • Louis Viljoen • Louw Venter • Ludwig Binge • Lwanda Sinda
a Ndlovu • Marcel Spaumer • Margo Kotze • Marí Borstlap • Marina Albertyn • Mariska Denysschen • Maryke van der Walt • Mbasa Tsets
n Meyer • Melissa Myburgh • Mercy Kannemeyer • Miandra Hayward • Michaela Weir • Mikayla Joy Brown • Mike van Graan • Mikyall
ke Marais • Misha Krynauw • Molupi Lepeli • Moniq … • Ngwako C. Maifala • Nico Luwes • Nico Taljaard •
kom • Niël Rademan • Nisa Smit • Ntsikayomzi Benya … Motaung • Paula Fourie • Philip Rademeyer • Philip The
e-André Viviers • Pieter Jacobs • Pieter Odendaal • Pietie Beyers • Preston Hugo • Qondiswa James • Rachelle Greeff • Rafiek Mammon •
tz • Riana Scheepers • Ricardo Arendse • Roland du Preez • Rondo Mpiti-Spies • Shaun Oelf • Sibahle Mabaso • Sibuyiselo Dywili • Siphe
… • Tankiso Mam
… • Wilken Calitz •

# 2026 TEKSMARK

**kknk.co.za**

## 'N PLATFORM VIR UNIEKE STORIES



KKNK

nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

THE BAXTER

HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS

# VOLUIT VORENTOE IN UITDAGENDE TYE

Die eerste KKNK is in 1995 op Oudtshoorn aangebied. In die vertellings van diegene wat daar was, was daar groot afwagting en niemand het geweet of die feesgehore gaan kom nie, maar hulle het by die duisende ingestroom. Die res is geskiedenis, en vanjaar vier ons die 30ste fees op Oudtshoorn.

Dit is vir die KKNK-personeel ’n voorreg en eer om hierdie mylpaalviering te kon reël en om “voluit” saam met almal partytjie te hou. Dit is nie net ’n mylpaal vir die KKNK nie, maar ook ’n belangrike bewys van die deursettingsvermoë van die kunstebedryf in Suid-Afrika. Met ’n viering soos hierdie is daar natuurlik nostalgie en ’n terugblik oor die jare, maar nog belangriker is dat die fees ook voluit vorentoe kyk! Die program beloof om iets vir almal te bied en verteenwoordigend te wees van ons land en sy mense, met ’n verskeidenheid dissiplines in die uitvoerende kunste en velerlei kunsgenres, asook leefstyl- en aktuele ervarings. Jy kan jou gunstelingkunstenaars op die verhoog beleef, maar ook ’n nuwe generasie kunstenaars se talente op ons verhoë sien.

Die wêreld is in ’n warboel en politieke ordes is besig om te skuif. Wanneer ’n mens ’n fees reël, voel dit soms asof jy viool speel terwyl die wêreld brand. Maar veral wanneer politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede onstabiel is, is die kunste belangriker as ooit. Die KKNK is gebore in ’n oorgangstyd in Suid-Afrika en vanaf die intrapslag het die fees ’n missie gehad om deur die kunste nie net te vermaak nie, maar ook die pleisters af te trek, en met soms ongemaklike inhoud debat te stimuleer.

Om gesprekke te begin sodat ons genesing kan vind – om deur die fees daadwerklik te help bou aan samehorigheid en begrip. Ons hou by dié visie en missie.

Erkenning moet gegee en hulde gebring word aan die mense wat oor die afgelope dekades die KKNK gestuur, ontwikkel en laat oorleef het. Eerstens Nic Barrow, wat die saadjie geplant en met ywer ingespring het om die fees tot stand te bring en te laat floreer. Die mense wat saam met hom die droom gedroom en in die visie geglo het, was Andrew Marais, Ton Vosloo, Pieter Fourie, Karen Meiring, Anet Pienaar-Vosloo, David Piedt, Santie de Jager, Jannie Mouton en vele ander. Voortgesette bydraes het gekom van die voorsitters in latere jare – Russel Botman, Laetitia van Dyk en Crispin Sonn – en die direksielede wat die KKNK oor dekades gedien het; die latere hoofde Brett Pyper en Rhodé Snyman; elke personeellid wat oor die jare betrokke was in die kantoor, maar ook diegene in die veld, in die venues en op feesterreine. Ons salueer al die kunstenaars en tegnici wat oor die jare betrokke was en op Oudtshoorn met passie, opwinding en oorgawe hul talente en werk met gehore gedeel het.




Kunsjoernaliste en fotograwe wat die fees dokumenteer en 'n blik bied op 'n bepaalde jaar deur oomblikke vas te vang, en in die proses word 'n argief geskep vir die generasies wat kom. Sonder borge, befondsers, weldoeners en vennote wat die fees oor die jare ondersteun en finansieel gedra het, menige reeds van die heel eerste fees af, sou ons nie nou hier gewees het nie. En, les bes, is daar Oudtshoorn en sy mense wat jaarliks almal verwelkom in die beeldskone dorp en streek. Die belangrikste dank gaan egter aan ons feesgangers. Die mense uit die streek wat die fees getrou ondersteun. Die gehore wat van heinde en verre kom om jaarliks vertonings by te woon, te kom kuier, te kom beleef en sodoende die fees lewe te gee. Die KKNK word vir julle aangebied en ons hoop dat ons nog vir vele dekades julle kan dien, plesier verskaf en saam met julle kan feesvier in die Klein Karoo.

Ons blaas die kersies uit op 30 jaar, maar die kunstevlam sal bly brand op Oudtshoorn.

**Hugo Theart en die KKNK-personeel**







# Trotse borg van die KKNK, ons kulturele skatkis

Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

Kom ontdek die magiese KKNK, met trots geborg deur die Wes-Kaapse Regering. Kom raak verdiep in die visuele en uitvoerende kunste by hierdie onvergeetlike kultuurfees!

# KKNK IN FOTO'S



Drie dekades van KKNK

# HANS VAN DER VEEN: Die man wat die magiese oomblikke geruisloos vasvang

**Deur Liesel le Roux**

Die spesiale Kanna vir diens aan die KKNK word vanjaar toegeken aan **Hans van der Veen**, 'n boorling van Oudtshoorn, kliniese sielkundige, uitsonderlike fotograaf en op sy dag die houer van verskeie junior Suid-Afrikaanse rekords in die middelafstande.

Feesgangers sal Hans en sy uitsonderlike foto's ken, die man met die kamera wat geruisloos tydens produksies 'n saal binnekom, foto's neem, en dan net so stil weer verdwyn.

Hans was op sy dag een van Suid-Afrika se voorste middelafstandatlete en 'n uitmuntende 1 500 m-atleet. Die Suid-Afrikaanse rekord vir seuns o. 17 wat hy in 1982 opgestel het, staan steeds.

Hans, wat grootgeword het op die Van der Veen-familieplaas in die Kangogrotte-omgewing, vertel hy is vernoem na 'n Nederlandse regsgeleerde, Hans Verdam, wat met 'n verlangse Duitse familielid van die Van der Veens getroud was. Die Verdams het in die vroeë 1970's na Suid Afrika geïmmigreer en hulle op Oudtshoorn gevestig, en dit was by dié einste naamgenoot van hom wat Hans sy eerste kamera geërf het. Toe hy egter die film van die eerste foto's wat hy met dié kamera geneem het laat ontwikkel, was daar nie foto's nie en hy moes by die destydse Schoemans Radio hoor die kamera is stukkend ...

"Maar ek het hierdie ding gehad dat ek foto's wou neem, en toe tydens 'n rugsakvakansie in Europa middel 1991 het ek vir my 'n Nikon FM2 in Duitsland gekoop. Dit was 'n kamera wat my gedwing het om fotografie behoorlik onder die knie te kry. Die verkoopsman se woorde aan my was: 'As jy dié kamera koop, gaan jy leer van fotografie, want daar is niks outomaties aan die kamera nie!' "

Min het Hans geweet hoe 'n groot rol foto's nog in sy lewe sal speel.

"Ek het in daardie stadium in Johannesburg gewoon en was bevoorreg om van 1992 tot begin 1994 betrokke te kon raak by die Markteater se fotografiese stigting, die Market Photo Workshop, waar ek talle kursusse kon volg en baie geleer het by kenners soos TJ Lemon en David Goldblatt. TJ was die direkteur van dié program wat bekend gestaan het as een van die land se belangrikste instellings vir die opleiding in dokumentêre fotografie."

Diegene betrokke by die Market Photo Workshop was inspirerend en interessant, vertel Hans. "In daardie stadium van die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika het heelparty *exiles* teruggekeer na die land. Ek onthou Margot Jansen het daar gewerk, daar was mense wat die gesogte World Press Photo-toekenning gewen het, terwyl David Goldblatt bekend was vir sy foto's waarmee hy Suid-Afrikaners binne die politieke landskap van die apartheid-era gedokumenteer het.

"Daar was mense soos die fotograwe Gideon Mendel, James Nachtwey, Ken Oosterbroek en ander kenners saam met wie ons 'n bier of koppie koffie kon drink en na kon luister wanneer hulle praat oor hulle werk.

"Dit was 'n *amazing time* en 'n *amazing* groep mense. Om saam na Soweto en Alexandra te kon gaan om foto's te neem, het 'n hele nuwe wêreld vir my as boerseun van Oudtshoorn geopen, 'n wêreld wat ek nie geweet het bestaan nie.



"Daar was iets van 'n *emerging future* in daardie tyd. En ek kon saam met hierdie ongelooflike kreatiewe mense werk – ons het letterlik nagte in die donkerkamer deurgebring.

"Ek was in daardie stadium naby die einde van my MA-graad-studie in kliniese sielkunde en moes nog net my skripsie afhandel. Maar ek het terselfdertyd by die Johannesburg-gevangenis as kliniese sielkundige gewerk en ook nog atletiek afgerig – my lewe was nog altyd so dat ek 'n klomp goed gelyktydig doen! Die uiteinde daardie jaar was dat ek onbetaalde verlof moes neem om my skripsie betyds klaar te maak ..."

Die Arts Alive-fees wat in September 1993 in Johannesburg begin is, was Hans se eerste blootstelling aan 'n kunstefees, 'n ervaring wat hy sê vir hom kosbaar was toe die KKNK twee jaar later op Oudtshoorn begin het.

"Ons studente het die opdrag gekry om die Arts Alive-fees te dek en daaruit te leer. Ek het onder meer foto's van die nasionale simfonieorkes, William Kentridge en uitstallings by die Johannesburg-kunsmuseum in Joubertpark geneem. Dit was sulke belangrike blootstelling aan dokumentêre fotografie, wat vereis dat jy byvoorbeeld sonder 'n steurende kameraflits moet foto's neem, moet poog om onopsigtelik te wees, en niks vooruit kan stileer nie."

Teen die einde van daardie jaar het Hans toestemming by die Johannesburg-gevangenis gekry om 'n uitstalling van dokumentêre foto's te doen oor 'n dag in die lewe van 'n gevangene, en hy kon tydens 'n opedag vir gevangenes se familielede iets wys van die lewe in 'n gevangenis.


Hans het nadat hy sy studie voltooi het in April 1994 teruggekeer Oudtshoorn toe. Hier het hy as kliniese sielkundige by die SANW se siekeboeg begin werk.

Maar toe volg 'n telefoonoproep van 'n vriend van Hans, Dominique de la Croix, wat teruggekeer het Suid-Afrika toe nadat hy as bourekenaar in Burundi gewerk het.

"Hy bel my uit Bloemfontein en sê: Wat van ons begin 'n fotografiese besigheid? En toe gebeur dit – begin Maart 1996, net 'n week voor die KKNK, open ons The Photo Workshop op Oudtshoorn.

"Dit was finansieel 'n groot uitdaging vir ons en baie taai – ek en Dominique moes aanvanklik in ons blyplek 'n dubbelbed deel, want ons het niks anders gehad om op te slaap nie ...

"Ek moes ook nog my studieskuld afbetaal en het nie geld gehad nie. Ons het daardie tyd net gewerk. Vieruur smiddags nadat ek klaar was by die SANW het ek winkel toe gegaan. Ons was oop tot agtuur, maar ek het gewoonlik tot middernag daar gebly."



The Photo Workshop was van die eerste dag af betrokke by die KKNK.

“Die groot ding vir my en Dominique was aanvanklik om te kon oorleef. Ons is gelukkig goed ondersteun deur fotograwe wat by ons foto's kom ontwikkel het.

“Kunstenaars en regisseurs het ons begin vra om foto's te neem by produksies, en ons het uit ons eie die strate ingevaar en foto's geneem wat mense dan by ons kon koop.”

**’n Hoogtepunt in daardie eerste jaar van die KKNK was toe hy gevra is om foto's te neem van Athol Fugard se produksie *Valley Song* – geskryf en geregisseer deur Fugard en oorspronklik ook deel van die rolverdeling voordat Marius Weyers by hom oorgeneem het.**



“Wat my opgeval het by van die topproduksies, was hoe mooi die mense met mekaar praat. Ek dink aan mense soos Mannie Manim en Marthinus Basson. Jy het ’n *coach* nodig wat daai iets uit jou kan trek wat jy nie weet waartoe jy in staat is nie.

“En daardeur betrek hulle jou as fotograaf ook!”

Hans sê dit was in die eerste jare van die fees baie moeiliker om met die kameras van destyds foto's tydens optredes te neem. “Dit het in ’n stil teater geklink of jy ’n geweerskoot afvuur wanneer jy ’n foto neem!”

Behalwe dat kameras deesdae stiller is, kan ’n fotograaf ook nou baie meer en makliker foto's neem as in die ou dae met die duur films wat kort-kort vervang moes word.

“Vaardighede soos komposisie, beligting en die regte oomblik is steeds belangrik. Ek geniet dit om ’n bietjie in die skaduwee terug te trek en dinge te laat ontvou en oomblikke te probeer vasvang – ek is doodeenvoudig mal oor teaterfotografie.

“Dit vereis egter lang konsentrasie – dis waar sielkunde en fotografie vir my by mekaar aansluit. Jy is die hele tyd besig en wag vir die oomblik wat jy kies om af te neem en die storie te vertel; om die essensie te probeer vasvang.

“Ek het ook al ervaar dat ek soms instinktief begin foto's skiet, asof jy bloot die boodskapper word van dit wat jy voor jou sien afspeel.

“En ja, dit wat jy deur die lens sien, affekteer jou dikwels emosioneel – ek het al ervaar dat my kamera sopnat was van die trane ...”

# DIE JAAR 2010

Hans is in 2010 deur die KKNK genader om meer betrokke te raak by die fees. Hans is sedertdien jaarliks amptelik as feesfotograaf betrokke by die fees.



**2011 was ook die jaar van 'n besonderse fotografieprojek wat Hans, met die hulp van die kunste-ontwikkelingsbestuurder van die fees, Linda Marques, geloods het. Die Optelgoed-projek het straatkinders van Oudtshoorn, asook jeugdiges wat op die Oudtshoorn-stortingsterrein gebly het, blootgestel aan fotografie.**

Die kinders het ná 'n basiese kursus in fotografie die geleentheid gekry om met weggooibare kameras hul lewens te dokumenteer. Die geesdrif en betroubaarheid van die kinders en die resultaat van hulle foto's het almal se asems weggeslaan.

"Ek het ongeveer 30 van die beste foto's deur die studente uitgedruk – die eerste twee persone aan wie ek dit gewys het, het albei gedink dit is foto's wat ek geneem het," het Hans destyds gesê.

Die projek is in 2011 suksesvol herhaal, dié keer met kinders van die Kliplokasie, 'n nedersetting buite Oudtshoorn.

Die twee projekte het ook sy lewe verander, vertel Hans.

"Daardie twee projekte en die bevrediging wat ek daaruit gekry het, is wat veroorsaak het dat ek in 2013 weer teruggekeer het sielkunde toe."

Hans was sedert 1 Mei 2013 tot met sy aftrede einde Januarie 2026 die departementshoof van sielkunde by die SANW se Health Centre South Coast. Hy is steeds werksaam as kliniese sielkundige op Oudtshoorn. Sy kamera is ook altyd byderhand.

En feestyd verskuif die fokus, maar ook nie heeltemal nie, want wat op die verhoog gebeur, is deel van sy vermoë om 'n fyn waarnemer te wees, dinge raak te sien: En dan uiteindelik daardie oomblik vas te vang wat die mens ten diepste raak.

Checkers

(absarewards)

Enjoy up to

(30%)

real cash back*

at Checkers when you pay with your Absa card.


Your story matters

absa

*Depending on your Rewards Tier identifier

Terms and conditions apply

Authorised Financial Services Provider Registered Credit Provider Reg No NCRCP7


7-13 April 1995
Klein Karoo Nasionale Kunstefees
Feesgids
DISDEKSELSOPWINDEND
kknk 2002
kknk
KKNK10
Feesgids
ABSA KKNK FEESGIDS
Afrikaans
ABSA KKNK FEESGIDS
21 - 29 Maart 2008
15
FEESGIDS
ABSA KKNK
Feesgids
R20
Feesgids
Feesgids
FEESGIDS
20
F
IS VIR
FEESGIDS
HOE SPEL JÝ FEES?
Absa KKNK // 3 - 11 APRIL 2015 // GIDS: R20
KKNK
FEESGIDS 2016
KKNK 2017 OUDTSHOORN 8 - 15 APRIL
FEESGIDS
FEESGIDS
KKNK 2018 | Oudtshoorn | 29 Maart - 4 April
FEESGIDS
KKNK
FEESGIDS
2020
23-29 MAART
OUDTSHOORN
29 MAART TOT 03 APRIL
FEESGIDS
2022
KKNK
KKNK
Feesgids
FEESGIDS
KKNK
KKNK
AL
DIE
IETSE
FEESGIDS 2025